

A. VERSET EN VERVOLGING

DIE WORDING VAN DIE AFRIKANERVOLK TOT 1939

N VOLK word gebore, nie gemaak nie. Selfstandigheid en vryheidsliefde is in 'n volk ingebore; dit kan nie kunsmatig daargestel en ontwikkel word nie. Vir daardie selfstandigheid, vryheidsliefde en -strewe is 'n volk bereid om die hoogste offer te bring en die lewe op die altaar te lê vir die verkryging, verdediging en handhawing van die volksvryheid en van dit wat aan die volk eie is. Dit is kenmerkend van alle volkere, ook van die Afrikaanse volk, wat gedurende die afgelope driehonderd jaar hier aan die suidpunt van Afrika geplant is en ontwikkel het.

Toe Jan van Riebeeck en sy geselskap op 6 April 1652 in Tafelbaai geland het om as amptenare bepaalde opdragte van hulle here en meesters uit te voer, was daar beslis nie een persoon onder hulle wat die land, so ver as wat hulle kon sien, as 'n nuwe vaderland van hulleself en hul toekomstige geslagte beskou het nie. Nog minder was dit die gedagte van diegene wat hulle gestuur het, dat uit die sending 'n nuwe land en 'n nuwe volk sou ontwikkel. Die doel was nie kolonisasie nie, geen permanente nedersetting nie maar slegs die stigting van 'n verversingspos, wat uit die aard van die saak geen permanentheid kon besit nie. Mens kan verstaan dat die nuwe aankomelinge gewens het om spoedig van die onbeskaafde plek verlos te word. Jan van Riebeeck het hierdie wens, enkele maande na sy aankoms aan die Kaap, baie duidelik in 'n brief aan Here XVII vertolk.

Plaaslike en buitelandse omstandighede is egter so beskik dat van die doelstellinge en planne van mense niks tereg gekom het nie. Slegs vyf jaar na hulle aankoms aan die Kaap moes die bewindhebbers teen wil en dank toestem om aan sommige persone verlof te verleen om die amptenaarskap af te lê, vryburgers te word en grond aan hulle toe te ken, waar hulle in private hoedanigheid vir eie rekening kon werk. Vanaf 1657, toe vergunning aan amptenare verleen is om private boerderye, beroepe en ambagte uit te oefen, het steeds meer en meer amptenare daarom aansoek gedoen, sodat spoedig 'n nuwe belangegroep in die Kaapse bevolking te voorskyn getree het, nl. 'n permanente vryburgerklas, in teenstelling met die tydelike amptenareklas. Die behoeftes van die nedersetting en die aanwas van die bevolking deur die koms van Nederlandse, Duitse en

Franse immigrante sowel as deur geboorte het uitbreiding van grondgebied meegebring, en toe daar teen die einde van die 17de en die begin van die 18de eeu byna geen mark vir landbouprodukte was nie en die boere hulle meer en meer op veeboerdery toegelê het, was die uitbreiding van grondgebied in die 18de eeu veel sneller en het die binneland van die Kaap 'n permanente gevestigde bevolking gekry.

Vanweë 'n totale gebrek aan verkeersweë en -middele, — waar dit nog bestaan het, was dit uiters ondoeltreffend — het hierdie binnelandse koloniste 'n betreklik afgesonderde lewe gevoer. Met die Kaapse beskawing het hulle hoogstens een keer per jaar in aanraking gekom wanneer hulle 'n reis na die Kaap onderneem het om hulle produkte van die hand te sit, die nodige lewensmiddele te koop, kinders te laat doop en dergelike meer. Plase was groot en bure kon nie veel bymekaar kom nie. Elkeen het sy hande vol gehad om sy boerdery te behartig, sy vee te beskerm teen wilde diere en lewe en eiendom te beskerm teen sluwe en roofsgtige inboorlinge, omdat van beskerming deur die regering geen sprake was nie. 'n Georganiseerde samelewing het nie bestaan nie, behalwe wanneer een of ander kommando gevorm is om teen die barbare te velde te trek. In hulle afgesonderdheid het elkeen van hierdie pioniers egter 'n bepaalde lewenshouding ontwikkel, wat vanweë die enersheid van hulle belange, die omstandighede waaronder hulle moes lewe en 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis, met dié van sy buurman ooreengestem het. Daar was wel kleiner verskille, maar in hoof trekke was hulle lewenshouding en lewensbeskouing dieselfde — 'n lewenshouding wat radikaal van dié van die Kaapse amptenaredom verskil het; 'n lewenshouding wat op Suid-Afrikaanse bodem onder invloed van Suid-Afrikaanse toestande ontwikkel en gegroei het. Sodoende het daar onder hierdie mense 'n saamhorigheidsgevoel ontstaan. In die Kaap en tussen die Kaapse amptenare het hulle ontuis gevoel. Hulle taal het geleidelik 'n verandering begin ondergaan in die rigting van wat later Afrikaans — ons moedertaal — sou word; hulle is aanmekaar gebind, nie alleen deur gemeenskaplike gevare en belange nie maar ook deur bande van bloed en godsdiens. Langsamerhand het in hierdie mense 'n volksgees ontwaak, hoewel hulle waarskynlik daarvan onbewus was. Dit verklaar dan ook meteen aan ons waarom die Hollands-Afrikaanse koloniste die outokratiese regering van die Kompanjie so lank geduld het. Gedurende die eerste driekwart van die 18de eeu het hierdie pioniers 'n stil en rustige lewe op hulle plase gevoer sonder om hulle veel aan politiek of staatkunde te steur. So 'n tydperk was seer sekerlik nodig sodat die volks- en vryheidsaad in hulle onderbewussyn kon ontkiem.

Teen 1779 was die tyd ryp en het die eerste tekens van die bestaan van 'n nuwe volk vorendag getree. 'n Klagstaat en versoekskrif is opgestel, en onder invloed van duidelike vryheids-idees wat vanuit die buiteland hul weg na Suid-Afrika gevind

het en wat die Hollands-Afrikaanse kolonis van sy eie volks- en vryheidsgedagte bewus gemaak het, word vir die eerste keer in die geskiedenis van die Kaapkolonie medeseggenskap, hoewel gering, van die regering van die land geëis. Die Afrikaanse pioniers het gevoel dat hulle nie meer op 'n losse voet in die land staan nie. Hulle het gevoel dat hulle alreeds medeburgers geword het van 'n land waarvoor hulle veel opgeoffer het en bereid was om nog baie meer op te offer. Hulle het gevoel dat hulle nie meer hot en haar gebied kon word deur 'n regering vanuit die buiteland nie en dat hulle ten minste 'n sekere mate van seggenskap moes verkry in die regering van die land wat hulle as hulle vaderland aangeneem het, veral medeseggenskap in die beregting van hulle medeburgers, mense van hulle eie vlees en bloed. Toegewings, wat nie bevredig het nie, is deur die Kompanjie, wat self met talryke moeilikhede te kampe gehad het, gedoen. Die uiterste heethoofde, die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam, in wie se binneste die volkselfstandigheids- en vryheidsgevoel die verste ontwikkel was, het selfs die stoutste skoene aangetrek om hulle van die Kaapse outokratiese regering af te skei en 'n in sekere mate demokratiese regering in die lewe te roep. Hierdie mense het egter nie, soos dikwels in die geskiedenis beweer word, onafhanklike republieke in die lewe geroep nie. Van republieke was daar geen sprake nie, want hulle het die State-Generaal van die Verenigde Nederlande as hulle wettige soewerein erken. Hoewel hierdie beweging op niks uitgeloop het nie en die „opstandelinge,” veral nadat Engeland die Kaap in 1795 die eerste keer beset het, verplig was om hulle aan die Kaapse regering te onderwerp, was dit tog van die allergrootste betekenis, want daarin is die eerste onmiskenbare tekens bespeur van die wording van 'n nuwe volk, van 'n strewe na selfstandigheid en vryheid, hoewel nog baie elementêr. Die daad van „opstandigheid” is tot niet gemaak, maar die motiewe en die gees wat daardie daad tot stand laat kom het, kon nie geblus word nie. Tydelik is dit onderdruk, maar in die binneste van die volk was daardie ongevormde idees besig om te ontwikkel, gestalte aan te neem, om op die daarvoor bestemde tyd vrugte voort te bring.

Dit was asof die tyd bestem was om 'n vrugbare bodem te vind vir die groei en rypwording van die politieke en vryheids-ideale. In 1795 het die Engelse die Kaap in besit geneem. Die nuwe idees wat onder die Kaapse koloniste posgevat het en wat alreeds gebots het met die outokratiese beleid in politieke en ekonomiese opsig van 'n Nederlandse regeringsliggaam, sou nog sterker in botsing kom met die ewe outokratiese bestuur van 'n vreemde moondheid — Engeland. Haas op alle terreine van die lewe, en veral met betrekking tot die houding van die Hollands-Afrikaners en dié van die Engelse gesagsvoerders teenoor die natuurlike probleem, waarmee die Kaapkolonie sedert 1779 te doen gekry het, was daar verskil. Aan die Hollands-Afrikaners, wat ons verder met vrymoedigheid Afrikaners kan noem, is mindere

toegewinge gedoen, maar alles wat op uitinge van 'n Afrikaanse volkslewe en selfstandigheid gedui het, is deur die Engelse outoriteite met alle mag tot hulle beskikking onderdruk. Die vraag kom by 'n mens op of hierdie onderdrukkingsbeleid van die Engelse en die houding wat hulle teen die Afrikaner-koloniste ingeneem het, toegeskrywe moet word aan 'n drang by die Britse gesagsvoerders om te toon wie die baas van die land was — of moet die rede vir hierdie beleid miskien daarin gesoek word dat die Engelse besef het dat hulle hier nie met 'n klomp willose koloniste te doen gehad het nie, maar wel met mense wat die Afrikaanse bodem alreeds as hulle vaderland aangeneem het en wat gestreef het na die verkryging van dit wat hulle as hul volkseie aangevoel het?

Daarom is dit geen wonder dat die koloniste elke daad van die Britse regering met agterdog bejeën het nie. Dit is geen wonder dat hulle die Britse outoriteite as hulle aartsvyand beskou het en dat groepe persone dadelik na die wapens gegryp het as daar teen een van hulle landgenote opgetree is nie. Toe Adriaan van Jaarsveld in 1799 op 'n aanklag van bedrog gearresteer is, is sy voorspelling dat hy vrees dat dit die mense opstandig sou maak, spoedig bewaarheid geword, want byna het dit tot openlike oorlog aanleiding gegee. Met Somerset se koms het hy spoedig bewus geword van 'n steeds groeiende antipatie van die kant van die koloniste teen die Britse bewind. Sy beleid van verengelsing het nie bygedra om hierdie antipatie te verminder nie. Die hele episode waarin Frederick Bezuidenhout gedood is deur die koeël van 'n Hottentotsoldaat in diens van die Engelse, het 'n treurige nasleep gehad in die openlike opstand van 'n aantal burgers en geëindig in die ongelukkige Slagtersnek-teregstelling in 1815. Iemand wat die saak vandag objektief wil beskou, kan nie anders as om tot die slotsom te geraak dat die Slagtersnek-episode 'n baie ongelukkige gebeurtenis in ons geskiedenis was nie. Dit is hier nie die geleentheid en plek om in besonderhede te tree nie, maar wat baie duidelik is, is dat hier twee **houdinge** of **gesindhede** met mekaar in botsing gekom het, en dit is vir ons van belang. Aan die een kant was daar die opstandige koloniste wat in die optrede van Somerset niks anders as onderdrukking van hulle regte gesien het nie. Gemoedere het so hoog opgevlam dat somtyds tot dade oorgegaan is, wat onder normale omstandighede beslis vermy sou gewees het. Dit was die jong, nog half sluimerende volksgevoel wat tot ontwaking gekom het — met noodlottige gevolge vir sommige persone wat dit prakties uitgeleef het. Aan die anderkant was daar die te strenge en oorhaastige optrede van Somerset, die man wat van die sluimerende volksgevoel bewus was en wat elke uiting daarvan, hoe gering ookal, so drasties as wat hy maar kon, wou onderdruk en geen genade geken het nie. Onder ander omstandighede sou hy beslis nie so drasties as by Slagtersnek opgetree het nie.

As hy gemeen het om die sluimerende volksgevoel van die Afrikaner-kolonis dood te smoor, het hy hom egter misreken, want hoewel Frederick Bezuidenhout nie 'n man van onbesproke karakter was nie, en hoewel ons vandag, objektief beskou die hele episode nie sonder weemoed kan aansien nie, het dit alles geweldig veel bygedra tot 'n spoedige ontwakings van daardie sluimerende volksgevoel en drang na selfstandigheid en vryheid, so selfs dat sommige van die Voortrekkers later onomwonde die Slagtersnek-voorval as 'n definitiewe oorsaak van die Groot Trek aangedui het.

Vanaf 1815 word daar by die Afrikaner-kolonis geen teken van opstandigheid opgemerk nie. Oënskynlik het hulle stil en rustig soos dit goeie en lojale burgers betaam, op hulle plase gewoon, terwyl hulle Engelse medeburgers vanaf 1820 sterk geagiteer het vir medesegegenskap in die regering van die land. Die taalmaatreëls van Somerset in die twintiger jare van die vorige eeu, die beswadding van die koloniste deur sendelinge en filantropes, die beleid van gelykstelling tussen wit en swart — dit alles het skynbaar nie veel indruk op die koloniste gemaak nie. Nou en dan is daar op vergaderinge daaroor gepraat; nou en dan is daar geprotesteer, maar tot 'n drastiese protes en opstandigheid het dit nooit gekom nie. Onwillekeurig sou mens tot die slotsom kon kom dat Somerset in 1815 terdeë daarin geslaag het om die Afrikaner-volksgevoel 'n nekslag toe te dien. Wat het van daardie drang na selfstandigheid en vryheid geword?

Die antwoord op hierdie vraag het in 1836 gekom. Die volksgevoel is nie deur Somerset vernietig nie. Die drang na selfstandigheid en vryheid het in hierdie skynbaar rustige en tevrede tydperk tot volwassenheid gegroei; dit was 'n tydperk van voorbereiding. In 1836 het Piet Retief die onbewuste gevoel en drang van die massa vertolk toe hy duidelik en onomwonde in sy beroemde manifest verklaar het dat die Afrikaner-koloniste die Kolonie gaan verlaat onder die volledige versekering dat die Engelse regering niks meer van hulle te vorder het nie en dat die Engelse regering, sonder om hulle met die Trekkers te bemoei, hulle sal toelaat om hulle **in die toekoms self te bestuur**. In hierdie daad lê die gedagte van die reg van verset opgesluit. Piet Retief verklaar ook nog dat die Trekkers vasbeslote is om waar hulle ook mag gaan, die beginsel van **ware vryheid** hoog te hou. Daar is ten onregte deur sommige persone beweer dat die Trekkers die land verlaat het om aan die wette in die Kaapkolonie te ontkom omdat hulle hul nie aan wette wou onderwerp nie. Piet Retief bewys egter in sy Manifest die teendeel as hy die voorneme van die Trekkers te kenne gee dat hulle vasbeslote is om **behoorlike wette** daar te stel met die doel om misdade te onderdruk en 'n goeie verhouding tussen heer en diensbode te bewaar. Die hele verdere geskiedenis van die Afrikanervolk bewys dat hierdie voorneme

van die Trekkers wel deeglik ten uitvoer gebring is. Die motiewe vir die Groot Trek is in die verlede in allerlei omstandighede gesoek: in die kafferkwessie, die hottentot-sending-kwessie, die slawekwessie; in ekonomiese omstandighede ens. Dit is waar dat al hierdie omstandighede tot die ontevredenheid onder die koloniste bygedra het, maar dit is baie duidelik dat die hoofmotief die drang was na selfstandigheid en vryheid — vryheid binne die perke van die drang van 'n volk om 'n volk te wees met 'n eie vaderland, 'n eie regering en 'n eie kultuur. Die Groot Trek was inderdaad 'n nasionale beweging en 'n volksbeweging. Dit was 'n uiters belangrike stap in die selfstandigwording van die Afrikanervolk. Só was dit beskik; daarom kon dit nie deur wilde diere en barbare, swaarkry en lyde, doodsangs en Engelse gekeer word nie. Die uiteindelijke doel van die Trek was die stigting van 'n eie republiek, 'n doel wat binne drie jaar ná die aanvang van die Trek byna verwesenlik is toe die Republiek Natalia in 1839 tot stand gekom het. Drie jaar! — 'n kort tydperk; maar wat het nie alles in daardie drie jaar gebeur nie? Dink maar aan die slae van Vegkop en Bloedrivier; dink aan die moord op Piet Retief en die massamoorde by Blaauwkrans, Weenen en Moordspruit; dink aan die baie manne, vroue en kinders wat die lewe op die trekpad gelaat het en in onbekende grafte langs die verskillende trekweë begrawe lê. 'n Ware lydensgeskiedenis. Dit was genoeg om enige mens se moed te breek, maar die Trekkers het 'n historiese roeping gehad om te vervul; hulle het in die roeping geglo; hulle het in die geloof volhard; hulle het oorwin.

Die doel van die Trek was egter nog nie verwesenlik nie. Toe alles min of meer tot bedaring gekom en die Trekkers hulle min of meer gevestig het, het Engeland weer op die toneel verskyn, en ten spyte van die aanhoudende pleidooie van die Natalse regering om alleen gelaat te word en 'n vriendskapsverbond met Engeland aan te gaan, het die Britse outoriteite onder allerlei voorwendsels die republiek in 1843 as Britse gebied geannekseer. Die ware rede vir die anneksasie was dat die Britse „paramount power” in Suid-Afrika nie die bestaan van 'n vrye en onafhanklike Boerestaat in Suidelike Afrika wou erken nie. 'n Groot gedeelte van die Trekkers het weereens die waens opgepak, aangevuur deur die Afrikaner-moeders, wat by monde van die eggenote van Erasmus Smit onomwonde aan die Engelse gesant, Henry Cloete, as volg verklaar het: „Voordat ons ons aan die Engelse oorheersing onderwerp, sal ons liever kaalvoet oor die Drakensberge terugloop.” Wat 'n heldemoed, geloof in en opofferende liefde vir die saak van vryheid en selfstandigheid straal nie uit hierdie woorde nie! Het hulle dan nie al genoeg gely nie? Nee, daar was nog 'n bepaalde roeping waaraan hulle moes voldoen.

'n Groot gedeelte van die Natalse Afrikaners het onmiddellik die daad by die woord gevoeg (ander sou later volg) en

hulle by hul volksgenote, wat die Trek na Natal nie meegemaak het nie, in Transoranje en Transvaal gaan voeg. In hierdie twee gebiede het die Trekkers nog geen gevestigde regeringsvorm gehad nie maar is sake hoofsaaklik nog op die basis van die Trek-organisasie gereël. Tog is behoorlik sorg gedra vir duidelike en doeltreffende wetgewing waardeur die orde gehandhaaf is.

Transoranje het in 1848 die Britse anneksasiedrang ten prooi geval, toe sir Harry Smith die gebied onverwags geannekseer het ten spyte van sy belofte aan Andries Pretorius dat hy nie tot so 'n stap sou oorgaan tensy die meerderheid van die inwoners van die gebied dit begeer nie. Op die oomblik het dit geskyn asof die vestiging van 'n onafhanklike Boerestaat in Transoranje ook buite die kwessie was. Pogings om die Engelse die land uit te jaag het nie geslaag nie, en die slag van Boomplaas was 'n mislukking. Sommige van die Trekkers het daarna na Transvaal verhuis, waar 'n ongelukkige stryd onder die vernaamste leiers, Andries Pretorius en Hendrik Potgieter, met hulle volgelinge, oor staatkundige kwessies aan die gang was.

In 1852 het Engeland, na 'n reeks onderhandelinge van die kant van Andries Pretorius, die onafhanklikheid van Transvaal erken met die Sandrivier-konvensie. Deur die Konvensie is 'n reeds bestaande feit erken, want Engeland het nog nooit enige seggenskap oor Transvaal gehad nie. Die eerste groot resultaat van die Trek was bereik. Die Trekkers in Transvaal het niks meer van Engeland te vrese gehad nie; Engeland het hulle onafhanklikheid erken; Engeland het beloop om hom nie in Transvaalse aangeleenthede in te meng nie; vir die eerste maal in die geskiedenis was die Afrikaners vry — werklik vry om hulle eie selfstandige staatsinrigting daar te stel en om as 'n vrye en onafhanklike volk te ontwikkel. In 1854 het die Engelse ook aan die Vrystaatse Afrikaners hulle onafhanklikheid teruggegee, hoewel dit vir die Vrystaat vanweë die Basuto-moeilikhede wat deur die Engelse bewind geskep is, geen ongemengde seën ingehou het nie.

Terwyl in Transvaal heelwat toutrekkery aan die gang was in verband met die inrigting van 'n regering, is die Vrystaatse konstitusie in 1854 ontwerp en in die werk gestel, gevolg deur die Transvaalse grondwet in 1858. Die kenmerk van hierdie grondwette was die beklemtoning van die vryheidsgedagte en die eg-Afrikaanse kleur daarvan. Hoewel buitelandse republikeinse grondwette geraadpleeg is, was die Afrikaanse grondwette geen slaafse navolging daarvan nie maar was dit ook die produk van eie staatkundige opvattinge, gegrond op 'n Christelike belydenis, en van eie ervaring; 'n grondwet wat op Afrikaanse bodem tot stand gekom het, wat aangepas het by Afrikaanse omstandighede en wat 'n Afrikaanse gees geadem het. Die inrigting van hierdie grondwette en die toepassing

daarvan, veral gedurende die eerste jare na hulle totstand-koming, was des te meer merkwaardig omdat dit die resultaat was van die arbeid van mense wat in werklikheid nog nooit die geleentheid gehad het om enige ervaring van selfregering te kon opdoen nie. As die omstandighede waaronder die mense geleef en die primitiewe middele wat hulle tot hulle beskikking gehad het, in aanmerking geneem word, vergelyk hierdie grondwette baie gunstig met die van ander state in die buiteland.

Engeland het hom nie baie lank aan die beloftes in die Sandrivier- en Bloemfontein-konvensie vervat, gehou nie. Ten spyte van sy nie-uitbreidingsbeleid het hy in 1868 Basutoland geannekseer, want vir Engeland het die gevaar bestaan dat die Oranje-Vrystaat na Port St. Johns kon deурdring en so-doende 'n uitweg na die see kon kry. Die republiek kon nog nie toegelaat word om 'n selfstandige bestaan te voer nie. Nadat diamante ontdek is, is die Vrystaat en Transvaal in 1871 van ryk gebiede beroof deur die Britse anneksasie van Griekwalandwes. Ook hierdie rykdom wat vir die republieke geopen is, is hulle nie gegun nie. Toe lord Carnarvon, Britse minister van kolonies, nie daarin kon slaag om Transvaal en die Vrystaat in 'n Britse federasie te betrek nie, is aan Shepstone opdrag gegee om Transvaal te annekseer, 'n daad wat hy, onder valse voorwendsels, te geredelik uitgevoer het. Die anneksasiedaad het gevolg op 'n hele reeks planne en pogings om Transvaal, wat besig was om deur middel van Delagoabaai 'n uitweg na die see te probeer kry, van die see af weg te hou. Dit was inderdaad 'n beleid van isolasie.

Transvaal kon die verlies van sy onafhanklikheid nie toelaat nie. Nadat eers die ordelike weg gevolg is deur aanhoudend met die Britse outoriteite te onderhandel in verband met die teruggawe van hulle onafhanklikheid, en selfs twee deputasies na Engeland gestuur is, het alles tevergeefs geblyk. Daarna is by Paardekraal in 1880 besluit om die wapens op te neem en het die Vryheidsoorlog gevolg. Slae soos die van Laingsnek en Amajuba het die Britte laat besef dat hulle met 'n gedetermineerde groep burgers te doen het, en vrede is die Boere aangebied, maar onder voorwaarde dat Brittanje seggenskap sou hê oor die buitelandse beleid van Transvaal terwyl laasgenoemde staat in sy binnelandse beleid heeltemal onafhanklik kon optree. Vanselfsprekend was die burgers nie geneê om onder hierdie voorwaardes vrede te sluit nie. Vise-President Paul Kruger het egter ingesien dat dit onder die omstandighede die beste sou wees om vrede te sluit voordat Engeland versterkings kon aanbring. Indien die oorlog dus moes voortgaan, sou die Boere miskien baie swaar gekry het en hulle onafhanklikheid vir goed verloor het. Onder Kruger se invloed het die Boere tot die voorwaardes toegestem. Die voorwaardes, waarin die soewereiniteit van Engeland oor Transvaal bevestig is, is vervat in die Pretoria-konvensie (1881). Aanvanklik wou

die Volksraad, wat byeengeroep is, die ooreenkoms nie bekragtig nie, maar nadat Paul Kruger die saak aan hulle verduidelik het, het hulle dit aanvaar maar onder die uitdruklike verstandhouding dat hulle die ooreenkoms slegs as voorlopig beskou. In 1884 bevind president Kruger hom aan die hoof van 'n afvaardiging in Londen om die Britse regering oor 'n wysiging van die Pretoria-konvensie te spreek met die doel om van die soewereiniteit van die Britse koningin ontslae te raak. Die samesprekings het geslaag, en in dieselfde jaar is die Londen-konvensie onderteken, waardeur die hele kwessie van die soesereiniteit uit die weg geruim is. President Kruger en sy gevolg kon na 'n vrye staat terugkeer.

Twee jaar daarna is goud op die Witwatersrand ontdek. Die skatte van die aarde is vir die Boere, wie se ekonomiese posisie maar taamlik swak was, geopen, maar daarmee het ook 'n bron van baie moeilikhede vir die republiek na vore getree. Die beleid van Rhodes en die uitlander-probleem het vir die Kruger-regering baie sorg en kommer gebaar, maar president Kruger was 'n man wat in die bestaan en voortbestaan van sy land en volk geglo het; hy was vasbeslote om die duurgekoopte vryheid en onafhanklikheid te handhaaf „onder Gods leiding,” en telkens verklaar hy in sy toesprake aan die volk dat hy die vloek en oordeel van God op hom sou haal as die vryheid van land en volk deur sy toedoen verlore sou moes gaan. Met vasberadenheid en met 'n vaste hand het hy — die man wat so uitdruklik verklaar het dat hy ook op staatkundige terrein die ewige beginsels van Gods Woord bely — die staatskip deur onstuimige waters gestuur en die storms van die tyd getrotseer. Hy het reguit gepraat en gehandel en geen doekies omgedraai nie. Hy het die planne van Rhodes en die syne deurskou, en hy het geweet wat hy self wou hê. Die mislukte Jameson-inval in 1896 het al sy vermoedens bevestig en was vir hom 'n aanduiding van wat miskien nog te wagte kon wees. Toestande het donker geword; Engelse magte het op die grens saamgetrek; samesprekings met en mooipraatjies van die Engelse outoriteite het niks gebaat nie; Kruger het hulle planne deurskou: hulle wou sy land gehad het. Op hom het die dure plig gerus om die vryheid en onafhanklikheid van sy volk en land te verdedig. Hy het geen ander keuse gehad nie as om Engeland die oorlog aan te sê. Weereens sou daar offers vir vryheid en onafhanklikheid gebring moes word. Weereens sou 'n krisisperiode aanbreek en het groot lyde voorgelê.

Die Vrystaat en baie Kaapse Afrikaners het hulle lot by Transvaal ingewerp. Die Vrystaat het gevoel dat hulle republiek se vryheid ook op die spel was, maar meer nog, hulle het gevoel dat die Transvalers mense van hulle eie vlees en bloed was. Die Kapenaars het ten spyte van die gevaar om as rebelle voor 'n vuurpeleton geplaas te word, hulle broers en susters in Transvaal en die Vrystaat nie in die steek gelaat nie. Daar was groter

dinge op die spel. 'n Volk het in gevaar gestaan om uitgewis te word. Doelbewus het die Kaapse rebelle tot die stryd toegetree om ook hulle deel by te dra om die Afrikanersaak te verdedig. Hulle name staan met onuitwisbare letters in die geskiedenis opgeteken.

'n Heroïese stryd, wat die bewondering van die wêreld afgedwing het, en wat alles van die Engelse krygsvernuf en militêre strategie geëis het, het gevolg. Toe die Britte merk dat hulle die Boeremagte nie ten onder kon bring nie, het lord Kitchener 'n beleid gevolg wat hom nog lank in die geskiedenis voor die wêreld gebrandmerk sal laat staan. Hy het hom nl. teen die onskuldige burgerlike bevolking — die oues van dae wat nie meer aan die stryd kon deelneem nie, en die weerlose vroue en kinders — gewend en hulle in konsentrasiekampe laat opsluit, waar hulle onder die allertreurigste omstandighede moes lewe en 26,000 die lewe gelaat het. Watter ontsettende offers is dit nie wat gebring moes word nie! Kan ons dit vandag besef of begryp? Vir die magtige Engeland het dit drie jaar geduur om die handjiewol Boere te onderwerp. Op 31 Mei 1902 is vrede gesluit. Transvaal en die Oranje-Vrystaat het hulle onafhanklikheid verloor.

In die Kaapkolonie het daar reeds sedert die sewentiger jare van die 19de eeu 'n Afrikaanse kultuurontwaking gekom, wat vergestaltung gevind het in die Eerste Afrikaanse Beweging met sy letterkundige voortbrengsels. Hierdie kultuurontwaking het ook sy weerklank gevind in die Vrystaat en in mindere mate in Transvaal, omdat laasgenoemde staat na die anneksasie van 1877 en na die ontdekking van goud met baie ander probleme te kampe gehad het. Tog was hierdie Afrikaanse beweging in die Kaapkolonie 'n baie groot inspirasie vir die Transvaalse Afrikaners in hulle stryd teen die probleme en moeilikhede wat die onafhanklikheid van hulle staat en hulle vrye volksbestaan bedreig het.

Na die oorlog was toestande in die twee gewese republieke ontsettend treurig. Plase was afgebrand en verwoes; manne wat vanaf die slagvelde of verbanningsoorde teruggekeer het, moes vind dat van hulle dierbares die lewe gelaat het in die konsentrasiekampe; vroue en kinders wat die konsentrasiekampe oorleef het en wie se mans op kommando of in ballingskap die lewe gelaat het, moes met niks van vooraf begin. Die Afrikaner-volk was verarm, en boonop was hulle vryheid daarmee heen. Maar uit die asse het 'n nuwe volk verrys. Toe Onze Jan vanuit Kaapland die vertwyfelde vraag of dit vir ons nog erns is, laat hoor het, het Preller in 'n reeks artikels in **De Volkstem** kragtig geantwoord: Laat dit vir ons erns wees. Volksdigters en volkskrywers het in hulle werke die leed en smart van hulle volk besing maar ook as inspirasie gedien vir die herlewing van die volk. Hierdie werke behoort vandag nog tot die mooiste en skoonste in die Afrikaanse literatuur. Ook op politieke gebied

het daar ontwaking gekom. Die Transvaalse Afrikaners het hulle georganiseer in **Het Volk-party**; dié van die Vrystaat in die **Orangia-unie**, terwyl in die Kaapkolonie die **Suid-Afrikaanse Party** die belange van die Afrikaners behartig het. Dit alles was die gevolg van die doelbewuste beleid van verengelsing van lord Milner, wat nog nie daarmee tevrede was dat die republieke hulle vryheid en onafhanklikheid ontnem is nie, maar wat die Afrikaner ook sy identiteit wou ontnem en van hom 'n Engelman wou maak. Sy liberale onderwysbeleid, gebaseer op 'n tipies Engelse „catch them young“-beleid, het tot gevolg gehad die kragtige C.N.O.-strewe en -aksie van die Afrikaners. Die Afrikanervolk het inderdaad getoon dat hy wou lewe.

In 1910 het die Unie tot stand gekom met die leier van die Transvaalse Afrikaners, generaal Louis Botha, as eerste premier. In 1911 het die Afrikanerpartye in die vier provinsies in Bloemfontein byeengekom en is hulle verenig tot een groot party, die **Zuid-Afrikaanse Nasionale Party**. In die kabinet van die Unie het generaal Hertzog hom veral as die kampvegter van die Afrikaners geopenbaar en het hy nie met die versoeningsbeleid van veral generaals Botha en Smuts saamgestem nie. Sy optrede was so in stryd met die amptelike optrede van die regering dat daar naderhand van Hertzogisme gespreek is, en Hertzogisme was vir die Engelse sinoniem met rassehaat. Dit spreek vanself dat generaal Hertzog onder die Afrikaners in aansien gestyg het, terwyl hy by die Engelse uiters ongewild geword het. Dit het duidelik geword dat 'n botsing tussen generaal Hertzog en die ander leiers nie lank sou uitbly nie. Teen die einde van 1912 het die botsing gekom. In 'n toespraak wat hy op De Wildt, naby Rustenburg, in Desember gehou het, het generaal Hertzog verklaar dat hy altyd by 'n eventuele botsing tussen die imperialisme en die belange van Suid-Afrika laasgenoemde sou kies. Verder het hy hom geweldig skerp uitgespreek teen die versoeningsbeleid van generaal Botha. Laasgenoemde het generaal Hertzog gevra om onmiddellik as minister te bedank, en toe Hertzog weier, het Botha self bedank. Hy is weer deur die Goewerneur-generaal versoek om 'n kabinet saam te stel, en hierdie keer is generaal Hertzog weggelaat. Hierdie gebeurtenisse het vanselfsprekend 'n skeuring in die **Suid-Afrikaanse Party** gebring en direk gelei tot die stigting van die **Nasionale Party** onder leiding van generaal Hertzog. Die skeuring het in November 1913 gekom tydens die kongres van die **Suid-Afrikaanse Party** in Kaapstad. Van toe af was daar duidelik twee rigtings in die Suid-Afrikaanse politiek merkbaar, nl. 'n nasionale rigting en 'n Brits-imperialistiese rigting.

Generaal Hertzog se volgelingen was min in getal, maar dit het invloedryke manne ingesluit. Die skeuring is nog verder vergroot deur 'n besluit van die kabinet in 1914, onder leiding van Botha en Smuts, om Duits-Suidwes-Afrika aan te val. Gebeurtenisse het vinnig ontwikkel; generaal Beyers het as

kommandant-generaal van die verdedigingsmag bedank omdat hy nie ten gunste van so 'n aanval was nie; generaal De La Rey is deur 'n polisiekonstabel doodgeskiet terwyl hy na Potchefstroom op pad was, in die waan dat die motor waarin De la Rey gereis het, in verband met die organisasie van die berugte Foster-bende gestaan het. Die Afrikaners was ontevrede, en gemoedere het hoog geloop. Toevlug is geneem tot 'n gewapende verset teen die regering; die Rebelle het gevolg onder leiding van generaals Beyers, De Wet, Kemp en andere. Eersgenoemde het die lewe in die Vaalrivier gelaat; laasgenoemde twee is saam met ander leiers gevange geneem, voor 'n spesiale hof gedaag en gestraf. Die Rebelle was 'n mislukking, maar die invloed wat dit op die Afrikaners gehad het, het nie verlore gegaan nie. Steeds meer en meer Afrikaners het hulle gewig by generaal Hertzog en die **Nasionale Party** ingegooi. Die republikeinse ideaal het langamerhand by hierdie party ontstaan en ontwikkel. Voortaan sou die **Nasionale Party** die party wees wat hom uitsluitend vir die belange van die Afrikaner sou beywer.

Die eerste openlike poging tot uitvoering van die republikeinse ideaal is alreeds in 1918 gedoen, toe die **Nasionale Party** na die beëindiging van die oorlog die sogenaamde Vryheidsdeputasie onder leiding van generaal Hertzog oorsees gestuur het om samesprekings met die Amerikaanse president en die Britse eerste minister te voer en om die herstel van die Boererepublieke voor die Vredeskonferensie te bepleit. Ongelukkig kon die deputasie nie daarin slaag om hulle saak aan die president en die Vredeskonferensie te stel nie. Die samespreking met die Britse eerste minister, Lloyd George, het niks definitiefs opgelewer nie, aangesien laasgenoemde uitdruklik verklaar het dat die Britse regering nie bereid is om alles wat in Suid-Afrika tot stand gebring is, weer ongedaan te maak nie. Een aspek van sy antwoord was egter van belang, en dit het die vryheidsdeputasie en die Afrikaners met nuwe hoop en moed vervul. Lloyd George het naamlik verklaar dat die lotgevalle van Suid-Afrika in die hande van die Suid-Afrikaanse volk berus. Daarom het die **Nasionale Party**, na die terugkeer van die deputasie, hulle program van beginsels so gewysig dat dit 'n duidelike verklaring van hulle onafhanklikheid- en vryheidstrewe bevat het.

Die **Nasionale Party** het as draers van die onafhanklikheids-gedagte en as strewer na die herstel van die republikeinse tradisie in Suid-Afrika so in krag toegeneem dat die party reeds in 1924 in staat was om die regeringsmag te bekom. Ten spyte van voorspellings dat die **Nasionale Party** nie ses maande sou stand hou nie, het die regering sulke goeie en bekwame dienste gelewer dat dit nie alleen vir die volle vyf jaar aan bewind kon bly nie maar ook tydens die verkiesing van 1929 sy posisie kon versterk deur die verkryging van 'n nog groter meerderheid. Gedurende hierdie jare is die stryd om selfstandig-

wording met krag aangepak en is die belange van die Afrikaner en van Suid-Afrika sterk op die voorgrond gestel. Ons herinner net maar aan die aanmoediging van eie nywerhede, die verbetering in die finansiële posisie van die land, die beleid van blanke arbeid op die spoorweë, verbetering van arbeidswette en die instelling van pensioene vir oues van dae, die vordering op die gebied van handhawing van gelyke taal- en ander regte soos deur die grondwet bepaal, die verheffing van Afrikaans tot amptelike taal in 1925, die aandeel van generaal Hertzog en sy optrede in die Rykskonferensie te Londen in 1926, toe hoofsaaklik op sy inisiatief verklaar is dat „Groot-Brittanje en die Dominiums outonome gemeenskappe binne die Britse ryk is, gelyk in status, op generlei wyse die een aan die ander ondergeskik in enige opsig van hulle binnelandse of buitelandse sake nie, hoewel hulle verenig is deur 'n gemeenskaplike trou aan die Kroon en vryelik geassosieer is as lede van die Britse Gemenebes van Nasies.” Hoewel nog ver van die republikeinse ideaal af was dit 'n geweldige groot stap vir die Afrikaner in die rigting van 'n eie soewereiniteit.

Tydens die Hertzog-regering is veel gedoen om Suid-Afrika ook sy plek in die internasionale wêreld te laat inneem deur die stigting van 'n Departement van Buitelandse Sake (1927), die aanstelling van Unie-gesante in die buiteland (sedert 1929); verder is ook op versoek van die Suid-Afrikaanse regering die Goewerneur-generaalskap in Suid-Afrika geskei van dié van die Britse Hoë Kommissaris en is die konstitusionele posisie van Suid-Afrika in 1931 deur die Statuut van Westminster vasgelê. Les bes het Suid-Afrika ook in 1928, na heftige stryd, sy eie vlag gekry.

In 1933 het generaal Hertzog onder die druk van allerlei omstandighede met generaal Smuts en sy party onderhandel en is oorgegaan tot die stigting van 'n koalisieregering. 'n Deel van die **Nasionale Party** kon hulle nie daarmee vereenselwig nie, en het, onder leiding van dr. D. F. Malan, in die voetspore van die **Nasionale Party** voortgegaan. Daar het 'n skeuring in Afrikanergeleedere gekom. Hoewel die koalisieregering baie goeie werk verrig het, het baie Afrikaners gevoel dat hulle so 'n regering nooit kon steun nie. Die Afrikanergees het egter ewe lewenskragtig voortgegaan en is nog verder aangevuur deur die simboliese Ossewatrek, gereël deur die A.T.K.V. van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1938. Kragtige Afrikaanse bewegings het in 1939 tot stand gekom, naamlik die Reddingsdaadbond en die Ossewabrandwag. Onder die jeug was die Voortrekkerbeweging in 1939 al 'n baie sterk organisasie, wat uiters nuttige werk verrig het.

'n Baie belangrike faktor in die ontwikkeling van die Afrikanervolk, 'n faktor wat in 'n baie groot mate verantwoordelik is vir die standvastigheid en vasberadenheid van die volk

onder die moeilikste omstandighede, is die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner. Die Afrikaanse kerke en die godsdiens het 'n rol van onskatbare waarde vervul in die wordingsgeskiedenis van ons volk.

Weereens het 'n krisis vir die Afrikanervolk voor die deur gestaan. In September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog begin. Generaal Hertzog het in die Volksraad voorgestel dat die Unie neutraal moes bly. Die voorstel is egter verwerp, en generaal Smuts se amendement dat die Unie aan die oorlog moes deelneem, is aanvaar. Generaal Hertzog, die eerste minister, het die Goewerneur-generaal versoek om die Volksraad te ontbind en 'n nuwe verkiesing uit te skrywe, en toe die versoek geweier is, het hy bedank. Die Goewerneur-generaal het daarop generaal Smuts versoek om 'n nuwe kabinet saam te stel, waarop generaal Hertzog en 'n groot aantal van sy volgelinge die koalisiëparty — die **Verenigde Party** — verlaat het. Vir die Afrikaners het weereens 'n veelbewoë tyd aangebreek.

J. S. du Plessis.

DIE TWEDE WÊRELDOORLOG TEN OPSIGTE VAN SUID-AFRIKA EN DIE AFRIKANERDOM IN DIE ALGEMEEN

DIE Tweede Wêreldoorlog het, soos die Eerste, begin as 'n oorlog tussen die Duitse Ryk en Groot-Brittanje, en in die eerste instansie het dit gegaan om die vraag of die Duitse Ryk toegelaat sou word om Europa te beheers en daardeur die Verenigde Koninkryk in gevaar te stel.

In die tweede instansie was dit egter ook, meer as die eerste, 'n beginselstryd tussen wat tot nog toe bekend was as die demokrasie, en wat nou bekend geword het onder andere as die nasionaal-sosialisme en in die algemeen as die totalitêre stelsel.

In beide opsigte was die Suid-Afrikaanse owerheid, soos aan die begin van die oorlog saamgestel, tweevoudig of selfs drievoudig verdeeld.

Die eerste verdeling het ontstaan deurdat sommige Groot-Brittanje wou help, in die gedagte dat Duitsland werklik beoog het om Europa en daarna die res van die wêreld en dus ook Suid-Afrika te oorheers, of omdat hulle dit eenvoudig soos in die Eerste Wêreldoorlog eerbaar of raadsaam geag het om by Groot-Brittanje te staan, miskien selfs nog hier en daar met die gedagte dat neutraliteit in so 'n stryd vir 'n Britse dominium wetlik of prakties onmoontlik is; terwyl aan die ander kant andere dit in elk geval nie in belang van Suid-Afrika geag het om Groot-Brittanje by te staan nie, en dit om verskillende redes,



In die gees daarbuite



Tralies

onder andere omdat hulle geglo het dat neutraliteit in Suid-Afrika se belang sou wees en dat dit selfs 'n geleentheid gegee het om Suid-Afrika se internasionale soewereiniteit vir altyd stewig te vestig.

Eersgenoemde was genl. Smuts se standpunt en laasgenoemde dié van genl. Hertzog, in die eerste stadium, toe hy ook nog die geloof uitgespreek het dat Duitsland geen wêreldoorheersing nagestreef het nie. Dit het deurgaans mnr. Havenga se standpunt gebly, maar genl. Hertzog het later 'n ideologiese ontwikkeling vertoon na die kant van die vierde groep hieronder genoem.

Dit is hier nie die plek om na te gaan nie hoe daar in genl. Smuts se groep ook allerlei skakeringe was of hoe sy standpunt geleidelik ontwikkel het van 'n blote verdediging van Suid-Afrika tot 'n meer aktiewe optrede ook buite Suid-Afrika, met meer of minder pressie op die burgery tot die aanvaarding van aktiewe diens, deur blank en gekleurd in verskillende hoedanighede.

Laat dit net gesê wees dat genl. Smuts ook hierin slegs sy konsekwente lewensbeleid deurgevoer het om die toekomsheil van Suid-Afrika te soek in inwendige staatsregtelike eenheid en uitwendige gemeenskap met Afrika deur die skakel van die Britse Ryk en Gemenebes en ook selfs die Volkebond, verbonde met groeiende selfstandigheid in laasgenoemde verbande.

By die groep wat genl. Hertzog gesteun het en wat byna uitsluitlik die Afrikanerdom verteenwoordig het (tot groot teleurstelling van genl. Hertzog), omdat die Engelssprekendes nie kans gesien het om in so 'n krisis minder Brits te wees as die vroeëre Boeregeneraal Smuts nie — by hierdie groep was daar egter belangrike skakeringe wat later verdere verdelinge in die lewe geroep het.

In die eerste instansie was daar 'n groep (laat ons dit noem die derde groep naas dié van genl. Smuts en Hertzog) wat meer as neutraliteit in die oog gehad het en wel die vooruitsig om heeltemal los te kom van die Britse konneksie en die tradisionele Afrikanerstrewe van 'n Republiek deur die krisis te verwesenlik. Nolens volens het die opposisieleier, dr. Malan, met verloop van tyd die leierskap van hierdie hele volksgroep aanvaar, en hierom kon sy gepoogde hereniging met genl. Hertzog na laasgenoemde se breuk met genl. Smuts nie slaag nie, aangesien genl. Hertzog destyds „voorasnog” nie die Republiek as prakties-politieke ideaal wou stel nie, soos ook baie duidelik geblyk het met die groot volksvergadering by Monumentkoppie te Pretoria in 1939.

Tot sover egter was daar in hierdie politieke verset teen die oorlogsbeleid geen element van rebellie asook geen sterk anti-Britse gevoel nie, behalwe in sover as alle Britse teëwerking of benadeling van die Afrikanerdom se selfstandige nasionale strewe noodwendig verset teen die Britse verband wakker geroep het, 'n verset wat in tye van opwinding sterk gevoed is deur die

historiese herinnering aan vroeëre Britse gewelddade teen die Boerenasie in sy „eeu van onreg.” Maar die owerheid se onderdrukkingsmaatreëls teen alle oorlogsonwilliges gepaard met die baldadigheid van die hoofsaaklik Engelssprekende oorlogsvoorstanders het natuurlik die anti-Britse gevoelens en die versetgevoel geleidelik aangewakker, terwyl die ook indirek gevoed is deur die opkomende volksbeweging, waaroor later.

Oor die geheel was daar ook aanvanklik geen sterk pro-Duitse of anti-demokratiese gevoel of beweging nie, hoewel daar al 'n tyd lank selfs voor die oorlog hier en daar half-Duitse, meer of minder nasionaal-sosialisties gekleurde dissipline- en selfs geweld-beweginkies merkbaar was.

Maar natuurlikerwys het die botsing met die Britse mag, soos vanouds, 'n gevoel verlewendig dat 'n teëwig daarteen tot groter vryheid gevind mag word in die vernaamste vyand van die Britse mag, nl. die Duitse Ryk, in die geloof dat as die Duitse Ryk die Britse mag sou kan kortwiek, dit tevrede sou wees om Suid-Afrika as 'n bevriende moondheid aan sy eie lot oor te laat.

Van die Duitse nasionaal-sosialistiese ideologie was slegs weinig bekend, en nog minder van die Lutherse en ateïstiese agtergrond daarvan. Maar vir die Duitse nasionale beleid, sover bekend, was daar wel 'n algemene simpatie, insoverre dit voorgestaan het staatsfundering op die volksverband, bevordering van onderlinge volksamehorigheid en segregasie teenoor sowel as voogdy oor minder ontwikkelde gekleurde rasse, gepaard met verset teen die kommunisme.

Hierdie algemene simpatiegevoel is wel mettertyd verswak deur dinge soos die inval in die stamverwante Nederland, die tydelike kompromis met die Bolsjewiste, die nuus van die moordkampe en die Nazi-leiers se algemene ongodistery en natuurlik by baie veral deur die uitbly en later deur verdwyning van uiteindelijke sukses in die stryd. Mettertyd het daar egter aan die begin van die oorlog ook 'n aktiewe anti-oorlogbeweging ontwikkel, wat later gelei het tot die derde belangrike verdeling in die Afrikanerdom, wat byna geheel buite die destydse owerheidskring omgegaan het. Hierby moet meer breedvoerig stilgestaan word, aangesien dit meer 'n volksbeweging was en minder deur die partypolitieke leiers bepaal is.

Wel het adv. Pirow uit die kring van genl. Hertzog in 'n mate hiertoe bygedra, maar dit was meer op 'n sydelingse wyse, deurdat hy genl. Hertzog, wat intussen uit die praktiese politiek getree het, beïnvloed het (nadat mnr. Havenga hom ook na sy plaas teruggetrek het) om hom meer pro-republikeins en selfs pro-Duits uit te laat, en deurdat hy ook met sy „Nuwe Orde”-propaganda die direkte aanleiding gegee het tot die

botsing tussen dr. Malan en die sogenaamde Volksbeweging. Om laasgenoemde te kan begryp moet ons egter teruggaan tot goed voor die oorlog.

Al lank was daar 'n gevoel by sekere kringe in die Afrikanerdom dat die partypolitieke organisasie aan sy aspirasies nie wou voldoen nie, deurdadig dat die eerste oorweging daarby noodwendig was om soveel moontlik stemme en setels te versamel, sodat gevolglik die eintlike volksbelange op die agtergrond moes raak terwille van die politieke „leer van die moontlike” en ten behoeve van die stem en ander steun van onnasionales en kapitaalkragtiges of eenvoudig ter tegemoetkoming aan allerlei groepspressie. Bowendien is gevoel dat eweseer as saamhorighede hierdeur kunsmatig bevorder is, ook verdeeldhede kunsmatig aangemoedig is.

Uit hierdie gevoel het daar 'n groot aantal bewegings uit die volk ontstaan wat buite die partypolitiek om die Afrikanerdom as sodanig wou saamsmee en dien, met alle ander beskikbare, doeltreffende en eerbare middele. Voorlopig is geweld oor die geheel uitgeskakel, maar mettertyd het dit hier en daar 'n geringe mate van toepassing begin vind, soos bv. vroeg al in die taamlik individuele optrede by die „teer en veer” van Lamont.

Hierdie beweging het die demokratiese idee met verloop van tyd begin op die agtergrond stel terwille van effektiewe eenheids-optrede onder vertroude eenmaal of periodiek verkose sentrale leiding.

Belangrik in hierdie verband was tot 'n mate ook die Broederbond van ná die Eerste Wêreldoorlog, wat meer agter die skerms gewerk het en in elk geval nooit aan geweld gedink het nie: dit was dan ook 'n élite-organisasie, wat mettertyd bekend geword het as die A.B. en met die partypolitiek gebots het in die persoon van genl. Hertzog, omdat dit dan te radikaal en eensydig Afrikaans sou wees.

In hierdie beswaar van genl. Hertzog was daar 'n mate van waarheid, aangesien met die destydse konstellasië alle aandag in die A.B. toegespits was op die integrasie van die Afrikanerdom as sodanig en dit nog nie denkbaar was dat Engelssprekendes hierby 'n rol kon speel nie, behalwe as potensieële toekomstige mede-Afrikaners, in welke hoedanigheid hulle dan ook in die idee hartlik verwelkom is.

Terloops mag opgemerk word dat nou dat die Afrikanerdom ná die oorlog redelik goed gevestig is en die Engelse element dit begin erken, en veral noudat hulle en ons 'n gemeenskaplike vyand gevind het in die Russiesgeleide en kommunisties-geïnspireerde Ooste, daar 'n kentering in hierdie opsig begin plaasvind het, wat daarop neerkom dat die Britse mag buite Suid-Afrika as 'n internasionale bondgenoot erkenning by die Afrikanerdom begin verkry en die Engelssprekendes in Suid-Afrika as mede-Suid-Afrikaners aanvaar word, mits hulle die identiteit van die Afrikanerdom wil erken en lojaliteit aan Suid-Afrika wil betoon, sonder dat nog geëis word dat hulle vooraf hulself volledig laat verafrikaans.

Hierdie ontwikkeling behoort egter meer tot die toekoms, hoewel dit in die jongste tyd al by verskillende geleenthede merkbaar geword het, selfs al taamlik vroeg by die eintlike Afrikaanse volksbeweging waartoe ons nou oorgaan, en wel meer bepaald in die persoon van sy leier.

Die eintlike volksbeweging, wat inderdaad 'n massabeweging geword het, het sy oorsprong gehad in die wonderlike selfontdekking van die Afrikanerdom as sodanig los van enige partypolitieke of enige ander kunsmatige organisasie, naamlik in die Eeufees van die Ossewatrek in 1938, toe die heraanvaarding ook van die Boere-uiterlik die Afrikanerdom se minderwaardigheidskompleks vernietig het.

Hierin het die volk gesien en gevoel en selfs in trane van vervoering ervaar dat daar werklik deur God self in sy afkoms en sy geskiedenis 'n eie nasionale identiteit geskep is wat mense tot 'n eenheid saambind, 'n lewende nasionale eenheid waardeur partyverdeeldhede oorbrug is, sowel as sosiale en ekonomiese verskille, en waardeur internasionale minderwaardigheid in die wortel afgesny is.

Geen wonder dat daar dadelik daarna 'n poging aangewend is om hierdie wondergees in 'n nuwe massale volksorganisasie vas te lê nie, en geen wonder sou dit ook gewees het as op een of ander manier die reeds genoemde A.B. agter hierdie poging te vinde sou wees nie. In elk geval het hieruit dan in die volgende jaar ontstaan die Ossewabrandwag, later bekend as die O.B., 'n beweging wat die volksbeweging-gedagte van die Ossewatrek wou verbind met die kommando-organisasie van die republikeinse verlede, 'n volkswaapen wat met die ontwikkeling van die volksverzet teen die oorlogsbeleid ook weer onvermydelik toekomsbeloftes begin vertoon het.

Begrypikerwys het die leiding van die mees republikeinse partypolitieke groep, die opposisie onder dr. Malan, probeer om die beheer van die O.B. vir homself te verseker. En dit sou ook seker gebeur het as hier nie intussen 'n kragtige nuwe faktor in begin merkbaar geword het nie wat eindelik definitief gelei het tot die derde verdeling in die botsing met dr. Malan en die gevolglike afskeiding van 'n vierde groep in die politieke konstellasie van Suid-Afrika. Hierdie nuwe faktor is uit baie afsonderlike onderstrominge uiteindelik gekonsolideer in die persoon van dr. J. F. J. van Rensburg, die nuwe kommandant-generaal en leier van die O.B.

Dr. Van Rensburg het al dadelik sy anderssoortige oriëntering daarin geopenbaar dat hy reeds geestelike leier was van die „Stormjaers” toe hy kommandant-generaal van die O.B. geword het. Daarin het duidelik geblyk dat hy anders as die partyleiers die nadruk sou lê op dissipline en aksie, behalwe dat hy ook as leier van 'n volksbeweging die volkseenheid sou probeer beskerm teen die partypolitieke verdeling. Bowendien is hy persoonlik weens sy studie van die Duitse kultuur en andersins beïnvloed deur die nasionaal-sosialisme en sou hy ongetwyfeld ook 'n meer

nasionaal-sosialistiese beleid gepropageer het, as hy nie van afkoms en temperament 'n volbloed-Afrikaner was nie en besonderlik as hy nie intussen in simpatieke aanraking met en onder invloed gekom het van Calviniste, onder andere veral uit Potchefstroom nie.

Hierdeur is verhinder dat die Ossewabrandwag ooit amptelik aan die nasionaal-sosialisme gekoppel is. Maar in elk geval het hierdie situasie genoeg gronde bevat vir 'n botsing ook met die republikeinse partypolitiek. Sodanige botsing is gevoed deur die ervaring dat die Ossewabrandwag onder dr. Van Rensburg se leiding sy tienduiseende getrek het teen die duisende van die party.

En ongelukkig het dr. Van Rensburg tot die botsing meegewerk deur 'n vir demokrate hinderlike manier van optrede wat in sy persoonlikheid veranker is — 'n optrede wat egter ook bedoel was om sy jong Turke se vertroue te behou en erger dinge te verhoed.

Hy het naamlik enigsins onversigtiglik geweld goedgepraat en demokrasie veroordeel en op enigsins nasionaal-sosialistiese wyse daarop geroem dat die O.B. „alle fronte dek.” Daar was selfs aanduidings dat deur middel van die Stormjaers een of ander soort aktiewe samewerking met die Duitsers beoog is.

Die gevaar van botsing is ook deur „Potchefstroom” raakgesien wat aan die een kant wel simpatiek teenoor die O.B. gestaan het, maar aan die ander kant ook die party nie wou verwerp nie, omdat daardie Universiteitskring self nooit nasionaal-sosialisties was nie maar altyd wesenlik aan die Calvinistiese Republikanisme vasgehou het.

Daarom het daar toe van Potchefstroom 'n poging uitgegaan om volgens die integrasiebeginsel van die A.B. sowel O.B. as partywese saam te skakel in 'n alsydige volksorganisasie onder die Afrikanereenheidskomitee. Hierdie poging het egter ná aanvanklike sukses misluk toe die party 'n agitاسie begin het teen mnr. Pirow se nasionaal-sosialisme en dr. Van Rensburg hierdie agitاسie veroordeel het as 'n ketterjag, wat volgens hom die O.B. as omvattende volksorganisasie nie sou verhinder om ook nasionaal-sosialiste in sy geledere te verwelkom nie.

Hierdie uitlating van die kant van die O.B.-leier is opgevolg deur 'n publieke veldtog van die party teen hom. Daarmee het die derde verdeling in 'n volkome breuk oorgegaan. Maar ook nou het dit nie werklik gegaan tussen demokrasie aan die een kant en nasionaal-sosialisme aan die ander kant nie, maar wel tussen die oorgelewerde, op Britse lees geskoeide partypolitiek en die opkomende volksbeweging in die Afrikanerdom.

Dat veral ná die volkome neerlaag en ook morele débacle van Duitsland laasgenoemde die neerlaag moes ly, was te voorsien, maar intussen het dit tog daarin geslaag om sy idee voorlopig taamlik volledig te formuleer en om dit ook, sover moontlik, prakties alsydig uit te leef in sy nasionale sowel as

sy sosiale aspekte, laasgenoemde veral ook deur sy noodhulp-versorging van alle oorlogslagoffers van die Afrikanerdom as sodanig.

Sy poginge om ook nog op partypolitieke en parlementêre gebied nasionale hulpdiens te verrig, deur die nasionaalgesinde groepe te beweeg tot volhartige samewerking, het egter in 'n mate wel vrug gedra, maar sal eers sy volle belofte kan ontplooi as 'n reoriëntasie bewerkstellig is uit 'n ander rigting wat nie belas is met die faktore wat die antitese tussen O.B. en die party so skerp bewerkstellig het nie.

Die vraag bly dan oor wat eintlik die idee is waaraan die O.B. voorlopig so 'n massale, hoewel nog onrype, uitdrukking gegee het. Daaroor sal nou kortliks gehandel word, waarby tegelyk sal blyk in hoeverre die partywese sowel as die O.B., die Angelsaksiese „empire” en demokrasie sowel as die „nasionaal-sosialistiese Europeïsme” en orde-fanatisme daartoe bygedra het of nie bygedra het nie.

Die grondgedagte daarvan het skrywer hiervan reeds in 1940 vasgelê in sy werkie, *Die Moderne Staat*, toe Duitsland op die hoogtepunt van sy mag was; maar slegs weinige het dit reg verstaan en nog minder het dit ter harte geneem, hoewel dr. Stoker later in sy *Stryd om die Ordes* dergelike gedagtes meer breedvoerig en oortuigend uitgewerk het.

Die algemene gedagterigting word ook aangedui deur die volgende paar aanhalinge uit ongetwyfeld demokratiese geskrifte wat wys hoe die wind na die toekoms toe gewaai het.

(a) „Not capitalism, which, rightly conditioned, is a safeguard of liberty and progress, but nationalism, which tends to poverty and conflict, is the cause of our present distresses . . . Nationalism is something which must be surpassed.” (Robbins: *Economic Planning and International Order*, 1937.)

(b) „And it may prove possible to carry out socialization soberly, in an orderly way, and largely by consent . . . Once more: it is only socialism in the sense defined in this book that is so predictable. Nothing else is. In particular here is little reason to believe that this socialism will mean the advent of the civilization of which orthodox socialists dream. It is much more likely to present fascist features.” (Schumpeter: *Capitalism, Socialism and Democracy*, 1942.)

(c) „We are struggling desperately to combine the old and precious values of freedom and democracy with the new requirements which have arisen from modern technology and social and political emergency, but so far we have failed . . .” (Zweig: *The Planning of free Societies*, 1943.)

(d) „Die posisie is naamlik dit — dat daar in die wêreld as geheel, en ook in ons eie land, 'n nuwe lewensinrigting moeisam tot openbaring kom, 'n lewensinrigting wat in alle vertakkinge van die samelewing die gemeenskap vooropstel teenoor die enkeling en die gemeenskapsgesag teenoor die individuele willekeur.” (L. J. du Plessis, 1944, waarskynlik in *Koers*.)

Die staatsideaal wat eintlik die O.B. besiel het en aanvanklik ook die republikeinse Afrikanerdom as geheel sterk aangetrek het en wat selfs in 'n mate deur partyleiers gehuldig is, het berus op die volgende grondgedagtes, soos deur my in die bogenoemde werkie reeds in 1940 uiteengeset in enigsins duistere akademiese taal:

„Ons sien dus die waarskynlike toekomsposisie van die moderne statewêreld as beheers deur 'n staatsvorm wat beskryf kan word as 'n demokrasiese nomokrasie, met sentrum in Noord-Amerika (N.B.: nie in Duitsland nie, om redes daar genoem).”

„Hoe moet ons ons dit ongeveer voorstel? Demokratiese nomokrasie, d.w.s. volksbeheerste wetmagtig-hiërargiese nasionaal-internasionale gesagsordening.

„Hierin is die eerste grondbeginsel dat die staatsorganisasie as gesagsordening 'n eenheidskarakter sal hê waarin die volksaard suiwer uitgebeeld is. Die volk moet as't ware as eenheid beliggzaam wees in die staatsorganisasie — dis die demokrasie; maar nou nie in dié sin dat die volk as massa (in partye gemobiliseer) willekeurig besluit en dat dié besluit as volkswil dan die deurslag gee nie (nou so en dan weer anders) maar wel so dat die staatkundige organisasie so getrou die historiese geworde volksaard weerspieël, dat dit nie anders kan as om volgens die volk se natuurnoodwendige (nie willekeurige nie) lewenswet te handel. Daarom mag volksvreemde elemente nie mede-bepalend optree in die staatsorganisasie nie; daarom ook mag blote meerderheidsbesluit nie beslissend wees nie, hoewel die volksvertroue in die gesag wel verseker moet word (deur 'n stelsel van periodieke verkiesing en andersins). (Hier sou ek nou wil byvoeg dat 'n volk wel meertalig saamgestel kan wees en ook meerpartyig, mits dit alles oorweldig word deur 'n saamvattende nasionale politieke verband wat ons „die volksbeweging” sou noem, maar wat miskien eers vorm sal kry as 'n politieke koalisie met 'n „nasionale” regering in die Engelse sin van die woord „national.”)

„Die tweede grondbeginsel is dat die volksbeheerste gesagseenheid van die staat nou ook die volksgroepe sal inskakel tot selfbestuur en tot diens aan die geheel volgens die natuurlike funksie van elke groep, maar ook sal toesien dat aan elke groep en aan al die lede van elke groep hulle reg toekom as deelhebbers in die opbou van die staatkundige veeleenheid van die volksgeheel, as draers van nie slegs 'n klassegemeenskap nie, maar veeleer van 'n standsverband ter vervulling van 'n bepaalde taak van die volksgemeenskap as geheel. Dit is die nomokratiese element in sy interne of sosiale strekking (die O.B. noem dit „beroepsverteenvoording”).

„Die derde grondbeginsel is dat ook die internasionale samelewing hiërargies-wetmatig georganiseer sal word, die internasionale nomokrasie, naamlik nie so dat alle state van die wêreld as gelyke deelhebbers in volkereg en volkebond saamgevoeg word om nou met mekaar tot 'n kunsmatige en willekeurige ooreenkoms te kom oor lewensbelange nie. Hierdie metode (bv. in die Britse Ryk en nou in die V.V.O.) het ongetwyfeld op 'n fiasko uitgeLOOP, omdat die state inderdaad nie gelyk is of willekeurig met mekaar verbindbaar is nie. Net soos daar binne die staat stande is met verskillende en ongelykwaardige funksie . . . so ongeveer vorm naburige en verwante state ook internasionale verbindings waarin een die leiding neem, terwyl die ander volgens eie aard en vermoë aanvullend optree in diens van die groep. So sien ons reeds verskillende van die internasionale blokke vorm kry . . .

„As die statewêreld eindelijk so georganiseer is, kan verwag word dat 'n interne groepering onder die groot groepe weer sal ontwikkel, waarskynlik so dat die Christelike Weste te staan sal kom teen die heidense Ooste . . . In hierdie waarskynlike toekomsposisie is die plek van Suid-Afrika, indien nie van Afrika as geheel nie, by die Christelike Weste, en in hierdie verband het hy duidelik tot besondere taak om so veel moontlik van Afrika te wen vir die Weste en te voorkom dat dit sy kragte ingooi by die Ooste.”

Tot sover die aanhaling van 1940-1941, met enkele ingevoegde verduidelikings, uit 'n werkjie wat hoegenaamd geen O.B.-geskrif was nie, maar bedoel het om die Potchefstroomse Calvinisme op die gebied van die staatsleer te moderniseer.

Die grondgedagtes hiervan word egter teruggevind in die O.B.-beleid, sowel as in dié van die oorlogstydse Herenigde Nasionale Party, en is vasgelê in die Republikeinse dokumente wat in die oorlog

deur albei in beginsel goedgekeur is. Hierdie beleid het naamlik met toepassing op Suid-Afrika 'n beslis republikeinse ontwikkeling getoon.

Sowel O.B. as H.N.P. het ook aanvanklik saamgestem dat 'n Duitse oorwinning so 'n beleid in Suid-Afrika uitvoerbaar sou maak, asook in die verwagting van 'n Duitse oorwinning.

By beide, O.B. en H.N.P., was daar ook 'n strewe om die party te verruim tot volksorganisasie, maar terwyl die O.B. bereid was om dit te bewerkstellig deur gelyke samewerking onder andere met die party, het die partyleiding so 'n verruiming gesoek deur inskakeling van ander organisasies **onder homself** op „politieke” gebied. Dit is finaal verydel deur die verkiesing van 'n onpartydige persoon as voorsitter van die eenheidskomitee tussen die verskillende voorlopig betrokke organisasies in 1941.

En van toe af was die party vasbeslote om die O.B. te breek, waartoe dan verder aanleiding gegee is deur dr. Van Rensburg se reeds genoemde beskerming van plaaslike nasionaal-sosialiste teen die party en deur sy patronaat van die sabotasiebeweging van die Stormjaers, wat die plek geneem het van die „rebellie” van die Eerste Wêreldoorlog.

Namate dit daarna steeds duideliker geword het dat Duitsland die oorlog moes verloor, het die partyleiding algaande weer teruggeval tot die beleid van die tradisionele demokrasie, hoewel dan in republikeinse vorm, en is die O.B. voorgehou as 'n voorstander van nasionaal-sosialistiese diktatuur en totalitarisme, waarvoor dr. Van Rensburg se reeds genoemde Duitse affiniteit 'n sekere skyngrond verskaf het.

Die uitslag van die oorlog het die H.N.P. se sege in hierdie stryd beklink. Maar daarmee het ook 'n nuwe wêreldsituasie ingetree wat ook die grondslag gelê het vir 'n binnelandse politieke reoriëntasie grotendeels in die rigting van die fundamentele O.B.-beleid soos bo aangedui. Dit was egter 'n situasie wat nie direk deur die O.B. uitgebuit kon word nie, omdat die O.B. te sterk belas geraak het met 'n pro-Duitse en anti-demokratiese reputasie.

Hierdie veranderde wêreldsituasie kom hierop neer dat Duitsland vervang is deur Rusland as vernaamste vyand van Groot-Brittanje, en dat Groot-Brittanje as Westerse wêreldleier vervang is deur die Verenigde State, en dat die Oosterse gekleurde wêreld geneigd is om nou na Rusland op te sien as sy beskermmer.

Die gevolg is dat Engeland en ons nou dieselfde vyand het, en dat Engeland nie meer 'n gevaar is vir ons selfstandigheid nie. Hieruit vloei voort dat die grond voorberei is vir 'n blanke saamskakeling in Suid-Afrika teen die kommunisme en sy bondgenote, en dat die Afrikanerdom en sy tradisionele rassebeleid hierby 'n leidende rol sal speel.

Sodanige saamskakeling sal vereers nagestreef word in die tradisionele demokratiese weg, omdat die totalitarisme sterk

gediskrediteer is deur die val van Duitsland en deur reaksie teen Rusland en veral ook deur die wêreldinvloed van die Verenigde State. Maar reeds is dit duidelik dat die Weste homself alleen sal kan handhaaf in die aanstaande wêreldworsteling deur sy geledere te sluit sowel internasionaal as intranasionaal-sosiaal.

En dit beteken dat die Westerse wêreld en ons sal moet voortbeweeg in die rigting soos by voorbaat vasgelê in die O.B.-beleid onder die invloed van die Tweede Wêreldoorlog en die Rewolusie van die Twintigste Eeu.

Die O.B. self sal die genoegdoening mag smaak dat hy nieteenstaande begane foute tog die grondslag gelê het waarop Afrikaanse republikanisme kan oorgedra word in die 20ste eeuse omvorming van die Westerse state-sisteem, en dat hy bereid was om die histories noodwendige offers te bring vir die ou vryheidsideaal in sy nuwe vorm.

Dat ander moontlik die vrugte hiervan sal pluk, is van minder belang: intussen gaan die volk voort en is hy ook en veral deur die O.B. se optrede ryper gemaak vir die verwesenliking van sy uiteindelijke bestemming, nl. om Afrika aan te skakel by die Weste, en die Weste daardeur, en deur die daarmee noodwendig gepaard gaande afwysing van liberalisme en sy dodelike vrug, kommunisme, van selfmoord te red teenoor die „Rising Tide of Colour” onder kommunistiese inspirasie en leierskap vanuit die Noordooste.

L. J. du Plessis.

POLITIEKE VERSET TEEN DIE OORLOG

DIE politieke verset van die Afrikaner teen deelname aan die Tweede Wêreldoorlog vertoon 'n oorwegend positiewe en 'n oorwegend negatiewe kant. Die positiewe kant van hierdie verset het uitloop op besliste stappe ter bevordering en uiteindelijke verwesenliking van die republikeinse volks- en staatsideaal, terwyl die negatiewe kant sy hoogtepunt in versetdade en openbare protesoptrede teen die oorlogspoging gevind het.

Die positiewe politieke verset vertoon op sy beurt drie aspekte wat nie van mekaar geskei kan word nie: 'n gaandeweg duideliker formulering van die republikeinse staatsideaal; 'n doelbewuste strewe om alle republikeinse Afrikaners as 'n eenheidsmag saam te bind en voorbereidende maatreëls om die Republiek van Suid-Afrika op die mees geleë tydstop te vestig. Die negatiewe politieke verset het veral by laasgenoemde kant van die saak ten nouste aangesluit.

Omdat hierdie geleë tydstop eintlik in 'n groot mate bepaal kon word deur die oorlogsituasie, het die negatiewe

verset 'n sterk militêre en 'n duidelike partypolitiek-parlementêre proteskarakter aangeneem en daarby meegebring dat die Afrikaner aktiewe politieke bemoeïing met die oorlogsituasie as 'n noodsaaklike voorwaarde vir die totstandkoming van die Republiek beskou het.

Om al die stof tot my beskikking volgens hierdie algemene patroon volledig aan te bied, sal 'n goeie boekdeel vereis. Ek bepaal my daarom net by 'n paar hoogtepunte in die positiewe sowel as by net die partypolitieke negatiewe verset van die Afrikaner tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die meer militêr-aktivistiese negatiewe verset word in 'n ander artikel in hierdie Gedenkboek behandel.

Op 31 Augustus 1939, toe die spanning tussen Brittanje en Duitsland reeds breekpunt bereik het, het die *Star* in 'n redaksionele artikel geskryf dat Suid-Afrika onmoontlik in die komende stryd neutraal kan bly en wel op grond van oorwegings van selfbehoud en op grond van die eenheid van die koningskap, wat 'n grondwetlike verpligting op die Unie lê. Dit was die stemming aan die een kant.

Op Saterdag 2 September 1939 het die studente van die Universiteit van Pretoria onder leiding van A. E. Rupert op 'n monstervergadering deur die A.N.S. belê, besluit om die Unieregering te versoek om in die komende stryd neutraal te bly. „As hierdie neutraliteitsbesluit na die letter en die gees nageleef word, is hierdie vergadering van **weerbare** jong manne en vroue bereid om tot die uiterste toe te stry vir 'n onafhanklike Suid-Afrika.” Dit was die stemming aan die Afrikaanse kant. Die A.N.S.-takke aan die Universiteite van Potchefstroom, Stellenbosch en Witwatersrand het terselfdertyd met soortgelyke besluite die wil tot onafhanklikheid deur middel van neutraliteit in die komende wêreldoorlog onderskryf.

Ten spyte van die algemene Afrikaanse versetgevoel teen deelname aan die oorlog is genl. Hertzog se neutraliteitsmosie in die Parlement op 4 September 1939 om 8.45 nm. met 'n meerderheid van 13 stemme verwerp. „Die Duitse volk is in die stof getrap en fyn gedruk totdat hulle sê: tot hiertoe en nie verder nie. Wie kan sê dat ek verkeerd is, veral ek, wat dieselfde deurgemaak het as daardie mense”, het genl. Hertzog in hierdie uur van beslissing gesê. En nou die ander kant — deelname aan die oorlog — „sê ek, is die dood wat Suid-Afrika se toebehoring aan die Britse Statebond betref.” Dit was sy politieke voorstelling in daardie selfde beslissingsuur.

„Ek het nooit aan die Eerste Minister se eerlikheid en oortuiging getwyfel nie en ek is bly dat hy die swaie toets vandag deurgekom het en dat hy sterk genoeg was om dit te deurstaan”, het dr. D. F. Malan, leier van die Nasionale Party, aan genl. Hertzog gesê. Hy het genl. Hertzog verseker van die steun van die Nasionale Party. „Vir die Afrikaner is dit nie 'n verwerplike idee nie dat die Duitser probeer om in sy

ryk bymekaar te kry wat tot sy ras behoort en sy taal praat", het hy bygevoeg. Net soos genl. Hertzog verwerp ook hy die aantying dat Hitler na wêrelddominasie sou strewe.

Op 6 September verklaar dr. Malan in 'n onderhoud aan **Die Transvaler**: „Ons is nou sonder ophou op koers na een doel: die Republiek van Suid-Afrika — die enigste status waar- onder ons waarlik as 'n land selfbeskikkingsreg sal beoefen... Die einde van die saak moet en sal wees republikeinse onafhanklikheid." Adv. J. G. Strydom, leier van die Nasionale Party in Transvaal, het sonder versuim duidelike koers aan die nie-deelname-standpunt begin gee: sy raad is „dat nou dadelik, terwyl daar nog tyd is, deur proteste die regering te bewys dat die meerderheid van die volk sterk gekant is teen die oorlogsbeleid en dat dit vir die regering raadsaam sal wees om geen dwang op Unie-burgers toe te pas om deel te neem aan die oorlog nie". Daarby beveel hy aan dat almal rustig en kalm bly en hul protes en verset langs vreedsame weg uitoefen.

Proteste teen die oorlogsdeelname en verwesenliking van die republikeinse ideaal om die eie siel uit te lewe en 'n herhaling van deelname aan oorsese oorloë te voorkom, vereis die eenheid van die Afrikaner, 'n eenheid wat met die samesmelting van die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party in 1934 verlore gegaan het. Genl. Hertzog en dr. Malan het mekaar gevind — en „die volk daarbuite", soos dit in parlementêre taal heet, wou hierdie diepbegeerde eenheid bekragtig en bestendig. Daartoe is alle republikeinse Afrikaners binne enkele dae opgeroep tot 'n „Volksherenigingsbyeenkoms" wat Saterdagmiddag 9 September aan die voet van Monumentkoppie plaasgevind het. Genl. Hertzog en dr. Malan het as sprekers opgetree, terwyl Totius 'n plegtige eenheidsverklaring van die byeengekome volksgenote met die opsteek van hul hande afgeneem het. Nagenoeg 70,000 Afrikaners het daarheen gestroom om getuies en bekragtigers te wees van die eenheidsdrang van die Afrikanervolk in die uur van sy nood.

Die positiewe verset teen die deelname aan „Brittanje se oorloë" het die gedagtes van alle Afrikaners toegespits op die republikeinse ideaal en die konkrete inhoud daarvan. Die Republiek as die enigste versekering van die Afrikaner se geestelike en ekonomiese selfstandigheid het in die oorlogsatmosfeer nie meer na 'n verafgeleë droombeeld gelyk nie maar 'n onmiddellike werklikheid en praktiese vereiste geword. Van verskillende kante is pogings aangewend om eenstemmigheid te verkry oor die konkrete vorm wat die Republiek as staatkundige strewe in die nabye toekoms sal moet aanneem, pogings wat uiteindelik uitgeloop het op die bekende Republikeinse grondwet, wat aan dr. D. F. Malan ter oorweging en as basis van bespreking deur alle Afrikaners aangebied is.

Die eerste openbare omskrywing van 'n meer vaste vorm van ons republikeinse selfstandigheid het egter as 'n Vryheidsmanifes van die Afrikaans-Nasionale Studentebond op 1 Julie 1940 verskyn. Die aanhef is as volg:

„Ons voel dat ons die tydstip bereik het waarop ons onomwonde die omskepping van die Unie van Suid-Afrika tot 'n republikeinse staat moet eis. Om hierdie doel te bereik sal ons nie skroom om alle nodige maatreëls te tref nie.”

Wat die Republikeinse staatsvorm self betref, word onder meer bepaal:

„dat die President, deur die volk vir 'n bepaalde tyd verkies en verantwoordelik aan God alleen, met bystand van 'n Uitvoerende Raad en Volksraad van gebieds- en beroepsverteenwoordigers, 'n regering van gesag sal voer;

„dat Suid-Afrika ons enigste vaderland is en diegene wat hierdie standpunt nie huldig nie, as vreemdelinge in hierdie land beskou sal word, en dat by die bepaling van status binne die staat onderskei sal word tussen burgers, onderdane en besoekers.”

Dan volg 'n uiteensetting van die Republikeinse staatsbeleid, wat in hoofsaak 'n uitbreiding en 'n konsekwente toepassing van die tradisionele Afrikaanse Christelik-nasionale lewensbeskouing beteken, en waarby nie-botsende moderne sosiale opvattinge ingewef is.

Op hierdie Vryheidsmanifes het kort daarná 'n verklaring oor „Die Boere-Republiek” verskyn. Dit is opgestel „in oorleg met deskundige staatkundiges onder beskerming van die Ossewa-Brandwag van Transvaal”.

As grondslag vir die Boere-Republiek dien dat dit in die Christelik-nasionale tradisie van die Boerevolk moet wortel, dat die vryheid van godsdienste aanvaar word maar dat die godsdienstige en sedelike lewe van die Afrikaner beskerm sal word teen ondermynende praktyke en dat die bestaan van enige politieke party en die propagering van politieke beleid wat in stryd is met die Christelik-nasionale roepingsvervulling van die Boerevolk, verbied sal word.

Die burgerskap-bepalings van die Republiek sluit vreemdelinge uit wat nie in die organiese Afrikaanse volkslewe inpas nie. Hierby kom dat Afrikaans die amptelike landstaal sal wees, terwyl Engels as tweede landstaal die nodige beskerming en voorregte sal geniet.

Wat die republikeinse staatsvorm betref, word bepaal dat 'n President, wat elke vyf jaar verkies word en in wie al die fundamentele magte van die Republiek vir uitoefening gevestig sal wees, aan die hoof van die Republiek sal staan. Die Eerste Minister wat deur die President benoem word, sal op sy beurt die Uitvoerende Raad met goedkeuring van die President benoem. Die Uitvoerende Raad staan bekend as die Burgerraad.

Die Burgerraad stel wetsontwerpe op in oorleg met beroeps-verteenwoordigers van die volk, onderverdeel in geografiese stembedistrikte. Op verdere besonderhede gaan ons hier nie in nie.

Intussen het 'n goed-verteenwoordigende „Kommissie insake Algemene Beleid” gewerk aan 'n Ontwerp-Grondwet vir die Suid-Afrikaanse Republiek. Hierdie stuk, wat teen die einde van 1940 gereed gekom het, is die volgende jaar aan dr. D. F. Malan beskikbaar gestel. Vooraanstaande lede van die H.N.P., die O.B. en die Afrikaanse kultuurgroepe was in die Kommissie verteenwoordig. Hierdie ontwerp-grondwet was bedoel as 'n voorstudie van 'n juridiese dokument waarin die Republiek eventueel sy vaste vorm sou vind. Die aanhef van die Grondwet lui: „In gehoorsaamheid aan God Almagtig en Sy Heilige Woord erken die Afrikaanse volk sy nasionale bestemming, soos beliggaam in sy Voortrekkerverlede, tot die ontwikkeling van Suid-Afrika en aanvaar hy daartoe die volgende Republikeinse Staatskonstitusie ter vervanging van alle bestaande regsbepalings wat daarmee in stryd is en in besonder met algehele opheffing van die Britse Koningskap oor en Britse onderdaanskap binne die Republiek.”

Hierdie Grondwet bepaal onder meer dat die Vierkleur, met die rooi baan deur 'n oranjebaan vervang, die nasionale vlag sal wees, dat „Die Stem van Suid-Afrika” die volkslied van die Republiek sal wees en dat Afrikaans as die taal van die oorspronklike blanke inwoners van die land die eerste amptelike taal sal wees. Engels word beskou as 'n tweede of aanvullende amptelike taal wat op 'n voet van gelykheid behandel sal word en gelyke vryheid, regte en voorregte met die eerste amptelike taal sal geniet oral en wanneer sodanige behandeling deur die staatsgesag as in die beste belange van die staat en sy inwoners beoordeel word.

Die Burgerskap-bepaling onderskei tussen onderdane van die staat, naamlik alle persone wat in die staat gevestig is en aan sy gesag onderworpe is, en burgers, dit is onderdane van wie verwag kan word dat hulle volksopbouend sal optree en aan wie die stemreg verleen sal word.

Aan die hoof van die Republiek staan die Staatspresident, wat elke vyf jaar deur alle stemgeregtigde burgers verkies word. Die Staatspresident is regstreeks en alleenlik verantwoordelik voor God en teenoor die volk vir sy dade in die uitvoering van sy pligte, en sy optrede in verband met laasgenoemde sowel as die voortsetting van sy ampsbekleding is geheel en al onafhanklik van enige stemming in die Volksraad.

Die Staatspresident wys 'n lid van die Volksraad aan om as Minister-President te dien en om 'n Uitvoerende Raad, genoem die Ministerraad, saam te stel. Hierdie Ministerraad is teenoor die Staatspresident verantwoordelik vir die doeltreffende bestuur van landsake.

Die volksverteenwoordiging bestaan uit 'n Volksraad van nie meer as 150 lede nie en 'n Gemeenskapsraad waarin die geestelike, kulturele, ekonomiese en maatskaplike belange van die gemeenskap en van groepe binne die gemeenskap verteenwoordig word in raadgevende hoedanigheid.

Die Volksraad word elke vyf jaar verkies, kies sy eie Voor-sitter en Onder-voorsitter, verleen die reg om militêre magte in die staat aan te hou, ken geld daarvoor toe, keur verdrae met ander moondhede goed en is verantwoordelik vir die vasstelling van alle landswette wat op inisiatief van die regering of van 'n lid van die Volksraad ingedien word. Dit hou verder toesig oor die landsadministrasie en die finansiële belange van die Republiek.

Die Gemeenskapsraad, bestaande uit nie meer as 50 lede nie en met uitsluitelik adviserende magte, word saamgestel om die Staatspresident, die Ministerraad en die Volksraad van deskundige raad te dien. Die lede bestaan uit vyftien persone deur die President-in-Rade aangestel vanweë hul besondere kennis van belangrike landsvraagstukke en vyf-en-dertig lede gekies deur geskikte organisasies wat bepaalde geestelike, ekonomiese, kulturele of maatskaplike groepe verteenwoordig. Alle wetsontwerpe rakende die ekonomiese, maatskaplike en kulturele belange van die volk word aan die Gemeenskapsraad vir deskundige bespreking voorgelê.

Die Minister-President met sy Ministerraad is nie vir die behoud van die regeringsmag afhanklik van die lot van wetsontwerpe wat in die Volksraad ingedien is nie. As hy nie die nodige vertroue in die Volksraad geniet nie, kan die Staatspresident of die Minister-President van sy taak onthef of 'n nuwe Volksraadverkiesing uitskryf.

Op ander belangrike bepalinge van die Grondwet gaan ons hier nie verder in nie.

Die eerste omskrywing van die grondbeginsels van die staatsbeleid lui: die openbare lewenstoon van die Republiek is Christelik-nasionaal sonder gewetensdwang. Die propagering van enige staatkundige beleid en die bestaan van enige politieke organisasie wat in stryd is met die vervulling van die Christelik-nasionale lewensroeping van die volk, word verbied.

Die Kommissie wat hierdie Grondwet in sy voorlopige beginselvorm opgestel het, het in 1941 besluit dat die inhoud van die stuk op oordeelkundige en onopvallende wyse deur sy eie lede gepropageer mag word en dat die stuk as leidraad aan die Afrikaanse politieke leiers voorgelê sal word. Hiermee is in 'n baie groot mate 'n ooreenstemming tussen alle Afrikaanse leiers op politieke en kulturele gebied ten opsigte van die republikeinse ideaal en beleid bereik.

Hierdie eenheid van beleid in die verset teen die oorlogspoging is egter nie weerspieël in 'n eenheidsoptrede ter verwesenliking daarvan nie. Op politieke gebied het, sedert die

grootse verwagtings van die Monumentkoppie-byeenkoms, eerder verbroekeling as eenwording gevolg.

Die oorlogsjare-verdeeldheid van die Afrikaner op politieke gebied wortel direk in die verdeeldheid wat in 1934 met die samesmelting van die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party ontstaan het. 'n Gedeelte van die Nasionale Party, onder leiding van dr. D. F. Malan, het in daardie jare met negentien verteenwoordigers in die Volksraad die opposisie gevorm. Hierdie Nasionale Party het die ideaal van republikanisme baie duidelik in groot letters op sy banier geskryf.

Met die bedanking van genl. Hertzog en sy volgelinge uit die Kabinet in September 1939 is van alle kante pogings aangewend om die breuk van 1934 tussen genl. Hertzog en dr. Malan en hul volgelinge te herstel. Pogings om genl. Hertzog en sy ondersteuners, wat hulself in 'n Volksparty georganiseer het, te verenig met dr. Malan en sy volgelinge in een politieke party het egter nie glad verloop nie.

Uiteindelik, op 27 Januarie 1940, het egter 'n verklaring van genl. Hertzog en dr. Malan in die pers verskyn waarin meegedeel word dat 'n eenwording-ooreenkoms ten opsigte van die stigting van 'n Herenigde Nasionale Party of Volksparty bereik is. Die eerste tekens dat dit nie alles wel was met hierdie eenheid nie, het gekom toe die Nasionale Party in die twee tussenverkiesings in Winburg en Hoopstad nie samewerking met die Volksparty gereël het nie en 'n republikeinse volksdemonstrasie in Bloemfontein op 20 Julie teen die wense van genl. Hertzog gehou is.

Die Bloemfonteinse demonstrasie, wat belê is met die doel om aktiewe en onmiddellike konstitusionele maatreëls te tref vir die totstandbring van die Republiek, het ook dr. Malan verontrus. Hy het dit veral gehad teen die Aksiekomitee wat in die lewe geroep is om hierdie aktiewe maatreëls uit te werk. Hy het sy toehoorders op 25 Julie in Worcester gewaarsku teen rebellie en geweld. Die Republiek moet langs konstitusionele weg verwesenlik word, en daarin moet die taal, kultuur en regte van althwe volksgroepe gewaarborg word, het hy gesê. Die verwesenliking van die Republiek moet deur die amptelike Party-kanale geskied.

Die feit dat die Party 'n federale party was, het elke provinsie die reg gegee om sy eie Program van Beginsels op te stel. Genl. Hertzog het vroegtydig te kenne gegee dat hy self die ontwerpprogram vir die Vrystaat, waarvan hy die leier was, sal opstel. Eindelik het dan ook genl. Hertzog se program en die Federale Raad se program verskyn as leidrade vir die Vrystaatse Kongres van die Herenigde Party. Die Kaaplandse Kongres het reeds die Federale Raad se program aanvaar. Op die Vrystaatse Kongres, wat op 5 November 1940 plaasgevind het, is genl. Hertzog se program as basis van bespreking verwerp en die Federale Raad s'n aangeneem. Die eintlike

strydvraag wat ontwikkel het, was die duidelike waarborg van die Engelse se politieke regte in Suid-Afrika. Dit alles het uitloop op genl. Hertzog se bedanking as leier van die Vrystaat.

Die politieke verdeeldheid van die anti-oorlogse Afrikaners was nou 'n voldonge feit. Twee maande later is die Afrikaner-party gestig en het die verdeeldheid sy vaste beslag gekry. Van die 37 Verenigde Party-Volksraadslede wat genl. Hertzog in September 1939 gevolg het, het 10 by die Afrikanerparty aangesluit. Die oorblywende 27 het nog lede van die H.N.P.-koukus gebly. Hul werklike leiers was inmiddels genl. J. Kemp en adv. O. Pirow.

Terwyl hierdie verbroekeling op die partypolitieke terrein besig was om homself uit te woed, het die Ossewabrandwag die beleid en leuse van 'n daadkragtige volkseenheid bo die partypolitieke terrein met die oog op die spoedige totstandbringende van 'n republiek met groot welslae verkondig. Afrikaners in hul tienduizende het toegestroom tot die geleedere van die Ossewabrandwag. Maar ook ten opsigte van die O.B. het spoedig 'n stryd in Afrikanergeleedere ontbrand wat sou uitloop op 'n verdere diepere verbroekeling van die republikeinse kragte op politieke gebied.

Teen die einde van 1940, net ná die bedanking van kol. Laas as leier van die O.B. en voor die benoeming van sy opvolger, is 'n ooreenkoms tussen die H.N.P. en die O.B., bekend as die Cradock-ooreenkoms, aangegaan met die oog op die afbakening van terreine waarop hierdie twee organisasies hul kragte moes saamtrek. Daarin heet dit, onder meer, dat die twee organisasies hul elk op sy eie terrein sal hou en hartlik met mekaar sal saamwerk. As hooftaak van die O.B. word genoem die uitlewing en beskerming van die Voortrekkerideale, waaronder veral ook die stigting van 'n vrye onafhanklike Christelik-nasionale Republiek. Verder word die totstandbringende en die bevordering van 'n hegte, doelbewuste en blywende Afrikaner-volkseenheid as doelwit nadruklik gestel. Ook het die O.B. „as organisasie” aanvaar om geen ondermynende bedrywighede en geen gebruikmaking van geweld na te streef of te duld nie, en om nie bevriende politieke partye in hul bedrywighede op enige wyse te ondermyn nie.

Die latere verloop van sake het getoon dat hierdie ooreenkoms nie op duidelike en skerp onderskeidings tussen die aard, take, oogmerke en strewe van die twee organisasies berus het nie. Dr. J. F. J. van Rensburg, wat in Januarie 1941 die leiding van die O.B. aanvaar het, het in sy eerste toespraak die klem laat val aan die een kant op die taak van die O.B. om die Afrikanerdom te mobiliseer en te beskerm in die uur van sy ernstige bedreigings deur sy vyand, en om daarteen gedissiplineerde weerstand te bied, en aan die ander kant om 'n vrye republiek, wat 'n erfenis van die Afrikaner is, te verkry. Oor die beskuldiging dat die O.B. „ondemokraties” is, het hy verklaar

dat hy niks teen die demokrasie in sy akademiese betekenis het nie, dog as 'n stelsel uitgedien is en skadelik geword het, moet dit opsy gewerp word. Onder die vaandel van die demokrasie het die kapitalistiese imperialisme ons volk verkneg, het hy later bygevoeg. Hy beywer hom liewers vir 'n stelsel van volksregering waarin die Afrikanervolk as organiese en morele begrip en met net Suid-Afrika as vaderland homself regeer.

Al hierdie inhoudsmomente van die O.B. het spoedig skywe geword in 'n politieke broedertwis. Die onmiddellike aanleiding daartoe was 'n verdere verbokkeling wat op die partypolitieke terrein begin dreig het, naamlik die stigting van die Nuwe Orde-groep binne die H.N.P. deur adv. O. Pirow. Wrywingspunte tussen die H.N.P. en die O.B. het reeds by verskillende geleenthede, hoewel oor minder belangrike en selfs verbygaande sake, ontstaan. 'n Voorlopige Volkseenheidskomitee, die eintlike voortsetting van die Beleidskommissie wat die Republikeinse Grondwet opgestel het, het hom dan ook begin beywer om 'n moontlike breuk tussen die H.N.P. en die O.B. te voorkom. Uit hierdie pogings het die Afrikanereenheidskomitee as koördinerende komitee van die H.N.P., die O.B., die F.A.K. en die Rdb. te voorskyn getree. Langs hierdie weg is dan ook 'n tydlank, totdat die Nuwe Orde-krisis ontstaan het, 'n openlike breuk tussen die H.N.P. en die O.B. voorkom.

Dr. Van Rensburg het op Elsburg, op 9 Augustus 1941, toe dit duidelik geword het dat die Transvaalse Kongres van die H.N.P. moontlik stelling gaan inneem teen die Nuwe Orde-groep, klem gelê op die taak van die O.B. om aan alle republikeinse Afrikaners 'n tuiste te bied, hoe hulle ookal op partypolitieke gebied verdeeld raak. „Die O.B. is vir die hele volk — hy dek die hele front,” het hy gesê. Hierop het dr. Malan agt vrae ter beantwoording aan dr. Van Rensburg gestel, vrae wat daarop gedui het dat hy die bestaande ooreenkoms tussen die O.B. en die H.N.P. as verbreek beskou het, veral ten opsigte van die bepaling dat die O.B. sou onderneem het om die politieke leiding van die H.N.P. te erken. Hoewel die Afrikanereenheidskomitee se poging om 'n breuk tussen die H.N.P. en O.B. te voorkom tydens 'n vergadering op Bloemfontein in die begin van September skynbaar geslaag het, het ander gebeurtenisse, bo alles die bedanking van ds. C. R. Kotzé as Voorsitter van die O.B. se Grootraad en dr. Malan se nuwe eis dat die O.B. die aksiefront van die H.N.P. word, gelei tot 'n kloof wat nie meer oorbrug kon word nie.

Lede van die O.B. wat nog ondersteuners van die H.N.P. was, is deur die Partyleiers gevra om die O.B. te bedank. Die nuwe verdeeldheid op politieke gebied was 'n voldonge feit. Die H.N.P.-lede het veral gewaarsku teen die nasionaal-sosialistiese staatstelsel en teen metodes van rebellie en geweld om 'n republiek te verkry — twee opvattings wat die O.B. ten laste gelê is. Alle latere pogings om die breuk te heel het misluk.

Die Afrikaner se voorgename politieke verset teen die oorlogspoging deur middel van 'n openbaring van daadkrachtige volkseenheid waarteen geen vyandige regering enige viktimiserende optrede sou waag nie en wat as grondvoorwaarde vir die vestiging van 'n vrye Christelik-nasionale, onafhanklike republiek sou dien, was 'n totale mislukking. Selfs die grootse poging, die enigste in ons geskiedenis, om die Afrikaner-organisasies op alle lewensgebiede in 'n saambindende koördinerende liggaam tot verwesenliking van ons volk se volledige selfstandigheid saam te snoer, het na 'n kortstondige bestaan ten gronde gegaan.

* * *

Die stappe wat oorweeg en gedoen is met die oog op die totstandkoming van 'n vrye republiek in Suid-Afrika hang, wat die partypolitieke verset betref, ten nouste met die beleid en optrede van die opposisiepartye in die Volksraad saam.

Hierdie partypolitieke verset het, soos ons gesien het, onmiddellik ná die oorlogsverklaring ingetree. Dr. Malan en genl. Hertzog sowel as ander vooraanstaande lede van die Hertzog-groep in die Verenigde Party en ander leiers van die Nasionale Party het die volk in onomwonde taal gevra om te getuig dat hulle gekant is teen deelname aan „Brittanje se oorloë.”

Aangesien die parlement onmiddellik ná die oorlogsverklaring verdaag is, is die eerste politieke beroepe op die Afrikaner om afsydig te staan buite die parlement op politieke vergaderings gedoen. Op die Transvaalse Kongres van die Nasionale Party wat op 27 September 1939 gehou is, het dr. Malan verklaar dat, as die oorlog in Duitsland se guns beëindig word, ons 'n verstandhouding met Duitsland oor Suidwes-Afrika moet verkry, en dit vroegtydig langs die weg van onderhandeling. Kort daarná, in Bloemfontein, het dr. Malan herhaal dat Suid-Afrika 'n republiek gaan word en dat hierdie ideaal onverpoosd verkondig sal word. Genl. Hertzog het op die V.P.-byeenkoms aan die begin van November in Bloemfontein, waar genl. Smuts se optrede goedgekeur is, verklaar dat die H.N.P., waarvan hy die leierskap aanvaar, hom sal beywer om vrede met Duitsland te sluit.

Met die opening van die Volksraad op 19 Januarie 1940 het die regering wetgewing ingedien om regsgeldigheid te verleen aan die stappe wat gedoen is kragtens die Noodregulasies wat intussen uitgevaardig is. Genl. Hertzog, leier van die Opposisie, het voorgestel dat „die Raad van oordeel is dat die tyd gekom het om die oorlog teen Duitsland te beëindig en dat die vrede herstel moet word.” Suid-Afrika is in die oorlog net omdat Brittanje daarin is, het hy gesê. Die vredesaanbod wat Hitler ná die oorweldiging van Pole gedoen het, moet aanvaar word, het hy bygevoeg. Dr. Malan het genl. Hertzog se mosie gesteun. Rassevrede in Suid-Afrika is alleen moontlik op

grondslag van die verbreking van die Britse konneksie, het hy onder andere gesê. Die mosie is met 81 teen 59 stemme verwerp.

Op 28 Januarie is aangekondig dat die twee nasionale groepe as 'n eenheid in die parlement onder leiding van genl. Hertzog sal optree en een koutus sal vorm.

Met hierdie sitting is talle vrae gestel oor internerings wat reeds plaasgevind het, oor die aanstelling van 'n Staatsinligtingsbeampte, oor die verbod op vergaderings en is veral veroordelende debatte gevoer teen die regering se oorlogsmaatreëls. Gevoelens het by tye hoog geloop.

Die herenigingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Volksparty is vervolgens in Februarie en Maart 1940 deur die kongresse van die twee partye bekragtig. In die ooreenkoms is 'n kompromisformulering van die republikeinse ideaal opgeneem waarmee altwee die partye tevrede gestel is. Dit het daarop neergekom dat die nuwe party oortuig is dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk, hom die beste aanpas by die tradisies en aspirasies van die Afrikaanse volk. Daarby is bepaal dat die Republiek slegs op die breë grondslag van die volkswil en ingevolge 'n spesiale kiesersopdrag tot stand gebring sal word.

Die Duitse offensief wat in Mei 1940 met verbysterende welslae in die Weste van stapel gestuur is, en die moontlikheid dat ook Brittanje voor die militêre oormag kon swig, het die politici laat dink aan 'n nuwe en miskien nabye metode om die Republiek in Suid-Afrika te vestig. Hoofsaak was in elk geval dat Suid-Afrika hom so gou doenlik aan die oorlog onttrek en dat „aktivistiese” leiers die moontlikheid van 'n direkte metode om 'n republiek te stig sal voorberei. Genl. Hertzog het 'n brief aan genl. Smuts gerig om te beklemtoon dat verdere deelname aan die oorlog hopeloos is. Genl. Hertzog en dr. Malan het 'n beroep op die Afrikanerdom gedoen om deur middel van volksdemonstrasies die regering te dwing om vrede met Duitsland te sluit. Verder is op 'n gesamentlike vergadering van die hoofbesture van die Hertzog-groep en die Nasionale Party in die Vrystaat die wenslikheid bespreek om die volk tot 'n groot republikeinse demonstrasie op te roep. Hoewel genl. Hertzog nie daarvoor te vind was nie, het dr. N. J. van der Merwe namens 'n „Aksiekomitee” alle Afrikaners versoek om op 20 Julie in Bloemfontein byeen te kom om aktiewe en onmiddellike stappe, langs konstitusionele weg, te doen om 'n republiek tot stand te bring. Op die byeenkoms was nagenoeg 30,000 persone teenwoordig. Onder meer is besluit dat die tyd gekom het vir die skepping van 'n vrye, onafhanklike republiek, dat dit gevestig moet wees op Christelik-nasionale beginsels en dat dit die plig van die politieke leiers is om 'n republiek te eis. Ook is besluit om 'n aksiekomitee in die lewe te roep om uitvoering aan hierdie besluite te gee. Dr. Malan het hom egter nie verenig met die idee van 'n aksiekomitee nie.

In Augustus 1940 het die regering die Parlement byeen-geroep om goedkeuring te heg aan die oorlogsverklaring teen Italië, wat intussen tot die oorlog togetree het, aan ongematigde uitgawes wat aangegaan is en aan die stuur van 'n veldmag na die Noorde. Genl. Hertzog het die geleentheid aangegryp om voor te stel dat „die Raad die feit betreur dat die Regering bly volhard in sy oorlogsbeleid en sy diepe afkeuring uitspreek oor die wyse waarop daardie beleid uitgevoer word, en besluit dat dadelik alle pogings aangewend en gedoen sal word om die vrede met Duitsland en Italië te herstel.” Na aanleiding van die gewere wat opgeroep was, het hy gesê: „Die woede van 'n volk, regmatig ontstoke, sal op die duur nog steeds blyk magtiger te wees as die wapen van die onderdrukker. En die woede van die Afrikanervolk, aangewakker deur die van dag tot dag in sy weerloosheid op hom gepleegde dade van geweld en vernedering, is reeds aan die gis.” (Hy het verwys na die soldate-onluste in Kaapstad, Stellenbosch, Potchefstroom en aan die Rand.)

Dr. Malan het genl. Hertzog se mosie in ewe kragtige maar meer omsigtige bewoording gesteun. Engeland het geen bondgenote nie, omdat die wêreld oortuig is dat Engeland geen kans het om die oorlog te wen nie. „As Duitsland die oorlog wen, is ons in die gelukkige posisie dat Duitsland se oorlogsdoel en ons begeerte om in Suid-Afrika 'n Republiek te kry, saamval met mekaar mits ons dit vir Duitsland duidelik maak dat die volk van Suid-Afrika die Eerste Minister en sy oorlogsverklaring en sy voortsetting van die oorlog repudieer,” het hy betoog.

By hierdie geleentheid het mnr. F. C. Erasmus die strewe, doen en late van die O.B., wat aan skerpere regeringsvervolging blootgestel was, met 'n gloeiende pleidooi verdedig. Adv. H. G. Lawrence se beskuldigings teen die O.B. en die sogenaamde „onthullings” waarmee hy die Volksraad die skrik op die lyf wou jaag, is ontsenu, bespot en weerspreek.

Die res van hierdie jaar is hoofsaaklik in beslag geneem deur die politieke stryd binne die Afrikanergeleedere wat uitgeloop het op die bedanking van genl. Hertzog en mnr. Havenga as lede van die Volksraad en op die latere stigting van die Afrikanerparty. Op die Transvaalse Kongres van die H.N.P. wat aan die begin van Desember te Pretoria gehou is, is onder meer besluit dat die Republiek deur 'n meerderheidsbesluit van die Parlement tot stand gebring sal word en dat Jode nie lede van die H.N.P. in Transvaal sal word nie.

Met die opening van die Parlement op 27 Januarie 1941 was die Nasionale opposisie in twee groepe verdeel: die Afrikanerparty onder die parlementêre leiding van genl. Edwin Conroy, gesteun deur 10 Volksraadslede, en die H.N.P. onder leiding van dr. Malan. Op 4 Februarie het dr. Malan sy mosie van wantroue in die regering gestel. Dit het gekom net na die ernstige soldate-onluste wat oor die naweek in Johannesburg plaasgevind het. As hooftema van sy wantrouemosie het hy die

onoorbrugbare kloof tussen die Suid-Afrikaanse nasionalisme en die Britse imperialisme geneem. Hierdie verdelende kloof kan alleen verwyder word as die Suid-Afrikaanse nasionalisme volledig seëvier. As vernaamste voorwaarde vir hierdie toestand stel hy die verbreking van die Britse konneksie. „As Suid-Afrika op 4 September sonder die Britse konneksie was, sou niemand gedroom het om oorlog teen Duitsland te verklaar nie,” het hy gesê. Genl. Conroy het dr. Malan se mosie gesteun maar ook het hy die gees wat die huidige opposisie besiel gekritiseer.

Ná hierdie sitting het die Voorlopige Volkseenheidskomitee onder leiding van prof. L. J. du Plessis die uitbouing van 'n omvattende eenheid van alle Afrikaanse kragte met groot beslistheid aangepak. Met die oog op die wenslikheid van 'n kragdadige eenheidsoptrede is 'n verklaring namens die Volksorganisasies (die F.A.K., die Rdb., die O.B., die Ekonomiese Instituut) opgestel en op 2 Junie aan dr. Malan aangebied. Daarin word nadruk gelê op die noodsaaklikheid van 'n eenheidsoptrede op 'n Christelik-nasionale grondslag en word steun gebied aan politieke optrede wat hierdie beginsels huldig, waaronder veral die strewe na 'n vrye, onafhanklike, republikeinse, Christelik-nasionale staat gegrondves op Gods Woord, met vermyding van vreemde modelle en geskoei op die Vrystaatse en Transvaalse Republieke en aangepas by moderne omstandighede. By geleentheid van die vergadering waarop hierdie verklaring met die H.N.P.-leiers bespreek is, is ook in beginsel aanvaar om 'n koördinerende liggaam tussen die H.N.P., die O.B., die F.A.K. en die Rdb. in die lewe te roep. Die volgende dag het die Uniale Kongres van die H.N.P. in Bloemfontein plaasgevind. Dr. Malan het die verklaring namens die volksorganisasies verwelkom. Prof. Du Plessis het daarop die voorstel insake 'n koördinerende liggaam op die kongres ingedien. Die H.N.P. is op die gebied van die partypolitieke leiding aanvaar as die enigste organisasie wat die nasionaalgesinde Afrikanerdom verteenwoordig. Dr. Malan sal voortaan as Volksleier optree en is met buitengewone magte bekleed.

Op 3 Julie het die O.B. sy omsendbrief 1 van 1941 uitgestuur, waarin die beginsels en vernaamste besonderhede van die republikeinse Ontwerp-Grondwet uiteengesit is. Die O.B. het later, op 'n eis van dr. Malan, hierdie omsendbrief teruggetrek. In die tweede deel van die jaar het die wrywing tussen die H.N.P. en die O.B. toegeneem in intensiteit en het die botsing tussen die H.N.P. en die Pirow-groep vinnig na breekpunt begin beweeg. Voor die einde van die jaar was die breuk tussen die H.N.P. en die O.B. dan ook volkome en finaal.

Op die Transvaalse H.N.P.-kongres van 12 en 13 Augustus het dr. Malan die Party se standpunt ten opsigte van die

nasionaal-sosialisme duidelik gestel. Hy het gesê dat waarskynlik 85% van adv. Pirow se Nuwe Orde-program ooreenstem met die fundamentele beginsels van die H.N.P. Sy party onderskryf egter nie die een-partystelsel van die nasionaal-sosialisme nie. Die Kongres het die propagering van die Nuwe Orde-program binne die party dan ook afgekeur. Op 17 Augustus het adv. Pirow aangekondig dat hy met negentien ander Volksraadslede hulle in 'n aparte groep konstitueer en hulle nie gaan onderwerp aan die kongresbesluit nie. Hulle het egter hul lidmaatskap van die H.N.P. nie opgesê nie. Aan die begin van 1942 het adv. Strydom egter geëis dat die Nuwe Orde-groep onomwonde moet sê waar hulle staan, uit die Party moet tree en hom dan openlik beveg. Op 14 Januarie het adv. Pirow aangekondig dat sy groep nie die H.N.P.-koukus sal bywoon nie en as 'n selfstandige groep in die Parlement gaan optree. Hiermee was die skeiding dan ook voltrek. Aan die begin van 1942 was ons volk in vier organisasies op die breë politieke terrein verdeeld: die H.N.P., die O.B., die Afrikanerparty en die Nuwe Orde-groep.

Die belangrikste ander ontwikkeling op politieke gebied aan die einde van die vorige jaar was die Duitse offensief in Rusland, wat die skyn van 'n oorrompeling begin aanneem het. Hierdie ontwikkeling in die Europese oorlog het dr. Malan daartoe gelei om voor te stel dat 'n Nasionale Komitee van 15 tot 20 lede deur hom in die lewe geroep word om namens die hele Afrikanerdom op te tree. Die Komitee sal beheer uitoefen oor die Gesamentlike Afrikaanse Opposisie, insluitende die H.N.P. 'n Uitgerekte onderhandeling met die O.B. het gevolg, dog uiteindelik het die voorstel op niks uitgeloop nie.

Met die opening van die Parlement in 1942 het die toetrede van Japan en Amerika tot die oorlog 'n nuwe element in die parlementêre stryd gebring. Dr. Malan het met die eerste geleentheid 'n omvattende mosie oor die Afrikaner se republikeinse strewe en ideale ingedien. Hy het voorgestel dat, met die oog op die ernstige krisis waarin ons land weens sy deelname aan die oorlog betrokke geraak het, „die Raad verklaar:—

- (a) Dat ons hoogste volksbelange alleen gedien kan word deur die omskepping van S.A. in 'n republiek, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk en vry en onafhanklik van enige ander buitelandse mag;
- (b) Dat sodanige republiek nie geskoei mag wees op vreemde model nie, maar gebou moet word ooreenkomstig ons eie volksaard en tradisies en op die beginsels van volksregering soos dit beliggaam was in die twee gewese Suid-Afrikaanse Republieke, met wegbreking egter van alles wat vals en volkskadelik is in die hierbestaande Britse liberalistiese demokrasie en met die nodige aanpassing aan moderne omstandighede;

- (c) Dat dit Christelik-nasionaal moet wees in wese en karakter en gegrond moet wees op die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies van die blanke bevolking;
- (d) Dat dit veilig gemaak moet word vir die blanke ras en sy beskawing ooreenkomstig die voogdskapbeginsel; en
- (e) Dat dit doeltreffend beskerm moet word teen die kapitalistiese en parasitiese uitbuiting van sy bevolking sowel as teen ondermynende invloede van vyan-diggesinde onnasionale elemente."

Genl. Conroy het die mosie namens die Afrikanerparty nie ondersteun nie en as amendement voorgestel dat die Raad sy afkeuring uitspreek oor die wyse waarop die regering „ons demokratiese regte en onafhanklike status" geweld aandoen deur ons krygsmagte buite die land te stuur, nuwe oorloë te verklaar en ooreenkomste aan te gaan sonder raadpleging van die Parlement. Hierby het hy die republikeinse beleid wat in die herenigingsooreenkoms opgeneem is, gestel as die waarborg van ons volk om nie weer in Groot-Brittanje se oorloë gesleep te word nie. Hy het bygevoeg dat sy Party nie die regering sal teenwerk in die uitvoering van 'n besluit wat deur die Parlement geneem is nie.

Adv. Pirow het dr. Malan se mosie namens die Nuwe Orde-groep gesteun. Hy wil egter 'n Christelike, Afrikaner-Republiek op grondslag van Afrikaner-nasionaal-sosialisme hê.

Dr. Malan het weer betoog dat, solank die Britse konneksie bestaan, dit hopeloos sal wees om volkseenheid in Suid-Afrika tot stand te bring. Hierdie oorlog, watter kant ookal sal wen, sal die einde van die kapitalisme meebring. Die Republiek moet langs konstitusionele weg tot stand gebring word tensy dit deur „'n stoot van buite" gestig word.

Later in die sitting het adv. Pirow die aandag van die Volksraad gevestig op die kommunistiese bedrywighede in Suid-Afrika en gevra dat dit ondersoek word. Ook hierdie mosie is verwerp.

Die Afrikaner se partypolitieke verset teen die oorlog het vanaf hierdie Parlementsitting tot met die beëindiging van die oorlog aan krag en intensiteit begin afneem. Die aandag van die politici het meer geleidelik toegespits begin raak op die land se ekonomiese probleme wat ná die oorlog sal intree. In Junie 1942 het dr. Malan 'n versekering van Duitsland gevra omtrent sy oogmerke met Suid-Afrika. 'n Maand later is oor die Duitse radio verklaar dat Duitsland nie die minste begeerte het om Suid-Afrika te regeer nie.

Die H.N.P. het in April 1942 aan 7 van die 12 Provinsiale Raad- en Volksraad-tussenverkiesings deelgeneem. Die O.B. het

reeds te kenne gegee dat hy steun sal verleen aan alle republikeinse kandidate wat hom nie vyandig gesind is nie. Die H.N.P. het drie setels gewen en in die algemeen 'n sterk posisie geopenbaar. Met die Uniale Kongres wat op 16 September in Pretoria gehou is, is die posisie van die H.N.P. verder gekonsolideer en voorbereidings getref vir die algemene Verkiesing die volgende jaar.

Die H.N.P., versterk deur die ontwikkelings van die vorige jaar, het die Parlementsitting van 1943 aangegryp om homself voor te berei vir die oorname van die Regering, so nie by die komende verkiesing nie dan by die een daarná. 'n Groot skaalse veldtog is reeds die vorige jaar geloods om die fondse van die Party te sterk. Die gebruiklike wantrouemosie aan die begin van die sitting is aangewend om 'n grondige en uitgebreide mosie oor maatskaplike veiligheid in te dien. Hierin is die H.N.P. se ekonomiese beleid tot in fyn besonderhede uitgewerk en aan die publiek bekendgemaak.

Die H.N.P. het intussen homself slag gereed gemaak vir die algemene verkiesing wat in Julie sou plaasvind. Geen ooreenkoms is met die O.B., die A.P. en die Nuwe Orde-groep aangegaan nie. Die H.N.P. sou die verkiesing net op eie krag en op eie pote aandurf. Die H.N.P. het 110 kandidate en die A.P. 24 kandidate gestel. Daar was verder nog 11 Volkseenheidskandidate en een Onafhanklike kandidaat. Die uitslag was dat die Verenigde Party se ledetal in die Volksraad van 70 tot 89 aangegroei het. Die H.N.P. het twee setels bygekry om op 43 te staan te kom. Die A.P.- en die Eenheidskandidate het almal uitgeval. Die totale oorlogsopposisie in die Volksraad het van 66 tot 43 lede gedaal. Die regering het al die voordele van 'n oorlogs-verkiesing geniet.

In die provinsiale verkiesings wat in Oktober 1943 plaasgevind het, het die regering in al die provinsies, behalwe die Vrystaat, ook oorwinnings behaal. Die H.N.P.-kandidate was ook in hierdie geval op een uitsondering na, die enigste opposisievertegenwoordigers, met een uitsondering, wat die paal gehaal het.

Van nou af het die H.N.P. al sy kragte toegespits op die volgende verkiesing, 'n inspanning wat dan ook in 1948 met welslae bekroon is toe dr. Malan die Eerste Minister van Suid-Afrika geword het. Die verset teen die oorlog het tot aan sy einde in Mei 1945 steeds minder die aandag geniet.

In hoeverre die politieke verset teen die oorlog meegeewerk het om 'n vrye, onafhanklike Christelik-nasionale republiek, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk, nader aan sy verwesenliking te bring, sal die toekomst ons wellig leer.

P. J. Meyer.

AFRIKANERVERSET IN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

'N AFRIKAANSE digter het die diepe gedagte geuit dat die tragiek van 'n geslag van 'n oorwonne volk nie daarin lê dat die geslag 'n mislukte opstand pleeg nie dog wel daarin dat dit geen opstand gepleeg het nie. Met ander woorde elke geslag moet die bereidwilligheid toon om hom op die altaar te lê sodat geen skakel in die ketting van vryheidsliewende geslagte ontbreek nie.

Ons kan die twee geslagte na die verlies van ons Republikeinse vryheid in 1902 aan hierdie maatstaf toets.

In Augustus 1914 het Suid-Afrika, getrou aan Brittanje se voorbeeld en Brittanje se belange, oorlog verklaar teen Duitsland en volgens sy vermoë militêre stappe gedoen. Binne enige maande het die republikeinse deel van ons volk in verset teen die regering gekom. Hulle het in die eerste plek gemeen dat Engeland se oorloë nie ons oorloë hoef te wees nie, en ook het hulle gevoel dat daar 'n kans bestaan om die verlore republikeinse vryheid weer terug te wen as die oorlog vir Engeland verkeerd sou loop. Ook het 'n sekere mate van vriendskaplike gevoelens teenoor die Duitsers, wat ons nog nooit leed aangedoen het nie, wel daartoe bygedra.

Die verset het in die Rebelle van 1914 gekulmineer en het nagenoeg eenduisend lewens gekos. Daarna het 'n groot deel van die leiers in die Fort beland, en vir enige maande het die gevange manskappe en minder prominente offisiere in 'n Kimberleyse kampong gebly. Min of meer wat ons vandag, in die lig van die Tweede Wêreldoorlog, sou noem „geïnterneerdes.” En — hierdie saak is baie belangrik! — vanaf die tweede helfte van 1915 tot die einde van die oorlog was die land kalm en het die Botha-Smuts-regering na hartelus en onbelemmerd deur binnelandse oorwegings die oorlogstaak voortgesit.

Die Rebelle was dus, militêr gesproke, 'n volslae mislukking, maar die feit bly dat in die Eerste Wêreldoorlog daar wel Afrikanerverset was. En daaruit het die volgende geslag sy besieling geput. Ook in 1939 het Suid-Afrika, getrou aan Brittanje se voorbeeld en aan Brittanje se belange, oorlog teen Duitsland verklaar en volgens sy vermoë militêre stappe gedoen. Weer het die republikeinse deel van ons volk gemeen dat Engeland se oorloë nie ons oorloë hoef te wees nie en verder dat daar 'n kans was om die verlore republikeinse vryheid terug te wen as die oorlog vir Engeland verkeerd sou loop. Ook het 'n sekere mate van vriendskaplike gevoelens teenoor die Duitsers, wat ons nog nooit leed aangedoen het nie, daartoe bygedra.

'n Werklik opvallende parallelisme in die geskiedenis binne twee geslagte. En vir die stukrag en egtheid van die republikeinse gedagte in ons volk sou dit van baie groot betekenis wees as daar weer, soos in 1914, verset gekom het.

Was daar verset? Die blote vraag lyk al asof die antwoord ontkennend moet wees; want hoe kan daar verset in 'n volk kom sonder dat die volk daarvan bewus is of altans 'n groot deel van die volk daarvan bewus is? Ons sal probeer om die vraag aan die hand van enige feite te beantwoord; dalk is dit wenslik om eers aan te toon wat die oorlogsregering verwag het en watter stappe dit gedoen het om verset by voorbaat te ontsenu.

Byna onmiddellik na die oorlogsverklaring het die Regering by wyse van Noodregulasies homself sekere outoritêre magte toegeken wat die „demokratiese” regte van die enkeling summier in die snippermand gegooi het waar dit die Regering mag behaag. Handelende kragtens hierdie regulasies het die Regering sommer vroeg-vroeg Afrikaners sonder aanklag of verhoor laat interneer; Afrikaanssprekende Afrikaners wat nog nooit ander burgerskap as Suid-Afrikaanse burgerskap gehad het nie. Ook het die Regering 'n ander stap gedoen wat bewys dat hulle 'n herhaling van 1914 se verset gevrees het: hulle het alle koeëlgewere van sekere kalibers (feitlik alles behalwe .22 en olifantsgewere) opgeëis en sodoende die burgerlike bevolking feitlik ontwapen. Daar is hewige protesvergaderings gehou, en kwaai besluite is geneem deur die bevolking, en daarna het geen haan weer daarna gekraai nie. Net die polisie. En die gewere is hoopsgewyse en op enige uitsonderings na ingehandig. Ongeregistreerde gewere was natuurlik nie kontroleerbaar nie, en ons twyfel nie dat baie van hulle versteek en later weer uitgehaal is nie.

Dus — nog steeds met 'n oog op 1914 en die ooglopende parallelisme — gewapende opstand was 'n vorm van verset wat, gerade of nie, by voorbaat uitgeskakel was. Om die eenvoudige rede dat daar geen wapens was nie.

Maar was daar verset?

Daar was teenkanting, natuurlik. Daar was koue woede onder die republikeinsvoelende deel van die volk. Ook in die Parlement, waar die parlementêre Opposisie onder generaal Hertzog skerp teen die oorlogsbeleid van die Regering geïnteresseerd was — 'n beleid wat juis die rede vir generaal Hertzog en enige kollegas se uittrede uit die Kabinet was. Maar ons voel dat die parlementêre optrede tereg met die woord „opposisie” aangedui kan word eerder dan „verset” of „opstand.” En koue woede onder republikeinsvoelendes, hoe eg ook al, is nog maar 'n gevoelskwessie en geen daad nie. Daadwerklike handeling teen 'n oorlogvoerende regering is iets heel anders, en dit vereis organisasie, gesamentlike optrede, bymekaarstaan, selfs waar die Staat met al sy magsmiddels teen jou optree.

Sulke bymekaarstaan en sulke gesamentlike optrede sou wel weerklanke vind in die openbaar en ook in die openbare pers. Besmoontlik gedempte en verwronge weerklanke, al na gelang van die betrokke pers se sienswyses en motiewe. Maar, nietemin, weerklanke.

Was daar so iets?

Ons verwys die leser wat sake wil nagaan gerus na die dagblaai en parlementstoesprake van daardie dae; veral na dié van die eerste helfte van 1942. Presies wat en hoekom dinge gebeur het, sal hy wel nie uit die koerante kan wys word nie; maar dat dinge gebeur het, somer baie dinge gebeur het, sal hom terdeë bekend word.

En veral een ding sal hy met 'n bedenkbare sug vasstel: Ai, die sabotasie! Ag ja, die lieue sabotasie! Ons bespreek dit later nader.

Laat ons een ding vooropstel: daar was oomblikke van die hoogste spanning en van selflose opoffering wat die jeug van die toekoms (insoverre dié ingelig is) kan besiel. En as daar net op onwettighede gelet wil word, dan moet die opletende besef dat daar onwettighede van twee kante gekom het en dat die Afrikaner aan die kortste kant was. Die Regering het manne gevat en maande lank in polisie- en tronkselle laat kwyn, sonder dat hulle aangekla of verhoor is, selfs sonder die reg om 'n prokureur of advokaat te mag raadpleeg, kwansuis vir „ondervraging.” Waar onder sulke uittartende en werklik ultimatiwe omstandighede die vernedering en die provokasie deemoedig gesluk word, daar het die vyand wel alle rede om aan te neem dat die wil tot verset in die volk gebreek is.

Maar in die geval van die republikeinse Afrikaner het dit nie by deemoedige berusting in onderdrukking gebly nie. Goddank nie.

In verskeie gevalle het die manne wat in die gevangenis aangehou is, hongerstakings — soms massa-hongerstakings op tou gesit. En buite die gevangenis het hul kamerade teruggeslaan met die enigste wapens, deuskant bloedvergiëting, wat tot hul beskikking oorgebly het. Op groot skaal het hulle die Regering se oorlogspoging (wat tog die grondslag en oorsaak van die hele onderdrukking was) gedwarsboom en in die wiewe deur regeringskommunikasies te versteur en die Regering te dwing om honderde en nogmaals honderde plekke te bewaak met soldate en toerusting wat anders vir die aktiewe oorlog daar buite die Unie beskikbaar sou gewees het. En die politieke speurders wat so naartiglik na mede-Afrikaners gesoek het om dié te interneer of te „ondervra” het die hande meer as vol gehad . . . en dikwels met minder sukses. Voortvlugtiges, wat te midde van hul voortvlugtigheid nog steeds met hul weerwraakaksie aangehou het, is deur kamerade kruis en dwars deur die land vervoer en van plek tot plek versteek en

gehuisves waar hulle met hul organisasie kontak gemaak het. In die polisiegeledere self was daar talryke manne wat sterk nasionaal gevoel het en wat met die vervolgdges gesimpatiseer het. Baie polisie was self lede van die militante „Stormjaer“-organisasie, wat oor die algemeen die spit moes afbyt van republikeinse en anti-oorlogse optrede. Ons kan die organisasie waarop die verset berus het, in groot trekke aandui deur te sê dat die aksie deur die Stormjaers en die ondersteuningsaksie (versteking, vervoer en Noodhulp vir die afhanklikes van voortvlugtiges en gevangenes of geïnterneerdes) deur die Ossewa-brandwag gevoer is.

Sowat agt-en-vyftig Stormjaeroffisiere is, na ses maande opsluiting sonder verhoor, weens hoogverraad aangekla en daardie agt-en-vyftig man en die hoogverraadaanklag alleen, sonder verdere gegewens, is al bewys dat die parallelisme tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorlog ook verder gevoer het. In die voorlopige verhoor het geblyk dat die beskuldigdes offisiere of lede van die „Stormjaer“-organisasie is en dat die Stormjaers 'n wydvertakte en gedissiplineerde organisasie (veral in Transvaal) was met aansienlike wapenopslagplekke — veral van handgranate. Die opslagplekke was oordeelkundig uitgesoek, en dit is 'n ironiese kommentaar op die Regering dat een van sy Raadsliggame (die Mielieraad in Pretoria) een goeie dag 'n kippevel moes kry toe ontdek word dat die kelders van die Raadskantoor 'n magasyn van die Stormjaers was . . . volgeprop met handgranate en dinamiet . . . alles terwyl die Raad in salige onkunde sy daelike werksaamhede voortgesit het! 'n Paar ondernemingslustige jong amptenare van die Raad, wat Stormjaers was, het die blink gedagte gebaar.

Ons gee 'n paar uittreksels uit die dagpers van destyds, sonder dat ons hul sienswyse wil onderskryf, dog as blyk van die gebeurtenisse:

„Johannesburg, Woensdag.—Konstabel Steyn is vanaand kort na agtuur doodgeskiet. Daar word verneem dat hy doodgeskiet is toe hy weerstand gebied het teen sy inhegtenisneming.” (Die Burger, 8 Januarie 1942.) Konstabel Steyn was 'n Stormjaer in 'n Johannesburgse S.J.-bataljon.

„Hoogverraadklag dalk teen 35 man.”

„In die afgeelope paar dae is 314 lede van die Suid-Afrikaanse Polisie van diens onthef en in hegtenis geneem. Afgesien van hierdie aantal is daar reeds in die gevangenis 17 onderoffisiere en 18 konstabels teen wie die moontlike aanklag van Hoogverraad ondersoek word. Verder word 59 Spoorwegpolisie aangehou.” (Die Vaderland, 21 Januarie 1942.)

„Aanhouding” het beteken geestelike foltering om die manne te dwing om te praat en het ook beteken dat hulle van die buitewêreld (selfs van hul eie prokureurs) afgesny was.

Die manne in die gevangenis het net een keuse gehad: staan vas — of gee jou kamerade weg! Sommige het hul

kamerade weggegee. Dit weet ons. Die oorgrote meerderheid het vasgestaan. Dit weet ons ook. En ons dank God daarvoor.

Die manne buitekant die gevangenis, hul kamerade en mede-S.J.'s, het effens meer keuse gehad. Hulle kon die stryd staak en die gevangenes in die steek laat; hulle kon die saak en sy slagoffers verloën en die eie veiligheid soek; of hulle kon die arrestasies en „aanhoudings” sonder aanklag of verhoor wreek met die paar middele tot hul beskikking en wel op dié wyse wat vir die Regering die gevoeligste sou wees . . . naamlik die skepping van chaos in die oorlogspoging.

Sommige het verloën en die gevangenes in die steek gelaat. Ons weet dit. Maar andere — en dit was die oorgrote meerderheid, veral van die offisiere — het tot weerwraakaksie oorgegaan. Dit weet ons ook, en ons dank God dat daar in daardie jare Afrikaners was by wie republikeinse solidariteit en kameraadskap sterker was as ontsag vir misbruikte gereg-telike masjinerie.

En dit bring ons by die „sabotasie” wat so dikwels veroor-deel en so selde begryp word, veral deur die veroordelaars.

Weer laat ons die koerante praat om sodoende die werklikheid beter voor oë te laat tree. Die motivering hoef ons nie aan die koerante oor te laat nie dog slegs die naakte feite, soos dié bekend was, en veral die feit dat die aksie klaarblyklik gerig was op die kommunikasies en kragtoevoer van die industrie wat die oorlogspotensiaal gedien het en wat vir die Regering se oorlogspoging ten alle koste aan die gang gehou moes word.

„Talle Ontploffings oor Groot Gebied. — Presies om 1.30 vanoggend het geweldige ontploffings by Vereniging, Delmas en Potchefstroom tien kraglyne van 80,000 volts en twee van 132,000 volts in die lug laat spring.” (Die Vaderland, 29 Januarie 1942.)

„Baie Kragdraadpylers in die Lug geblaas.” (The Star, 29 Januarie 1942), en weer die Star (2 Februarie 1942):

„Alle telegraaf- en telefoonverbinding tussen Bloemfontein en die res van die Unie onderbreek. Telegraaflyne in verskeie dele van die Vrystaat vernietig.

„Die outoriteite is van mening dat die plan sorgvuldig opgestel en deur talryke saboteurs uitgevoer is.”

Die leser word gevra om 'n oomblik die datums te vergelyk, omdat die vergelyking belangrik is vir die motivering van die sabotasie. Insoverre georganiseerde optrede betrokke is (in teenstelling met individuele optrede wat moeilik kontroleerbaar is en wat nie met sekerheid aan enige bepaalde persoon of organisasie toegeskryf kan word nie), kan ons konstateer dat die massa-arrestasies met eensame opsluiting en sonder verhoor nie op die sabotasie gevolg het nie maar wel daaraan vooraf-gaan het.

Kort en goed, die veelbeklaagde en dikwels befluisterde „sabotasie” waarvan so baie van die draadkouers van die kampe en die „rampokkers” van die gevangenis se „n liedjie (of ’n hele liederbundel!) kon sing, was nie soseer „aksie met gewelddade” nie as veelmeer „gewelddadige reaksie” — reaksie op grootskeppse optrede van die oorlogsregering teen republikeinse organisasies.

In daardie lig kan dit begroet of veroordeel word; dit hang van die beoordelaar se standpunt af. Maar sonder daardie lig is die beoordelaar die kluts kwyt en hoef niemand hom aan sy oordeel te steur nie.

Die Regering het op die ontploffings en beplande kommunikasiestorings spoedig geantwoord. ’n Noodregulasie het die besit van springstowwe met die doel om sabotasie te pleeg met die dood strafbaar gemaak. (Star, 2 Februarie 1942.)

Ook die Stormjaers het op hierdie doodsdreigement geantwoord. Sommer onverwyld geantwoord. Sewe dae later het hulle twee telefoonpale vlak agter Pretoria se Sentrale Gevangenis — waar die galg geleë is — in die lug laat vlieg. (Star, 10 Februarie 1942) — vlak agter die galg!

In die stryd was daar verwarring en oomblikke van diepste neerslagtigheid; ook oomblikke van juigende dankbaarheid. Dit is die wese van stryd.

Voorbeelde?

Hiertoe dien onder ander die geval van twee Stormjaers, Julian Visser en Hendrik van Blerk, weens sabotasie met springstowwe ter dood veroordeel. Soos ’n yskoue skadu het daardie vonnis wat oor Julian en Hendrik gevel is, ook oor hul kamerade daarbuite gesak. Want dié het geweet dat as die twee seuns moet hang, dan gaan dit nie by twee lewens bly nie — en ook nie by een kant sou dit bly nie! Sulke oorwegings is nie gerusstellend nie (veral nie vir diegene wat dit koester nie, wat dit uit kameraadskaplike lotsverbondenheid moet koester en daarvan nie kan wegstam nie!). Maar sulke dinge is die wese en die siel van stryd en van ’n volk se verset; en dié in ons generasie wat dit veroordeel, moet nie in die volgende asem roem op die geslagte van 1914 of 1900 of die Watergeuse wat teen hertog Alva geveg het nie.

En die leser kan met sekerheid aanvaar dat nie net Julian se wedumoder of Hendrik se bejaarde ouers nie, maar tewens elkeen wat dit wel meen met hierdie volk, dié het grond tot dankbaarheid dat die Regering destyds die doodvonnis — wat hulself by wyse van Noodregulasies aan die hof voorgeskryf het — in lewenslange gevangenisstraf „versag” het.

In teenstelling met daardie sombere paar weke toe die galgdood se sinistere skadu oor die twee seuns geval het, kom die volgende:

„Massa-Ontsnapping uit die Fort.

„'n Massa-ontsnapping . . . sover bekend, deur die grootste aantal persone wat nog ooit gelyktydig uit 'n gevangenis ontsnap het . . . het vanoggend twee-uur uit die Johannesburgse Fort plaasgevind, toe veertien jong manne wat reeds geruime tyd kragtens Noodregulasies aangehou word, hul weg op geheimsinnige wyse na buite gebaan het. Hulle het op een of ander wyse uit hul selle gekom en twee bewaarders, wat op diens was, oorrompel . . . Hulle het 'n gelaaide rewolwer en twee pistole, die eiendom van die twee bewaarders, saam met hul geneem en daarmee hul weg na die vryheid gebaan.” (Die Vaderland, 10 Junie 1943.)

Die leser sal merk dat dit al in die vierde oorlogsjaar gebeur en dat die Stormjaers blykbaar nog nie tot bedaring gekom het nie. Eerder die teendeel. Daar is op die manne kwaai geskiet onderwyl hulle met die ontsnapping besig was, maar gelukkig is nie een van hul getref nie. Dalk is dit nie meer as reg nie om die name van hierdie manne wat so kraniglik ontsnap het uit dieselfde Fort waarin generaals De Wet, Edwin Conroy, Wessel Wessels en andere opgesluit was, weereens aan die republikeinse Afrikanerdom te noem: J. S. du Plessis, Danie Hay, A. J. Venter, J. R. van der Wat, Carel Kriel, Barnie Basson, G. L. P. Kruger, J. A. Boshoff, J. S. Kruger, F. J. van Niekerk, D. Theron, D. J. Kotze, J. L. Steynberg en 'n ander.

Die ontsnapping het 'n golf van juigende besieling deur die geledere laat trek. Ook het dit onmiddellike optrede van hul kamerade vereis, wat betref versteking, vervoer, ens. In dankbaarheid en trots is hierdie eise nagekom.

Ook te Bloemfontein, uit die Provinsiale Tronk aldaar, het Stormjaers ontsnap — en wel tweekeer agtermekaar. En — ongelooflik soos dit ook al mag klink — by die tweede uitbraak was daar van die manne van die eerste geval weer betrokke, te wete Jannie Richter (seun van een van generaal De Wet se verkenner van weleer) en Stoffel Pretorius. Verder Boeta Fourie, Hansie Cronjé, „Eier” Strydom, Sias Joubert, Fred Venter en Willie van Rensburg.

So het die manne van die verset geleef en beweeg in 'n atmosfeer van arrestasie, ontsnapping, versteking, aksie . . . en dit het nie weke of maande geduur nie maar jare. En steeds was dit met die een ideaal voor oë — 'n Vrye Boere-Republiek!

Bloot as voorbeeld dat die stryd nie met die eerste of die tweede of die hoeveelste arrestasie gestaak is nie, mag genoem word dat die oorlog op 8 Mei 1945 geëindig het met die verpletterende oorwinning vir die Geallieerdes — waaronder Brittanje en dus ook die oorlogsregering van die Unie. Mens kan billikerwyse aanneem dat daar teen daardie tyd in die geledere van die verset geen illusies meer was nie, nie oor die verloop nie en ook nie oor hul kanse nie. G'n illusie nie maar

hoogstens 'n taaie en dissiplinêre bereidwilligheid om waar nodig die vuur in te gaan, afgesien van die moontlikhede.

Anders is dit psigologies onverklaarbaar hoe ses manne — dit volgens die dagpers van destyds — die Hoofinternerings-beampte se kantoor juis op daardie aand van alle aande moes aanval en oorrompel en wegkom met dokumente wat vermoedelik saamhang met die tallose internerings en „aanhoudings vir ondervraging” wat op elke naamlose aangewer se fluisterstories geskied het.

'n Paar weerklanke uit daardie dae?

„Waaghalsige inbraak op 'Victory'-dag by Internerings-kantoor.

„Polisie sê hulle is op spoor van ses blankes.” (Die Vaderland, 11 Mei 1945); of 'n ander genotvolle berig:

„Met spesiale inligting tot hul beskikking werk speurders van die spesiale afdeling van die polisiehoofkwartier dag en nag in die poging om ses blankes op te spoor wat die nag van agt Mei ingebreek het by die kantoor van die Hoofbestuursbeampte.

„Sekere dokumente is uit die kantoor verwyder.” (Die Burger, 14 Mei 1945.)

Vir die leser se inligting mag net bygevoeg word dat die kantoor dag en nag deur bewapende manne bewaak was. Volgens Die Vaderland se berig was daar op die betrokke aand drie sulke wagte op diens toe die oorrompeling plaasgevind het.

Die aanhaling van insidente en oomblikke van spanning kan 'n boek vul (trouens daar is 'n roman daaroor geskryf en die moeilikheid was wel seker nie om te weet wat om in te sit nie maar wel wat om weg te laat). Maar die bestek van een hoofstuk verbied sulke pogings en ons volstaan met 'n ietwat breedvoerige getuigskrif uit vyandelike bron, alhoewel dit nie as getuigskrif bedoel was nie.

Die hoofartikel van een van die vernaamste regeringsblaaie, die Sunday Times van Johannesburg, het op 8 Februarie 1942 gelui:

„Rebellie Sonder Gewere.

„Gelukkig is Suid-Afrika vol stewige loyaliteit. Hierdie loyaliteit sal deur die bevolking nie in diskrediet gebring word nie; altans nie deur bykans driekwart van die blanke bevolking en ook nie deur die Kleurlinge en nie-blankes nie. Maar 'n deel van die blanke bevolking steun die oorlogspoging nie. Onder hierdie mense is daar baie wat passief onverskillig is. Hulle ondersteun die oorlog nie en hulle opponeer dit nie.

„Van die ander is baie alleenlik met die mond teen die oorlog gekant maar nie met die daad nie. Wat oorbly is die ondermynende element wat aktief is.


„Ons kan dus die mense wat teen die oorlog gekant is, verdeel in dislojales en in rebelle.



Tronkskoene voor die eensame sel



Agter tralies



*Hulle was ter dood veroordeel:
H. S. van Blerk en Julian Vissor.*



*Dr. J. F. J. van Rensburg, vriend en helper van vervolgdcs,
politieke gevangenes, geïnterneerdes en hul afhanklikes.*

„Ons noem hierdie mense wat in aktiewe verset gekom het, rebelle, omdat dit duidelik is dat, afgesien van die ‚skiet-stadium’ (soos dit in 1914 se Rebelle plaasgevind het) **hulle nou in aktiewe en openlike rebellie teen die wettige gesag van hul land verkeer.** Hierdie ‚rebellie sonder gewere’ — want dit is klaarblyklik beplan en gelei en dit sou met gewere voortgesit word as gewere beskikbaar was — kan vir ’n onbepaalde tyd aanhou. Dit is onmoontlik om elke telegraaf- en telefoonlyn in die land, asook elke stuk spoorlyn en elke kragdraadpyler, te bewaak.

„En al sou dit niks anders beteken nie, dan bind dit ten minste duisende van ons troepe in die Unie, wat elders beter gebruik kan word.

„Ons stel dus aan die Regering voor om krygswet te proklameer; nie net in hierdie area nie dog dwarsdeur die Unie.”

Nou kan ons die vraag of ook hierdie geslag van die Tweede Wêreldoorlog sy rebellie of verset gehad het, beantwoord:

Ja, ook hierdie geslag republikeine het aan vriend en vyand getoon dat hulle bereid was, met die daad bereid was, om as offerande op die altaar van die republikeinse gedagte van die Afrikaner gelê te word.

Soos in 1914, so ook in 1941 en daarna was daar verset!

J. F. J. van Rensburg.

DIE OSSEWABRANDWAG EN DIE OORLOG

WÊRELDOORLOG Nr. 2 het net so min as Wêreldoorlog Nr. 1 Suid-Afrika onaangetas gelaat. Eintlik is dit vanselfsprekend dat ’n wêreldoorlog sy reperkussies vir elke land en volk sal hê, ook selfs vir die wat nie aktief aan die stryd deelneem nie. Die Afrikaner het egter sowel in die eerste as in die tweede wêreld-worsteling in ’n eenaardige posisie te staan gekom. **Offisieel** is hy in die oorloë betrek, **self** sou hy en die meerderheid van sy volk liever neutraal gebly het. Dit is die wortel van sy verset teen en tydens beide oorloë. Hy wou regstreeks deur die Owerheid geraadpleeg gewees het en was oortuig dat ’n volkstemming in elk van die twee gevalle teen deelname sou besluit het. Sy houding was nie in die eerste plek revolusionêr bedoel nie, alhoewel oorweginge van dié aard op ’n later stadium en op ’n beperkte skaal bygekom het, in die tweede oorlog miskien meer as in die eerste. Buitendien was die Afrikaner van oordeel dat die beslissing tog in Europa gevel word en dat Suid-Afrika se deelname daar weinig of niks aan kon verander nie.

Afrikanerverset gedurende Wêreldoorlog I is sielkundig maklik te verklaar. In 1914 was die wonde van 1899—1902 nog

glad nie genees nie. Kon van die seuns wat die konsentrasiekampe oorleef het, verwag word dat hulle vir Engeland sou gaan veg? Liewer téén Engeland sou hulle die wapens wou opneem as die kans hom sou voordoen. By hulle het die vaste oortuiging dan ook bestaan dat die Boeregeneraals net op so 'n geleentheid gewag het om die stryd teen Groot-Brittanje te hervat.

Maar die Boere was in 1914 ongeorganiseerd en verdeeld. Die ding het hulle oorval, en hul spontane verzet is spoedig en bloedig gesmoor.... deur hul eie mense. Daar oorkant die water het Engeland nog 'n keer geseëvier.

En in Suid-Afrika het die partypolitiek, op Engelse lees geskoei, daarvoor gesorg dat die Afrikaners in twee of meer kampe verdeel bly en mekaar om elke draai beveg en beswadder. Intussen raak die republikeinse verlede al meer op die agtergrond en aanvaar ons volk langsaamhand die gedagte van „vryheid binne die Britse Ryk.” Na twintig jaar was ons ter bevrediging van Brit en Britsgesinde ver op daardie pad gevorder. Aan republikeine is deur nasionaalgesindes sowel as deur hul politieke teëstanders die swye opgelê. Selfs die Republikeinse Bond moes die byltjie neerlê. Van volkseenheid was niks te bespeur nie, 'n Herenigde Party en 'n Verenigde Party ten syp.

Daar oorkant die water was daar egter iets aan die broei. 'n Verslane Duitsland was vinnig besig om te herstel en om 'n magtige eenheid te verwerf. Aan 'n verdeelde Europa het Duitsland weer die hoof begin bied. Al duideliker het dit geword dat 'n uitbarsting aanstaande was. Sou Suid-Afrika weer ingesleep word en met watter gevolge? Sou ons weer met geslote oë en leë hande die krisis tegemoet gaan? En in so 'n hopeloos verdeelde toestand? Of sou ons hierdie keer ten minste 'n poging aanwend om ons met die oog op gebeurlikhede te organiseer?

Oorweginge van hierdie aard het ongetwyfeld tot die ontstaan van die Ossewabrandwag bygedra; ook wel tot die vorm wat die organisasie uiteindelik aangeneem het. Vanaf sy ontstaan het die nadruk op eenheid, gedissiplineerdheid en gereedheid geval. Wat presies sou gebeur, wanneer dit sou geskied en hoe opgetree gaan word, dit alles kon nog slegs heel vaag en onbelynd aangedui word. Die leidende geeste het egter die oorsese ontwikkelinge goed dopgehou.

Meer as dit was nodig om die volksmassa te beweeg. Die emosionele element het ontbreek. Op die sielkundige moment het die simboliese Ossewatrek van 1938 dit verskaf of liewer uit sy sluimerende toestand gewek. Aanvanklik het die opbruisende volksgevoel hom slegs as 'n geweldige eenheidsdrang geopenbaar: die Afrikaners wou weer bymekaarstaan. Vandaar die toestroming tot die O.B. en die — altans tydelike

— verontagsaming en selfs minagting van partybande en party-leiers. 'n Verenigde volk wat gelei wou word — deur wie en waarheen?

In Duitsland het dit anders toegegaan. Dáár het Hitler volgens 'n vaste program en ideaal die volkseenheid kragdadig ja, selfs gewelddadig, bewerkstellig. Hier in ons land het die volkseenheid langs bykans wonderbaarlike weg ontstaan. En toe breek die oorlog uit.

'n Mens kan die versoeking nouliks weerstaan om 'n beeld te probeer vorm van die moontlike verloop van sake as die oorlog nog 'n rukkie sou uitgebly het. Miskien sou die pasgevonde eenheid hom dan geleidelik gekonsolideer en laat geld het in die onderskeie lae van die bevolking. Daar was reeds 'n bewuste aksie op kulturele gebied (F.A.K.) en aan die ekonomiese front (Rdb.), terwyl die volk hom op onderwysgebied ook nie onbetuig gelaat het nie. Die politieke verdeeldheid het egter op al hierdie aktiwiteite verlamrend ingewerk. In intellektuele kringe was reeds sedert geruime tyd 'n koördineringsaksie aan die gang en is een en ander taamlik in besonderhede uitgewerk, gereed om op die regte moment gepropageer te word. Alles is gesien en ontwerp in die lig van 'n omvattende Christelik-republikeinse ideaal wat die nodige politieke inslag en fundering sou gee. As die wêreldkrisis nog 'n bietjie uitgebly het, was dit miskien moontlik dat al hierdie dinge juis via die O.B. tot verwesenliking gebring sou kon word, en dit langs die weg van geleidelike ontwikkeling. Daarin sou die O.B. dan 'n bestendige taak ontvang en daaruit 'n blywende besieling geput het — wie weet.

Dit sou egter anders geskied. Die uitbreek van die oorlog skakel alles oor in hoogste versnelling. Weereens word die Afrikaanse volk onvoorbereid gevang. Die prikkel van die oorlog dwing tot aksie, en die O.B. skyn die aangewese organisasie daarvoor te wees. 'n Aktivisties aangelegde leier word gekies, en die geesdrif asook die verwagting styg ten top. 'n Hele volk verklaar hom bereid om gedissiplineer en ingespan te word. Die wedren moes begin, al die hardlopers staan gereed, elke spier gespan. Maar, helaas, die doppie wou of kon nie klap nie. En spiere kan onmoontlik deurentyd in hoogste spanning verkeer. Verslapping was die onvermydelike gevolg.

Intussen is onder die aktiefste geledere 'n aparte, geheime organisasie gestig, die Stormjaers, wat begin doen het wat hul hand vind om te doen en ongetwyfeld aan die Regering van die dag oorgenoeg hoofbrekens besorg het. Die optrede van hierdie groep (wat heeltemal los van die O.B. gestaan het, alhoewel baie van sy lede terselfdertyd lede van die O.B. was), word elders beskryf en kan hier dus verder verswyg word.

Aan die O.B. as organisasie het die bestaan van die Stormjaers sonder enige twyfel 'n mate van afbreuk gedoen, en dit nie uitsluitlik weens die feit dat daardeur waardevolle

kragte aan die eintlike O.B.-strewe onttrek is nie. Ons moet onthou dat die partywese nog in volle gang gebly het. Die geheimsinnige, daadkragtige optrede van die Stormjaers het die hande gesterk van diegene wat aan die „konstitusionele weg” die voorkeur gegee het, en die konstitusionele weg was die weg van die partypolitiek. Vir alle „onkonstitusionele” daade, hetsy deur S.J.’s of deur partikuliere insiatief verrig, is die O.B. verantwoordelik gehou, wat derhalwe die gerieflike stootkussing geword het. Aan die een kant die (soms onverklaarbare) streke van sy S.J.-broers, aan die ander kant die proteste van sy konstitusionele vriende. Hierdie proteste het in heftigheid toegeneem na die mate waarin Duitsland se kans op welslae afgeneem het. Om alles te bekroon moes die O.B. die gedurige verdenking en vervolging van Regeringsweë deurstaan.

Hoe kon onder sulke omstandighede die pasgevonde en hooggeskatte eenheid gehandhaaf word? Was die eenheid inderdaad so heg en eg dat dit sulke stote en stampe kon verdra?

Die O.B. is van Duitsgesindheid beskuldig. Daarin het die O.B. nie alleen gestaan nie: dit was die aanklag teen elke nasionaalgesinde. Daar was egter nie soveel liefde vir Duitsland nie as gebrek aan liefde vir Engeland en sy saak. Nasionaal en anti-empire was sinoniem.

Die beskuldiging teen die O.B. het egter verder gegaan. Die O.B. sou nasionaal-sosialisties wees. Duitsgesind was destyds natuurlik gelykluidend met nasionaal-sosialisties, alhoewel min mense in Suid-Afrika iets van Nasionaal-sosialisme geweet het. Wel is daar so ’n bietjie geflikflooi met oorgewaaide ideë uit Duitsland, maar niemand wat die Afrikanervolk goed genoeg geken het, kon vir ’n oomblik veel waarde daaraan heg nie. Vir die beskuldigers was dit egter ’n baie gerieflike skuifmeul.

Die O.B. was anti-oorlog, en iedereen het dit geweet. Van daar dat die O.B. aan enige Afrikaner wat ten gevolge van die oorlog skade moes ly, die helpende hand toegesteek het. Dwarsdeur die oorlog het die O.B. ook sy positiewe geluid laat hoor, o.a. deur middel van sy amptelike orgaan, **Die O.B.** Ongelukkig het die onenigheid tussen O.B. en Party hierdie goeie werk nie tot sy reg laat kom nie. Feit bly egter — en ’n onbevange beoordeling sal dit bevestig — dat die O.B. vir geen oomblik sy stryd vir ’n Christelik-nasionale partylose* Republiek gestaak het nie. Daarmee het die beweging begin, daarmee het hy dwarsdeur die oorlog volgehou, en daarby staan die O.B. vandag nog. Omstandighede het die massas in die partykraal teruggevoer; dit is te hope dat die verblyf aldaar — of liever die

*Met „partyloos” word nie bedoel ’n éénparty-Republiek en ook nie dat in die Republiek nie verskillende politieke rigtings sal wees nie, maar bevryding van die Brits-Liberalistiese partystelsel.

partykraal self — van tydelike aard gaan wees. O.B. se taak is en bly om die hek oop te hou wat toegang verleen tot die vryheid van Suid-Afrika langs die weg wat die voorvaders bewandel het, die vryheid waarvoor die Afrikaanse volk ook gedurende die Tweede Wêreldoorlog sy offers gebring het.

D. J. van Rooy.

DIE INTERNERINGSBELEID VAN DIE REGERING TYDENS DIE OORLOG 1939 — 1945

WANNEER 'n land in oorlog verkeer, is dit vanselfsprekend dat die landsregering sy gesag handhaaf en dat staatsgevaarlike elemente aan bande gelê — of tenminste goed gekontroleer — word. Want oorlogstoestand op sigself is al 'n staatsgevaarlikheid, en daar moet verhoed word dat die staat ook in die rug aangeval word.

Bostaande aanvaar ons as 'n vanselfsprekendheid.

Die leser sal daaruit sien dat daar van twee staatsgevaarlike aspekte gepraat word — nie net van binnelandse elemente wat die oorlog in die wiele kan ry nie, maar ook van die oorlog self. Inderdaad is die oorlogsverklaring op sigself die bron en uitgangspunt van die ander, daaropvolgende, gevaar, naamlik die gevaar dat die landsburgers die oorlog nie heelhartig gaan steun nie of selfs dit gaan probeer strem.

Wat was die geval met Suid-Afrika op 4 September 1939? Eerstens moet ons onthou dat daar 'n dualisme in hierdie land heers soos in weinig andere: twee tale, twee vlae en — les bes — twee loyaliteite. Die botsing tussen die twee loyaliteite is latent, maar in krisis (veral in oorlogskrisis) vlam dit op. Watter een het ons in die oorlog gedryf? Was dit die belange of die veiligheid van Suid-Afrika wat ons genoop het om terwille van Pole teen Duitsland die oorlog te verklaar? Ons kan die vraag nie meer afdoende beantwoord nie as om die vraag te stel: Aangeneem dat Brittanje (nes na die staatsgreep in Tseggo-Slowakye) verkies het om neutraal te bly, ondanks die Duitse inmars in Pole, is daar dan nog iemand by sy normale verstand wat glo dat Suid-Afrika aan Duitsland oorlog sou verklaar het? Al die faktore bly dieselfde; net die deelname van Engeland ontbreek. Die blote vraag beantwoord sigself. Suid-Afrika sou gevoel het dat die oorlog met hom niks te doen het nie.

Kortom, nie die Suid-Afrikaanse loyaliteit het ons in die oorlog gedryf nie, maar die Britse; nie die inheemse nie maar die oorsese.

Ook die verdeling van gevoelens in die land staaf hierdie bewering.

Van die staanspoor af was daar een bevolkingsdeel wat „per se” teen alle verdenking van sy lojaliteit gevrywaar was, naamlik die Engelssprekende en die nuutste inkomelinge (hoe nuwer hoe beter!). Terwyl die ouere bevolkingsdeel, die Afrikaanssprekende, wat nooit ’n ander vaderland as Suid-Afrika geken het nie, vanself en sonder meer onder verdenking gekom het, onder verdenking en onder interneringsmaatreëls.

Kortom, die regering wat op 4 September 1939 die leisels in die hand geneem het, het geweet — voor sy siel geweet! — dat die oorlog onvermydelik wrok en bitterheid moet uitlok by die een bevolkingsdeel, omdat dit nie uit die inheemse nie dog wel die uitheemse lojaliteit gevoer sou moet word. Die regering was dus voorbereid op moeilikheid, omdat die regering ’n Britse oorlog sou moet voer maar met Afrikaanse belange — ook met Afrikaanse bloed.

Die ou Florentynse politieke leermeester, Nicolo Machiavelli, — en die regering het ’n goeie leerling in die geledere gehad — het gemaak: „Waar ’n regering moet kies tussen die liefde en die vrees van sy onderdane — kies dan die vrees: dié is bestendiger!” Die oorlogsregering van 1939 het nie eens die keuse gehad nie. Vir hul het min liefde van Afrikanerkant af gebloei. Dus, hulle was van die begin af op vreesaanjaging aangewys. **DAAR LÊ DIE SLEUTEL TOT DIE INTERNERINGSBELEID VAN DIE REGERING: Vreesaanjaging!**

Vat die skuldige indien moontlik; maar skuldig of onskuldig maak nie veel saak nie. Vat iemand . . . en as hy ’n man van aansien in sy eie omgewing is, des te beter: dit sal meer mense afskrik!

Bewyse van skuld? Maar wie het dan gepraat van bewyse? Wie het selfs gepraat van skuld? Aangesien die howe uitgeskakel was en niemand in die openbaar (of selfs van aangesig tot aangesig met die slagoffer) hoef op te tree nie, is die vraery na skuldbewyse werklik oorbodige spitsvondigheid! Alreeds met die eerste internering van Afrikaners (dié van dr. Trümpelmann en Danie du Toit) het die hof op wie die aangehoudenenes hul beroep het, verklaar dat hy uitgeskakel is. Die dinge moes maar hul eie loop neem; aanklaer, regter en appèl-regter was een en dieselfde — nl. die Hoofinterneringsbeampte.

Met welke naamloosheid die een die ander kon aangee, blyk sonder meer uit onderstaande dokument wat (op een of ander onverklaarbare wyse) uit die lêers van die Hoofinterneringsbeampte gekom het en tydens ’n verkiesing in Kliprivier op groot skaal versprei is. Die briefie is gerig aan die Hoofinterneringsbeampte, wyle sir Theodore Truter, en dit lui woordeliks:

„I am informed that, Greytown, ..., Dalton, and, Wartburg, are the biggest agitators. Why not get a police report about them and keep them on their farms, as they do with others.

„I must be kept out of this. (Ons kursivering.)

„The above is for your private information . . .

16.2.45”*

Sonder om hier in te gaan op die kwessie of die bewering teen die drie mans gegrond of ongegrond sou wees, wil ons die vanselfsprekende anonimiteit van die aantying in hierdie stelsel onderstreep. „I must be kept out of this.” Die geval het belang nie omdat dit iets besonders is nie, dog omdat dit nie iets besonders is nie. Dit het in die oorgrote meerderheid van die gevalle gebeur.

In die begin het ons die stelling neergelê dat ’n regering in oorlogstyd vanselfsprekend staatsgevaarlike elemente aan bande moet lê. Daarteen maak niemand beswaar nie. Maar die hele kwessie is om seker te maak dat dit die regte elemente is wat aan bande gelê word. M.a.w. ons kom weer op die kwessie van skuld en onskuld terug.

Nog ’n voorbeeld?

In Bloemfontein het tydens die oorlogsjare ’n gewapende bankroof plaasgevind, wat skynbaar met politieke oogmerke saamgehang het. Onder andere is ’n jong getroude daarvan aangekla. Die hof (regter F. P. van der Heever) en jurie het hom onskuldig bevind. Die jurie se bevinding was eenparig, en die regter het hom daarmee vereenselwig. Die man is toe ontslaan . . . dog slegs deur die hof! Die regering het hom dadelik laat interneer op grond van dieselfde beweerde misdaad waaraan die hof hom so-ewe onskuldig bevind het.

Of ’n ander geval — as tipe en nie as uitsondering nie. In Nelspruit is enkele jong manne voor die magistraat gebring weens beweerde sabotasie. Aan hul is deur die publieke aanklaer gesê dat slegs diegene wat skuldig pleit, voor die magistraat verhoor sal word. (Die refleksie val geensins op die magistraat, wat as regter oor sake moet beslis maar nie as vervolger die sake aanhangig moet maak nie.) Slegs waar ’n aangeklaagde bereid is om „Skuldig” te pleit, sou hy voor die magistraat gebring word. Indien hy nie bereid was nie, sou die magistraatshof uitgeskakel word, en hy sou eenvoudig interneringskamp toe moet gaan; vir twee jaar, drie jaar, die duur van die oorlog? Wie weet? En as hy skuldig pleit, word hy deur die magistraat gevonnissen. Een man het so skuldig gepleit, en toe die magistraat hom vra of hy op die en daardie datum op die en daardie plek die en daardie sabotasie gepleeg het, ontken hy. Die publieke aanklaer verwyt hom toe dat „hy nie sy woord hou nie” (die woord wat hy in die selle gegee het). Sy antwoord was dat hy wel onderneem het om skuldig te pleit maar nouliks om meened in die hof te pleeg. Die magi-

*Die redaksie het ooreenkomstig sy beleid die naam van die Ondertekenaar van hierdie briefie asook die name van die ander genoemde persone geskrap.

straat het hom daarop vrygespreek. Skrywer is ongelukkig nie seker of hy toe (ooreenkomstig regeringspraktyk) geïnterneer is as straf vir sy onskuldigbevinding nie.

Die loslatings was omtrent net so ongemotiveerd as die internerings. Oud-senator Naas Raubenheimer (een van die getrouste vriende wat die manne wat agter die doringdraad gesit het, ooit gehad het!) sal bevestig dat hy kort voor Kersfees in die laaste helfte van die oorlog by die Minister van Justisie gekom het en dat dié aan hom gesê het „Wel. Senator, ek kan vir jou tien man uit die kamp loslaat; watter kêrels wil jy hê?” „Oom Naas” was hart en siel met die manne in die kamp; al sy dienste was tot hul beskikking. Vandaar, vermoedelik, dat die Minister hom so ’n Kersfeesgeskenk wou gee. Dog hy was nouliks in staat om te onderskei tussen skuldige en onskuldige — hy wat nie oor die anonieme inligting in die lêers beskik het nie. Maar as hy nie bevoeg was om te sê: „Hierdie of daardie man” nie, wat dan van die Minister, wat by die oningeligte gaan advies soek?

Nog een aspek moet vermeld word. In 1914 het die geestelike voorganger van die oorlogsregering die rebelle in Kafferkampongs in Kimberley aangehou. Per toeval? Wel, in 1939 is die eerste gevangenes in die naturelletonk te Leeukop aangehou, en later is die geïnterneerdes in Koffiefontein in ’n kafferkampong geplaas. Die destydse bewindhebbers sal ons verskoon as ons daarin doelbewuste vernedering van politieke teenstanders sien.

Kortom, soos in die begin aangedui, met skuld of onskuld het die interneringsbeleid niks te doen gehad nie. Net met skrikaanjaging en met vernedering. Sodoende sou die oorlog onbelemmerd „ad maiorem gloriam Britanniae” voortgeset kan word.

Eintlik val dit buite die bestek van hierdie artikel om te vra of die beleid sy doel bereik het of nie. Is die Afrikaner daardeur ingeskugter?

As die leser die moeite wil doen om ou koerante na te slaan, sal hy vind dat daar destyds van tyd tot tyd georganiseerde gewelddade (sabotasie van regeringskommunikasies ens.) plaasgevind het. Verder sal die navorser vind dat so ’n reeks gewelddade bykans sonder uitsondering ná massa-internerings of internerings van toonaangewende manne plaasgevind het. Ná — en nie vóór nie. Dus, die internerings was nie die gevolg van die aktivisme nie dog wel die oorsaak.

Maar die regering het die Afrikaner bang nie gemaak nie; intendeel hy het net daarin geslaag om hom kwaad te maak en te laat terugslaan. Hierdie terugslanery het weer die regering genoodsaak om meer troepe binnenslands te hou ingeval die situasie mog hande uitruk. Kortom, dit het die regering in sy oorlogsvoering veel meer belemmer as wat dit hom gehelp het.

En daaruit kan mens gerus die afleiding trek dat die interneringsbeleid van die regering 'n mislukking was. Dit wil sê: 'n mislukking vir die regering van destyds.

Of dit 'n mislukking ook vir die republikeinse Afrikanerdom in sy eeu-oue stryd was? Daar is min twyfel dat die republikeinse gedagte en nasionale gevoel van die Afrikaner uit die offers en die kameraadskap wat in kamp en tronk gebore is, nog baie jare sy krag en sy besieling gaan skep.

Die duiwel stel homself aan Faust voor as:

„Ein Teil von jener Kraft,
Die stets das Böse will —
Und stets das Gute schafft”.

Ook in die jare 1939—46 het iets wat ten kwade bedoel was, vir ons volk ten goede gewerk.

J. F. J. van Rensburg.

VERVOLGING

Algemeen

Onder die vaandel van lojaliteit en agter die skild van oorlogsgesindheid was die uitbreek van die oorlog die teken van 'n algemene bevlieving van die Afrikanervolk. Dit het gebeur op straat, in openbare plekke deur elkeen en almal wat van ywer gebrand het vir die Empire se saak. Dit was nie net nadelig om Afrikaans te praat in 'n winkel, waar veral nadat benodigdhede skaars begin word het, 'n verstarde blik meermale die enigste antwoord op 'n vraag was nie, maar dit was dikwels gevaarlik. In Kaapstad is 'n paar Afrikaanse studente op die Parade een aand deur 'n klomp matrose aangeval omdat hulle gewaag het om hul moedertaal in aanwesigheid van die vreemdelinge te besig. Die uitslag was dat een van die Afrikaner-slagoffers se oog uitgeslaan en hy ternouernood aan die dood ontkom het — net om vandag as 'n byna honderd persent blinde 'n sukkelbestaan te voer nadat hy sy studie noodgedwonge moes beëindig.

Voorvalle van hierdie aard was naderhand 'n daaglikse skouspel in Kaapstadse strate, waar die stadsraad 'n gedwonge bidpouse ingevoer het en die gepeupel oud en jonk te lyf gegaan het wat nie onmiddellik as die twaalfuurskoot knal, gaan staan en die kop eerbiedig ten behoeve van die Empire gebuig het nie. In Johannesburg se strate kon niemand met 'n baard met veiligheid verskyn nie. In een geval is 'n man na afranseling in 'n visdammetjie gesmyt, en in 'n ander is 'n baarddraer aangerand en sy baard met bottelskerwe van sy gesig gestroop. Dit het saamgehang met een van die grootste uitbarstings van geweld toe die soldate daarna in opgesweepte gemoedere aanvalle op Afrikaanse Pers-geboue geloods het. Op Voortrekkerhoogte is 'n Afrikaanse soldaat deur die ander geteer-en-veer,

en in plaas daarvan dat sy aanranders gestraf is, het die leërowerheid hom uit die leër ontslaan. Dit was tipies van die houding van die owerheid, wat die meeste van hierdie soort aanrandings oogluikend geduld het—ja, feitlik aangemoedig het deur 'n eensydige regspleging. 'n Noodregulasie het naamlik tronkstraf verpligtend gemaak vir enige aanranding op iemand in uniform, maar wanneer 'n ander persoon as 'n Afrikaner hom daaraan skuldig gemaak het, het die owerheid die vonnis versag. So is 'n Kleurling, Willem de Villiers, wat op 21 Desember 1942 in Kaapstad deur 'n hof tot drie weke dwangarbeid gevonnissen is weens aanranding op 'n konstabel, deur die Minister begenadig en die vonnis gewysig tot £3 boete.

Maar die Afrikaner is nie net fisiek en geestelik aangerand nie, hy is stelselmatig en georganiseerd uit sy werk gehark na die slagvelde van die Empire, onderwyl 'n groot deel van die vlagswaaiers tuis bly sit het. 'n Jong man wat hoog aangeskrewe was by sy werkgewer, is uiteindelik versoek om aan te sluit. Toe hy weier, is hy versoek om die diens te verlaat. Hy het eers probeer ander werk soek, maar hy het hom teen 'n muur vasgeloop; en toe hy uiteindelik in radeloosheid tog aansluit, is hy deur sy vorige werkgewer in kennis gestel dat hy na die oorlog weer by hom in diens kan tree teen 'n verhoogde salaris. Na drie jaar het hy teruggekeer en is met oop arms ontvang, maar, onnodig te sê, 'n paar maande later het hy hom by 'n Afrikaanse saak gevoeg en was die oorlogdrywer sy bekwame werkkrag vir goed kwyt.

'n Beleid van uitdrukking is ook deur die owerheid toegepas net waar hy kon, en afdanking en viktimisasie van oorlogsteenstanders was die orde van die dag. So byvoorbeeld is van alle seuns in tegniese skole vereis om die rooi eed af te lê. Die groot aantal weieraars is summier in die pad gestee. Anti-oorlogsgesindes se lewe is op allerlei wyse versuur, onder andere deur aanhoudende verplasings in 'n tyd toe behuising vir elkeen 'n nagmerrie was. In die geval van 'n spoorweggesin in die Vrystaat is die vader telkemaal verplaas net nadat hy daarin geslaag het om 'n huis te bekom. Toe sy gesin uiteindelik na soveel ellende in Bloemfontein agterbly toe hy weer eens na 'n ander dorp gestuur word, is hom drie maande later meegedeel dat hy nie in aanmerking sal kan kom vir verhoging indien sy gesin hom nie vergesel nie.

Afrikaners wat op een of ander wyse dakloos geraak het — en dit was een van die metodes van vervolging — het geen hoop gehad om by oorlogsgesindes aan 'n huis geholpe te raak indien die vader of seuns nie in die leër was nie.

Dit was dan ook geen wonder dat so 'n groot deel van die leër uiteindelik uit Afrikaners bestaan het nie, hoewel die meerderheid van die Afrikaners teenstanders van die oorlog was.

Spioenasie

Die Regering het vroeg in die oorlog reeds voorsiening gemaak vir 'n uitgebreide spioenasiestelsel teen anti-oorlogsgesindes. 'n Leër van „Waarheidsridders” is op die been gebring, wat ten taak gehad het om die private lewe van Afrikaners gedurig dop te hou en aan die owerheid te rapporteer; en die ergste hiervan was dat persone inderdaad geïnterneer is op grond van klagtes wat deur sulke nuusdraers gemaak is. Dat in hierdie nuusdraery motiewe soos persoonlike afguns, wrok, wedywering, politieke en familietwiste dikwels 'n rol gespeel het, word deur die Kommissie van Onderzoek insake Spoorweggriewe bevestig, wat daarop wys dat verdagte persone gewoonlik nie die geleentheid gekry het om hul kant van die beweerde voorvalle te verduidelik nie, „en ten einde klaers en nuusdraers die beste beskerming te verleen, is die name van nuusdraers of hul verklarings nie bekend gemaak nie”.

Volgens die verslag van bogenoemde Kommissie het verskillende gevalle voorgekom waar die Onder-kommissaris van Polisie aanbeveel het dat 'n persoon geïnterneer moes word omdat daar weens weiering van die nuusdraer om getuienis af te lê, geen saak teen hom gemaak kon word nie. Ons haal uit die verslag aan (bl. 166):

„'n Rapport is gemaak dat M., 'n laaimeester werksaam in P.E., 'n lid van die Ossewabrandwag en anti-Regeringsgesind was en homself baie sterk teen die oorlog uitgedruk het.

„Die Onderkommissaris van polisie het die buitengewone aanbeveling gedoen dat, met die oog op die feit dat die persoon wat die beëdigde verklaring afgelê het, nie bereid is om getuienis te gee nie, hierdie verdagte persoon geïnterneer word....

„In die gevalle van twee ander laaimeesters in P.E. — waar die deponente van die beëdigde verklarings ook geweier het om getuienis af te lê — het die Onderkommissaris van polisie ook die onlogiese aanbeveling gedoen dat die manne geïnterneer moes word.”

Hoewel hierdie Kommissie net tot die Spoorweë beperk was, is die voorbeelde wat hulle noem, tipierend van wat dwarsdeur die land gebeur het, en omdat dit gesaghebbend is, sal ons die meeste van ons voorbeelde daaruit neem.

'n Verdere voorbeeld van hierdie soort vervolging op grond van ongenoemde getuienis staan opgeteken op bladsy 165 van die verslag:

„'n Sinjaalmonteur op N. het beweer dat 'n sekere drywer in 'n sameswering met sy kondukteur, in die gewoonte was om sake so te reël dat sy trein met 'n teenoorgestelde trein op 'n besondere stasie kruis met die doel om die twee van hulle in staat te stel om geheime besprekings met 'n verdagte mede-dienaar wat daar gestasioneer was, te voer, en ofskoon die spoorweg-polisie gerapporteer het dat hulle geen verdere getuienis kon

inwin nie en dat volgens die wat hulle ingewin het, daar nie voldoende redes bestaan het om stappe teen drywer H. te doen nie, het die afdelingsbestuurder nietemin aanbeveel dat die drywer oorgeplaas word na 'n „minder aangename gebied”.

Die Kommissie verklaar voorts dat in sommige gevalle ná ondersoek bevind is dat die aangeklaagde byvoorbeeld kort voor indiening van die rapport opgehou het om by die nuusdraer sy vleis te koop, of sy kamerhuur opgesê het. In een geval het drie Kleurlingwerkers „van taamlik lae mentaliteit” beweer dat los bootsman S. verkleinerende opmerkings oor die Britte gemaak het, 'n ondersteuner van die Ossewabrandwag was en pro-Duits. Hierdie klag was oorsaak van 'n ondersoek! Dit het slegs geopenbaar dat S. lid van die Engelse kerk was en „'n ywerige werksman wat 'n goeie dag se werk van die manne onder sy beheer geëis het”.

Benewens die Waarheidsridders het die Regering in elke staatsdepartement 'n spioenasie-organisasie in die lewe geroep, en die in die Spoorweë word deur die Kommissie van Onderzoek breedvoerig beskryf. In die ander departemente is die verslae selfs regstreeks aan die Minister en die Eerste Minister gestuur. Sommige van hierdie spioene op wie se ongetoetste woord meer as een Afrikaner in die kamp beland het, was lae karakters met veroordelings weens meened op hul kerfstok. Etlike voorbeelde van hierdie soort spioen word deur die Kommissie genoem. Die een is van 'n sekere speurdersersant M., van wie daar „'n ontsaglike aantal rapporte” was. Hy is later uit die diens ontslaan nadat hy 'n bewysstuk vervals en erken het dat hy meened gepleeg het. Ondervra deur die Kommissie het kol. Stanford gesê: „Ek beskou die man 'n skurk, hy moet agter die tralies wees.” Desondanks is nie 'n enkele geval waar 'n persoon op hierdie man se woord vervolgt is, herondersoek nie!

'n Ander spioen wat gebruik is, veral in Suidwes, is iemand wat in die loop van die drie jaar voor 1930 vier veroordelings gehad het, een vir valse aantekeninge en die ander vir valse verklarings, maar nietemin is hierdie man deur die oorlogsbewind ná 1939 gebruik as iemand op wie se woord Afrikaners na die interneringskamp gestuur is. Die Kommissie merk naamlik op: „Dit is moeilik om te sê vir hoeveel vervolgings van persone ondersoekkonstabel H. verantwoordelik was, maar sy naam gaan gepaard met 'n aantal internerings”.

Teen persone wat valse verklarings afgelê het, is omtrent nooit stappe gedoen nie, het die Kommissie bevind, „en een van die redes wat vir hierdie houding aangevoer is, was dat dit ander sou terughou om inligting openbaar te maak”.

Maar nie net meinediges is vir spioenasiedoeleindes gebruik nie, ook die ganse natuurlebevolking is aangemoedig om die Regering in te lig omtrent die bewegings van blankes wat teen

die oorlog gekant was, soos blyk uit onderstaande aanhaling van 'n berig in **The Guardian** van 19 November 1942:

„Die Regering het onlangs £3 elk gegee aan naturelle (Africans) wat inligting aangaande ontsnapte geïnterneerdes aan die owerheid verstrek het.

„Die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H. G. Lawrence, het daarna die gedagte onderskryf dat hierdie voorval onder die aandag van alle naturelle gebring moet word en dat die owerheid voortaan geen inligting wat tot die inhegtenisname van ontsnapte geïnterneerdes kan lei, ongemerk verby sal laat gaan nie.

„Elke naturel wat juiste inligting verskaf, kan dus voortaan verwag dat hy 'n vergoeding sal ontvang. Inligting van hierdie aard kan aan enige staatsampテナар soos 'n polisie-agent, 'n magistraat of 'n speurder verstrek word.”

Veel gebruik is dan ook van naturelle se getuienis gemaak waar verdagte gevalle ondersoek is. In 'n onderhoud aan die pers het mev. E. P. Schonken van Buffelspoort in Desember 1940 die volgende relaas van 'n ondersoek teen haar man gegee:

„Die plaaskaffers was onderwyl ook aan die beurt. Een vir een is hulle as volg uitgevra: „Is jy die kaffer wat altyd vir die baas die masjien draai? Jou baas is 'n skelm en jy weet dit. Waar het julle daardie goed wat hy maak, gebêre?” ”

Die soektog na veronderstelde ammunisie het niks opgelewer nie.

Geheime Sensor

Op 28 November 1939 het die Regering bekend gemaak dat hy 'n sensor aangestel het om toesig te hou oor briewe en telegramme wat na die buiteland gaan. Daar is uitdruklik verklaar dat die keuring nie op binnelandse pos van toepassing is nie. Dit het egter nie lank geduur nie of dit was welbekend dat ook die binnelandse pos van veral verdagte burgers in die geheim oopgestoom en deurgekyk is voordat dit afgelewer word. Omtrent hierdie instelling skryf die Onderzoekkommissie na Spoorweggriewe op bladsy 157:

„Pos- en telefoonberigte is deur die Pos- en Telefoondepartement onderskep en daarna het die sensorafdeling inligting in verband met lede van die spoorwegpersoneel aan die hoof van die spoorwegpolisie verstrek, wat op sy beurt afskrifte van onderskepte berigte of uittreksels aan die Hoofbestuurder en die Binnelandse Veiligheidskomitee deurgestuур het.

„Hoewel die stukke aantoon dat sulke besprekings en korrespondensie feitlik sonder uitsondering in Afrikaans gevoer is, was dit nagenoeg sonder uitsondering die gebruik om vertaalde vertolkings van sodanige onderskepte inligting aan die owerhede te stuur, en in sommige gevalle is die juistheid daarvan deur getuies betwis en die besondere betekenis deur die sensors daaraan geheg ook in twyfel getrek . . . Verskillende gevalle van verwarring van name het aan die lig gekom.”

Adv. J. D. Jerling het hierdie metode, soos dit ook elders ondervind is, as volg beskryf:

„In my persoonlike geval word daar nie eens die beleefdheid getoon om die gebruikelike etiket te plak op briewe wat oopgemaak is nie. Nee, die briewe word gestoom en die inhoud uitgehaal. Oor 'n tydperk van dae word die inhoud dan ondersoek en in party gevalle gefotografeer. Daarna word die briewe weer sorgvuldig teruggesit in hul koeverte na 'n oponthoud van enige dae, maar sommige kom nooit by die bestemde adres uit nie. So het dit al gebeur dat sommige briewe na 'n tydperk van 'n maand by my uitkom en ander spoorloos verdwyn. Selfs dokumente wat ek in my regspraktyk voor die hof van die land moet gebruik, is nie hierteen gevrywaar nie. Onlangs moes ek in 'n appèlsaak verskyn waarin vier Afrikaners, insluitende die twee jong Afrikaners, Visser en Van Blerk, wat onlangs ter dood veroordeel is, betrokke was. My prokureur het die opdrag en kennisgewings aan my van Springs af geos, maar dit het tot vandag toe nog nie by my uitgekom nie. Die gevolg was dat toe die saak in die Hooggeregshof geroep is, daar geen verskynning vir die vier Afrikaners kon wees nie, en die eerste wat ek van die appèl verneem het, was in die koerant" (**Die O.B.**, 16 September 1942).

Die inhoud van selfs persoonlike briewe is deur die sensor aan lede van die Kabinet gesirkuleer. „Die hoofsensor, die Kontroleur van Sensorskap, het dit sy werk gemaak om telkens aan die kabinet sirkulêre te stuur waarin hy die uittreksels uit die briewe gee," het die Minister van Verdediging, mnr. F. C. Erasmus, in September 1948 in die Volksraad verklaar, toe hy 'n reeks voorbeelde van hierdie bedrywigheid openbaar gemaak het. En van watter gehalte die weergawes van die sensor soms was, blyk uit onderstaande aanhaling uit 'n verslag wat deur die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, by dieselfde geleentheid voorgelees is:

„It is interesting to note that the censorship has no direct evidence of establishment of this movement in the Transvaal, the Orange Free State and Natal, apart from a letter addressed to Mr. C. R. Swart, M.P., by his son who sought permission to accompany the Youth Movement of the Free State on the inspection tour of the Transvaal branches of which he stated there were forty."

Op hierdie tydstip was mnr. Swart se enigste seun nege jaar oud en in Kaapstad op skool tydens die parlamentsitting.

Telefoongesprekke is nie net deur Waarheidsridders op plaaslyne op ongekende skaal afgeluister en oorgedra nie, maar die staat self het 'n personeel aangehou wat alle telefoongesprekke van verdagte persone en organisasies voortdurend afgeluister het.

Lokvinke

Maar by spioenasie en afluistery alleen het dit nie gebly nie. In baie gevalle is lokvinke gestuur om mense tot oortreding van die wet aan te moedig. Die belangrikste geval in hierdie verband was dié waar 'n provokateur deur die Intelligensiehoof in samewerking met die Onderkommissaris van Polisie in Kaapstad gebruik is om 'n vooraanstaande persoon tot 'n misdaad onder die Verdedigingswet te beweeg. Toe laasgenoemde na verloop van enige tyd die saak onder aandag van die polisie gebring het, is die lokvink inderdaad in hegtenis geneem, maar kort na aankoms by die polisiekantoor weer losgelaat toe uitgevind is wie hy was. Daarop is die uitgelokte persoon in hegtenis geneem, en toe sy prokureur tydens die verhoor die boeke van die Intelligensiedepartement in belang van die verdediging geëis het, is dit geweier. As 'n voorbeeld van hoe sake van die aard van owerheidsweë gemanipuleer is, kan gemeld word dat toe die kroongetuies tydens die voorlopige verhoor deurmekaar begin trap en dit gelyk het of die magistraat 'n strenge houding gaan inneem, hy in die middel van die verhoor na 'n plattelandse dorpie verplaas en vervang is deur 'n ander magistraat. Dit het uiteindelik uitgeloop op die veroordeling van die uitgelokte persoon tot drie jaar dwangarbeid.

Klopjagte

Van persoonlike vryheid het later baie weinig oorgebly. Klopjagte en huisondersoekings in middernagtelike ure was aan die orde van die dag. Onderwyl vader en moeder en kinders in hul nagklere onder bewaking gestaan het, het speurders alles deursoek en selfs die vroue-klerekaste sonder die minste voorbehoud uitgepak. Watter vorm sommige van hierdie klopjagte aangeneem het, blyk uit onderstaande mededeling aan die pers deur mev. Schonken van Buffelspoort:

„Omstreeks 4.15 is my man en ek deur 'n ongewone rumoer soos die getrappel van beeste wat oor die werf gejaag word, gewek. Ons het in die skemering 'n aanstormende kommando van manne in gewone drag, in polisie-uniform en kaffers in uniform gesien. Die een seksie het die stoep gestorm, die ander seksie, bestaande uit blanke polisie en kafferkonstabels, het so gou as wat mens kan sê „mes' die huis omsingel en elke deur en venster is deur 'n blanke en 'n naturel bewaak.” Daarna het die deursoekery van die huis en die ondervraging van die gesinslede en plaasnaturelle plaasgevind.”

In tronke

Namate die stryd gevorder het, het die een noodregulasie na die ander die oorblyfsels van persoonlike vryheid weggevreet, totdat daar uiteindelik selfs nie eens meer iets oorgebly het van die elementêre reg dat niemand sonder aanklag of verhoor opgesluit mag word nie. Jong seuns en selfs dogters en vroue is weke en maandelank aaneen in donker selle aangehou met

geen ander doel as om getuienis teen mede-Afrikaners uit hulle te pers nie. Hierdie afpersing van getuienis het in Desember 1940 nog die stempel van regsprosedure gehad toe die sewentienjarige skooldogter, Elsabe Nel, vir vier dae tronk toe gestuur is nadat sy volhardend geweier het om getuienis teen 'n volksgeenoot in wat sy as 'n politieke verhoor bestempel het, af te lê. Sy is van verdere opsluiting gevrywaar slegs deurdat die staatsaanklaer die magistraat meegedeel het dat hy die nodige inligting elders verkry het.

Maar toe later 'n noodregulasie afgekondig is wat dit moontlik gemaak het vir die politieke speurdiens om enige persoon 'n onbepaalde tyd „vir ondervraging” aan te hou, het daar 'n skrikbewind oor ons vaderland losgebreek. Waar mense op grond van vermoedens in hegtenis geneem is weens die een of ander beweerde oortreding, is hulle eenvoudig sonder aanklag opgesluit en bearbei totdat een uiteindelik inwillig om kroongetuie te word. So is drie studente, van wie een maar agtien jaar oud was, 190 dae lank in Kaapstad opgesluit gehou sonder enige aanklag teen hulle. Toe hulle uiteindelik voor 'n spesiale hof verskyn op aanklag van poging tot brandstigting, is aldie onskuldig bevind, hoewel een weens besit van nie-erkende plofstowwe tot vyf jaar tronkstraf veroordeel is. In hierdie geval kon geen kroongetuie gevind word nie — vandaar die uitgerekte proses van „ondervraging.” Die tempo sowel wat die aantal opsluitings as die metodes van ondervraging betref, het tot 'n verbysterende crescendo aangegroe, totdat selfs suigeling in moederarms uiteindelik agter die tralies beland het. Onderwyl 'n vader sonder aanklag in 'n sel gelê het, is sy vrou en suigeling langs hom in die ander sel gesmyt en daelank aangehou in 'n poging om hom op dié wyse tot verklapping van sy kamerade aan te spoor. Ons haal aan uit **Sonder Gewere**:

„Maar meneer wat moet van die kindjie word?”

„Dit raak ons nie. Stuur hom weeshuis toe,” was die siniese antwoord. Geen perke is aan die speurders gestel nie, omdat geen geval ooit voor die hof gekom het nie. Hulle het nie nodig gehad om bewyse te lewer dat die manne skuldig is nie, om die eenvoudige rede dat hulle self nie eens beweer dat die mense skuldig is nie.

„In die selle lê 'n man sonder aanklag teen hom en luister hoe 'n kindjie huil in een van die naaste selle, en hoe 'n moeder in haar hulpeloosheid die kindjie probeer stil maak.

„En die man wat die hele dag lank onder die meedoënlose ondervraging van die speurders deurgebring het, het geweet dat dit sy vrou is wat daar in die naburige sel ingekerker is, en daardie kindjie wat daar huil sy jongste is, na wie se koms hy en daardie vrou so lank in angsvolle afwagting uitgesien het — daardie vrou in die sel daar naby.

„En hy het geweet dat om daardie moeder met haar kindjie uit die ellende te kry, moet hy verklarings maak en sy

mede-Afrikaner aan die vyand uitlewer. Wat hy voor God gesweer het om nie te doen nie, dit word deur die speurders nou van hom geëis — en intussen hoor hy 'n moeder haar kind probeer stil maak, in die sel daar naby.

„As hy praat, dan kan die moeder en haar kind die sel verlaat. Anders . . . !

„Die man het gebreek en kroongetuie geword . . . Die moeder en kindjie is daarna vrygelaat om na hul huis terug te gaan. Na hul huis en — na die verwyte en skande!

„Daardie man se naam het 'n vadoek geword in die spraak van sy kamerade, maar die name van die speurders wat die moeder en die kindjie in die selle gesit het om hom te breek, het onbekend gebly.”

Nadat hulle meer as ses maande sonder aanklag aangehou was, het 52 man uiteindelik op 'n hongerstaking gegaan as die enigste middel om 'n verhoor af te dwing. Hulle is daarop aangekla van hoogverraad, maar die saak is uiteindelik teruggetrek en hulle is almal na die interneringskamp gestuur. In 'n ander geval is veertien man wat na 'n opsluiting van vier maande op 'n hongerstaking begin het, nog steeds sonder enige aanklag uit die tronk gehaal en na die interneringskamp gestuur.

Nie net mans nie maar ook vroue was uiteindelik verplig om die elementêre reg wat aan enige misdadiger 'n verhoor binne 48 uur waarborg, deur middel van 'n hongerstaking af te dwing. In die Sentrale Gevangenis, Pretoria, het 'n vrou na ses maande se aanhouding tussen naturellevroue begin weier om te eet. Negentien dae lank het hulle haar sonder kos in die sel gehou voordat hulle haar losgelaat het soos hulle haar daar gebring het — sonder aanklag.

In Maart 1942 was daar ongeveer 200 persone sonder aanklag in die Sentrale Gevangenis. Hulle is slegs een uur in die 24 uit die selle gelaat. Daar was gevalle waar net 'n halfuur vir ontspanning toegelaat was, en ander waar jong manne dae en selfs weke aaneen in donker selle en op hongerdieet aangehou is — alles sonder aanklag!

Twee jong manne wat uit die Johannesburgse fort ontsnap het en later weer gevang is, het aan die magistraat gesê dat ontsnapping die enigste manier was om weer hul vryheid te kry nadat hulle verskillende kere tevergeefs deelgeneem het aan hongerstakings om 'n aanklag en verhoor af te dwing. Hulle is na herinhegtenisname in eensame opsluiting aangehou met kettings van 10 pond gewig aan hulle voete waarmee hulle selfs in die nag moes slaap. By wyse van kontras kan hier genoem word die behandeling van 'n Kommunistiese naturel deur die Departement van Justisie in hierdie tyd van Afrikanervervolging. In Januarie 1943 het die destydse Minister van Justisie, dr. C. F. Steyn, ten antwoord op 'n vraag in die Volksraad erken dat

hy opdrag gegee het dat 'n naturel, wat hoofsekretaris van die Kommunistiese Party is en kragtens die Noodregulasies in hegtenis geneem is, losgelaat moes word omdat hy „nie daarvan oortuig was dat die vervolging sou slaag nie, en dat dit nie in die openbare belang was om met die saak voort te gaan nie.”

Vrylating sonder verhoor van 'n naturelle-Kommunis waar daar twyfel was of 'n saak sou slaag maar onbepaalde aanhouding van Afrikaners sonder verhoor. Dit was die mate waarmee daar gemeet is.

En as 'n Afrikaner uiteindelik wel voor 'n hof kom en onskuldig bevind word, is hy nie vrygelaat nie, maar slegs uit die sel na die interneringskamp verplaas. Dit het 'n advokaat, mnr. C. P. Bresler, uiteindelik beweeg om in die hof protes aan te teken teen hierdie soort optrede „wat 'n klug maak van die werksaamhede van die geregshof.” „Dit skyn vir my of dit die beleid is van hierdie Regering om die goeie werk wat in howe gedoen word, heeltemal te verydel en van nul en gener waarde te maak met sy internering. So gou 'n man deur die hof onskuldig bevind word, word hy in die interneringskamp gestop. Ek is nie bereid om verder in hierdie komedie saam te speel nie,” het hy gesê.

Maar die komedie het nog verdere afmetings aangeneem. Daar het gevalle voorgekom waar manne deur die vervolging voor die keuse gestel is om skuldig te pleit en 'n beperkte vonnis te ontvang of om onskuldig te pleit en dan geïnterneer te word. Op Nelspruit is 'n aantal manne wat in hegtenis geneem is onder verdenking dat hulle telefoondrade geknip het, vooraf deur die vervolging gewaarsku dat tensy hulle skuld erken, hulle nie voor die hof gebring sal word nie maar reguit interneringskamp toe gestuur sal word, maak nie saak of hulle skuldig was of nie. Een het skuld erken, maar toe hy deur die magistraat opgeroep is om getuienis af te lê, het hy ontken dat hy drade geknip het. Die staatsaanklaer het beswaar gemaak dat die man sy ooreenkoms verbreek, maar die prokureur van die beskuldigde het verduidelik dat die man wel skuld erken het, maar nie bereid is om onder eed valslik te verklaar dat hy die oortreding gepleeg het nie!

Die laagtepunt in hierdie vervolgingsproses is waarskynlik bereik in die geval waar 'n politieke speurder selfs nie daarvan teruggedeins het nie om in die gewyde stilte van die dodesel binne te sluip en 'n ter doodveroordeelde in sy sielsworsteling te gaan kwel met leuens in 'n poging om verdere getuienis teen sy kamerade in te win. Aan die jong man daar in sy verlatenheid het hy gesê: „Oormôre-oggend om sesuur word jy opgehang, maar jy kan jou lewe red deur te praat!” Maar die antwoord was: „Ek het my vrede gemaak met God.”

N. G. S. van der Walt.

DIE AANVALLE OP DIE TRANSVALER-GEBOU EN OP DIE P.U.K. VIR C.H.O.

DIE aanval op die Transvaler-gebou op Saterdagmiddag, 1 Februarie 1940, was nie 'n geïsoleerde insident nie. Daar was vroeër al kleiner botsings tussen soldate en anti-oorlogsgesindes; daar was die aanrandings op haardmanne, en toe die vergadering onder beskerming van die A.T.K.V. die Vrydagmiddag in die Stadsaal. Dr. Hans van Rensburg, pasaangestelde K.G. van die Ossewabrandwag, was die spreker—dit was glo die groot sonde!

Na die vergadering het taamlike grootskaalse botsings voorgekom tussen diegene wat die vergadering bygewoon het en die massas in die strate.

Na die opgewondenheid van die Vrydagmiddag het opgesweepte oorlogsgesinde groepe weer in die strate begin saamdrom en aan die marsjeer gegaan. Die eerste slagoffer was die gebou van die Afrikaanse Pers, waar die plakkaat van **Die Brandwag** waarskynlik geïdentifiseer is met die gehate Ossewabrandwag. Hier is die aanslag afgeweer voordat groot skade aangerig kon word en voor die veglus van die skare gedoof was. Die volgende doelwit was die Voortrekkerpers-gebou: setel van feitlik alle Afrikaanse organisasies, van die felste anti-oorlogse koerant, en hoofkantoor van die Ossewabrandwag.

Die inval moes blykbaar van die agterdeur in Noordstraat gekom het. Toe die opsigter, oubaas Olivier, gewaar, was 'n groot aantal reeds binne. Oom Olivier het die hoofskakelaar afgeslaan en toe met sy seekoeisambok onder die invallers ingevlie op die vierde verdieping net toe hulle die O.B.-kantoor bereik het. Die sukses van hierdie aanvalstaktiek was verbasend. Wie hierdie reus geken het, kon besef dat 'n sambok, gehanteer deur daardie vuis, vernietigend op die aanvallers se moreel — en rugge — gewerk het. As die sambok 'n man raak — dit het dwarsdeur die klere gesny — het die agterste man 'n pad oopgespring vorentoe. Nou was hulle haastig deure toe!

Oom Olivier kon nie die twee hoofingange gelyktydig bewaak nie, maar by die agterste deur was sy sambok-afweer doeltreffend. Gevolglik is die boekhandel se vertoonvensters flenters geslaan en gegooi en 'n ingang geforseer. Vriende het nou begin opdaag, en in die verrinneweerde boekhandel het wyle Johannes van der Walt en sy helpers 'n front gevorm. Sambok, vuiste, volstruisskoppe en brandspuite het die gebou reeds skoon gehad toe die polisie opdaag.

Ondertussen is „oorlogsvyande” ook in die straat aangevand, bewusteloos geslaan, geskop, ontklee en so op straat laat lê.

Op Springs het die K.G. 'n vergadering van etlike duisende toegesprek. Toe die berig van die aanval die vergadering bereik, was die brandwagte dadelik bereid om hand by te sit om die soldate en hulle makkers op hulle plek te gaan sit. Maar K.G. het hulle teruggehou — en die dissipline was sterk genoeg

om 'n bloedbad te voorkom. 'n Paar duisend ongewapende Afrikaners teenoor slegs 'n klein deeltjie van die leër met vuurwapens, pantserwaens e.d.m. sou niks anders kon bereik as hulle eie vernietiging en 'n verhaal van bloed en martelaarskap nie.

Sondagoggend was sake enigsins rustig maar nog nie verby nie. 'n Sterk wag was in die gebou, polisie rondom. Die stroom besoekers het 'n onvergeetlike indruk gekry van gebreekte glas, traangas, water en onderdrukte opgewondenheid.

Teen die namiddag het die gedrang weer begin. Die beleërdes het boodskappers uitgestuur en die omliggende O.B.-kommando's opgeroep. Die polisieordon is versterk. Laasgenoemde het reeds die oorlogsdruk gevoel, en ek het die indruk gekry dat hulle met meer as blote pligsgevoel hulle knuppels gebruik het op die moedswillige, tierende omstanders en met lus stormlope in vinnige aftogte omgesit het. Tierende vroue het hulle geskel, gevloek en selfs op hulle gespuug. Dit het veel selfbeheersing gekos van die kant van die polisie om nie sterker op te tree nie.

Die gebou was 'n beleërde vesting sowel as arsenaal. Praat van die verskeidenheid geïmproviseerde wapens! Primitief op sigself maar nuttig en bruikbaar in straatgevegte by gebrek aan pistole en rewolwers: kasplanke met spykers, sambokke, baksteenstukke, fietskettings — te veel om te beskryf. Ek moes 'n half lendelam stoel in my kantoor vir die saak opoffer om myself en 'n makker van slaangoed te voorsien.

Saam met andere het ek 'n uitkykpos op die dak beman. Een van die bemanning kon sy hande nie meer stilhou nie en het hier uit die hoogte met 'n stukkie sementpleistering afgehaak en 'n armswaaiende ophitser op die straat, ses verdiepings laer, netjies op die brug van sy voet geklits! Die volgende oomblik was albei hande om sy voet geklem en het hy eenbeentjie rondgetol.

Teen nege-uur was die skare, danksy die polisie, uiteen. Op die plein tussen die beleërde gebou en die stasie is die O.B.-kommando's ontbind. Van die dak af het ek die indrukwekkende gesig in die halfskemer gesien. Honderde manne ordelik opgestel. 'n Kort verduideliking om direk huis toe te gaan en daar op bevele te wag. Toe 'n gedempte: „Aandag! Regsom! Verdaag!”

Die slag was verby, met 'n morele oorwinning aan Boerekant!

* * *

Oor die aanval op die P.U.K. vir C.H.O. kan ek uit die aard van die saak geensins persoonlik skryf nie. Die herinnerings aan die Transvaler-aanval het net begin verbleek toe die volgende slag tref: 'n soldate-aanval op die P.U.K.

Terwyl die studente op die aand van 7 Augustus 1940 in die studentesaal besig was met 'n sangoefening, het etlike honderde soldate by die suidhek ingemarsjeer en op die vergaderde studente en die manskoshuise toegeslaan. Die huisvader, prof. Wikus

du Plessis, het daarvoor as volg gerapporteer: „Binne 'n paar minute het meisies aangehardloop gekom van die rigting van die manskoshuise in 'n verwarde en sommige effe bebloede toestand, enkeles ook onder begeleide van soldate wat 'n offisieragtige voorkoms gehad het en telkens voor die dameskoshuise die betrokke dame met 'n saluut gelos het.

„Hierdie dames het uitgeroep dat die mans doodgeslaan word en het ook verduidelik dat hulle onverwags in die studentesaal aangerand is en deur die soldate tussen die mans uitgeruk is

„Na 'n kort rukkie het die rumoer by die manskoshuise, wat steeds gepaard gegaan het met die breek van glas en die blaas van fluitjies, begin bedaar en toe het die soldate na die sing van Engelse liedjies min of meer weer in gelid terugbeweeg

„Komende by die studentesaal en die manskoshuise het ek die toneel van verwoesting aanskou . . .”

Prof. Van der Walt het op die terugmarsjerende bende afgekom, en sy motor het onder die aanvallers deurgeloopt.

Ongeveer 15 studente is sodanig beseer dat hulle hospitaal toe moes gaan vir behandeling, terwyl een die nag in die hospitaal moes bly. Die manstudente het hulle ook nie onbetuig gelaat in die stryd nie. Verskeie soldate is ook gewond.

Die studentesaal en eetsaal het die swaarste gely. Vensteruite, banke, stoele, eetgerei, portrette — alles is beskadig. Die merke van die aanvallers se „vuiste” is vandag nog te sien op die kopergedenkplaat in die studente-sitkamer!

J. H. Coetzee.

DIE POLISIE-GEVAL

DIE redaksionele omsendbrief onder datum 8 Desember 1948 bevat 'n uitnodiging gerig aan aangewese oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes om artikels te lewer vir die Gedenkboek van die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes. Waar persone wat besondere kennis van bogenoemde onderwerp gedra het, hulle weg nie oopgesien het om die uitnodiging op te volg nie, is ek versoek om hierdie artikel aan te pak. Graag wend ek 'n poging aan maar vra die leser om verskoning vir die beknoptheid daarvan om die volgende redes:

(1) Ek was reeds voor die massa-arrestasie van polisie op 20 Januarie 1942 as politieke gevangene aangehou en later aangekla weens „hoogverraad” en het dus nie die wedervaringe van die massa meegemaak nie en kan dus alleen in die algemeen vertel wat ek weet.

(2) Dit is reeds agt jaar na die gebeurtenisse waarvan hier gepoog sal word om 'n oorsig te gee. Dinge het baie

vervaag en aantekeninge uit die tydperk van verset en vervolging waaroor hierdie boek handel, was veelal skamel en het daarby dikwels in die hande van sensors beland.

* * *

Dit was die tyd van angs en die tyd van hoop, van vertwyfeling en onrus, van storm en drang. Na stilte het die siel tevergeefs gesoek. Op die horison was nie die belofte van die daeraad nie, maar die dreigende gestalte van die oorlogsgod gekap uit die rooi vlamme van kanonvuur teen die donker hemel. En aan sy voete het die mens in beswyming gekniel. Haat was koning van die hartstog en liefde verslaaf tot sy dienaar. Dit was die tyd van lewe en dood . . . 1939 tot 1945.

* * *

Te midde van die chaos van hierdie tyd het gewilliges en onwilliges, dapperes en lafhartiges, swakkes en sterkes, almal wat weerbaar was in die stryd — ja, en almal wat weerbaar was op die tuisfront, hetsy in soldategewaad of 'n gewaad van skaapskledere — hulle bevind. Wie nie vir die oorlog was nie, was daarteen; en wie nie daarteen was nie was teen sy broer wat daarteen was. Wie weet nie van die klippe in die modderstroom waar die vreemdeling op trap om oor die stroom te kom nie? En as hy oor is . . . bly hulle in die modder lê.

Omstreeks Junie 1940 word die „vrywillige” Rooi-Afrika-eed aan die polisie voorgelê vir ondertekening. Intimidasie en dreigemente moes „vrywilligheid” verseker. Honderde en honderde het geweier om die eed te onderteken, en viktimisasie was die onvermydelike gevolg. Talle is verplaas na verafgeleë of „veilige” stasies, andere is na die Polisiekollege in Pretoria gestuur vir dissiplinêre straffkursusse. Sommige is bedreig met ontslag. 'n Aantal het geswig en die eed onderteken, andere was bereid om uit 'n diepe oortuiging met hul weiering vol te hou en die gevolge te verduur. Tot die groep wat later soveel vernedering en belediging, soveel leed en vervolging sou trotseer, het 'n groot gedeelte van die Witwatersrandse polisie behoort.

Gedurende Februarie 1940 breek die berugte soldate-onluste in Johannesburg uit. Die persgeboue van Die Transvaler en Die Vaderland word aangeval en deur 'n vloedgolf van vandalisme verniel. Wie van ons wat daar op diens was, sal die verbrande boeke en kantoorhuisraad, die vliegende glasskerwe en werptuie, traangasvloeistof wat later soos swart koffie in De Villiersstraat gevloei het, ooit vergeet; die tierende, skreeuende massa ongedissiplineerde soldate, die pantserwaens met skrilende sirenes wat geparkeerde motors uit die pad stamp en half daaroorheen klim? Wie van ons wat gewoon was aan wet en orde, by wie die inskerping en handhawing daarvan ons daaglikse brood was, sal ooit vergeet hoe die walging by ons opgelaai het by die aanskouing van hierdie dinge en hoe die gevoel van verontregting toegeneem het by die besef dat ons

feitlik verhoed word om drasties op te tree omdat die verheerlikte „oorlogspoging” geskaad sou word? Onthou u nog, kamerade, hoe ’n frisgeboude jong boer met elke spier op sy liggaam pimpel en pers gemoker deur vyf agtervolgende soldate, naak soos my vinger in Eloffstraat opgeja is daardie aand met die massa van toeskouers op die sypaadjies laggende en skreeuende en aanhitsende? „Give it to him boys, give it to him” het ek daardie aand verneem uit die heesgeskreeude keel van meer as een „Joh’burg lady.”

En toe, toe wet en orde enigermate deur die kragtige optrede van die polisie herstel is en een soldaat noodlottig beseer is, word vyftien van ons polisiemakkers gearresteer omdat hulle ’n aantal van die woestaards te ver weg van die onheilstoneel agtervolg het, en word hulle van publieke geweld aangekla. Ons moes £300 kollekter om hulle in die hof te verdedig. Hulle is onskuldig bevind. Die geld is sover ek weet, nooit deur die Staat terugbetaal nie. Maar dit was nie al nie. ’n Kommissie van ondersoek is aangestel. Die polisie wat nie die Rooi Eed geteken het nie, is beskuldig as „subversive” en al die skuld, vir beide die soldate-onluste en die daaruitvoortspruitende gevolge, is op ons skouers gepak. Toe ons later in Eloffstraat in gelid onder bevel van ’n offisier afmarsjeer, is ons bespuug. Skrywer self is tussen die skouers getref met ’n fietslamp wat hom dae lange pyn besorg het. Vanuit hoë geboue is swaar voorwerpe soos erdepotte op ons koppe afgesmyt. Maar genoeg. Die aanleidende oorsake vir ons latere selforganisasie en uiteindelijke uitskopping is voldoende aangedui. Intussen was hierdie selfde polisie goed genoeg om gebruik te word as oppassers van olie-opslagplekke binne die land en die bewaking van magasyn, soms vier-en-twintig uur aaneen. Hulle was goed genoeg om die een dag diens te doen in vertrouensposte en die volgende dag in die openbaar en in die pers verguis te word as verraaiers. Aan die einde van 1941 bars die vervolgingswaansin in al sy woede los. Gedurende Januarie 1942 duur dit voort. Verskeie polisiewonings aan die Rand word snags visenteer deur die Politieke Speurdiens, en een konstabel word gedurende die nag van 7 op 8 Januarie in Johannesburg doodgeskiet. Lank reeds, by die arrestasie van ons 15 makkers in 1941 al, is beseef dat ons ons noodgedwonge tot selforganisasie moet wend. Ons het teen hierdie tyd almal aan die Stormjaers behoort, hoewel baie min van ons geweet het presies wat die Stormjaers beoog en dit eers veel later vasgestel het.

Vanaf 8 Januarie word al die polisiemanne op die Witwatersrand ontwapen, en ’n aantal word gearresteer en aangehou vir ondervraging. Hulle was opgesluit in die Pretoriase Plaaslike Gevangenis, waar sommige nooit ondervra is nie. Hulle was sowat een-en-twintig polisiebeamptes en is later saam met ’n aantal ander aangekla weens hoogverraad en ter strafsitting verwys om voor die spesiale hoërhof gedaag te word. Weens gebrek aan voldoende getuienis is die saak teruggetrek; en

nadat hulle op die wyse vyftien maande in die gevangenis deurbring het, is hulle geïnterneer, sommige vir 'n verdere twee jaar. Onder hierdie persone was skrywer hiervan, en vandaar die verduideliking aan die begin van hierdie artikel.

Op 20 Januarie 1942 word die meeste polisiestasies op die Witwatersrand beveel om alle manskappe byeen te roep, vermoedelik weer vanweë een of ander onlus of onrus. Op Krugersdorp, hoofkwartier van die Wes-Randse polisie, waar byvoorbeeld net 42 persent die Rooi Eed geteken het (skrywer was self daar gestasioneer en het die persentasie destyds uitgewerk), tree die manskappe op gebruikelike wyse aan. 'n Offisier tree na vore en spreek hulle toe. Hulle word verwittig dat hulle almal aangehou word kragtens die Noodregulasies. Terselfdertyd staan aan die buitekant van die heining om die Polisiecamp die hele gewapende Siviele Burgerwag, bestaande meestal uit Jode en „key-men” en oorlogshiters maar nie oorlogshelde nie. Gevelde bajonette en gewere kom tevoorskyn en die omsingelde polisiemanne van Wes-Rand word in 'n aantal troepedraers ingedryf en tronk toe vervoer. Ek gee hier uittreksels weer uit 'n dagboek gehou in Engels deur een van die konstabels wat op 20 Januarie 1942 opgesluit is. Hierdie dokument het later in my hande geval. Dit is outentiek. Ek het hierdie polisieman asook sy handskrif goed geken. Ek het destyds 'n noukeurige afskrif daarvan gemaak. Die uittreksels sal die metodes wat deur die Politieke Speurdiens gebruik is, enigszins aandui:

Wednesday, 21/1/1942: 9 a.m.: Interviewed by (hier volg die naam van 'n Politieke Speurder). Informed that my neck hangs on a charge of high treason.

Saturday, 24th: Interviewed by ('n ander baie bekende Politieke Speurder). Informed by him „Jou nek hang aan 'n klagte van hoogverraad.” After this remark and consulting my wife I agreed to make a statement. Whilst thus engaged (Politieke Speurder) frequently came into the office and in a sarcastic manner said: don't forget your Magistrates Staff, Pass Office and Traffic Inspectors . . . Statement sworn to in front of Detective Sergeant . . . , and witnessed by Assured that I would be returning to duty. Returned to gaol.

Monday, 26th: To Krugersdorp Charge Office, 13 of us. There interviewed by Detective Sergeant in afternoon who told me that the Affidavit I had previously made was not worth the paper written on. I agreed to make the same statement over, shorthand-writer being Detective when Detective Sergeant wanted a certain sentence in his own words I objected and refused to continue and left his office. I again conversed with my wife (outside) when came out and spoke to my wife as follows: „Mrs. . . . tell your husband to be sensible and make a statement, if he does not, he can be charged with High Treason and shot dead in Pretoria.” Mrs. , wife of Detective was present and heard. This

remark upset my wife who then asked me for the sake of our children and being promised that I would be released that I must tell all I know. I then went back to the office and continued with statement. On a further sentence wanted in his own words I again walked out of his office refusing to continue. After a while saw me in the yard and asked me whether I was prepared to continue. I agreed but in my own words. I had hardly commenced when he started to put sentences in his own words. For the third time I left his office.

Hierdie dokument, wat later deur my persoonlik aan die prokureurs vir die verdediging in die Hoogverraadsaak waarin ek toe betrokke was, oorhandig is, gaan voort om te beskryf hoedat die verklaring later onder druk voltooi is en eindig op 26 Januarie met: „This Affidavit was obtained through threats on my life and a promise of being released.” Dit gaan voort om te beskrywe hoedat hulle nie losgelaat is nie maar na Marshallplein vervoer en op 29 Januarie 1942 daar opgesluit is. Daar was 'n groot aantal ander Suid-Afrikaanse en Spoorwegpolisie en Bewaarders. Die getal wat altesame op 20 Januarie 1942 in hegtenis geneem is, was sowat 412. Op Sondag, 1 Februarie 1942, presies 'n jaar nadat hierdie selfde polisie-dienaars Johannesburg teen die roekeloosheid van 'n georganiseerde soldatebende met lewensgevaar beskerm het, word hulle in troepedraers na Milner Park vervoer en in 'n spesiale trein gelaai op pad na Koffiefontein, waar hulle volgens bogenoemde dagboek op 2 Februarie 1942 aangekom het, uitgetrek en deursoek is en geïnterneer is, sommige vir 'n paar jaar. Op Woensdag, 4 Februarie 1942, kom luitenant Diedericks in die kamp aan en begin met ondervragings.

Hierdie ondervragings het nog geruime tyd aangehou, en uiteindelik is 'n groot aantal van die manne wat op 20 Januarie gearresteer is, losgelaat.

Die agterblywendes, saam met die wat geïnterneer is in die begin van 1943 nadat die Hoogverraadsaak misluk het, het 'n baie vername rol in die interneringskamp gespeel. Die dissiplinerende invloed wat van hulle onder die omstandighede uitgegaan het, kon nie anders as sy heilsame uitwerking hê nie. In hierdie verband word genoem die stigting van die Dienswag in die kamp, wat vir alle interne orde en wetmatigheid verantwoordelik was. Elke groepleier met vier manskappe het 'n diensbeurt gehad, en behoorlike aantekeninge is gehou van dienste en voorvalle. Speurder-sersant H. J. van den Bergh het 'n polisieklas op tou gesit en die konstabels begin oplei in al die vakke vir die promosie-eksamens na tweede klas- en eerste klas-sersante. Hierin is hy bygestaan deur sersant W. H. Kruger. Die heilsame uitwerking van hierdie bedrywigheid word voldoende bewys deur die feit dat baie van hierdie manne later onder die Nasionale Regering herstel is in hul diens, baie van hulle met verhoogde range. Skrywer self, wat voor sy internering die

rang van eerste klas-sersant beklee het, is die rang van hoofkonstabel aangebied met die geleentheid om 'n offisiërskursus te deurloop vier maande na sy aanstelling. Hy kon dit egter nie aanvaar nie.

Sommige van die polisiemanne het natuurlik, net soos so baie ander, verklarings afgelê by hulle ondervraging en later selfs getuienis afgelê. Almal was nie altyd waardig nie, want almal was nie sterk nie. Daar was egter na die begin van 1943 net een wat omgedraai het van die ingeslane weg en op die wyse sy vryheid herwin het. Een het met 'n uiterste waagstuk ontsnap en is nooit weer gevange geneem met die oog op internering nie. Die ander het hulle tyd afgewag in die kamp en is een vir een losgelaat om in die buitewêreld van nuuts af hard en onverbiddelik die bitter taak van voor af te begin. Dit was nie maklik nie. Die lye en afsondering het 'n nuwe wêreld om jou geskep. Jy was soos 'n eensame, 'n verstotene, iemand wat uit die dode opgestaan het. Maar die angs was weg, en daar was net hoop; die vertwyfeling en onrus het plek gemaak vir geloof en berusting. Die tyd van stryd om lewe en dood was verby. Geeneen van dié twee het meer 'n verskrikking ingehou nie.

S. W. J. Greeff.

DIE KANKER VAN VERRAAD IN ONS VOLKSLEWE

ALHOEWEL reeds 'n tyd gelede deur ons redakteure gevra om iets hieroor te skrywe, het ek nou pas daarmee begin. En „nou pas” val net mooi in daardie uiters boeiende en inspirerende tydperk van voorbereidings vir die onthulling en inwyding van die Voortrekkermonument. 'n Jong, lewenslustige, trotse volk gaan hulde betoon aan sy stoere, daadkragtige voorsate, wie se stryd teen en oorwinning van haas onoorwinlike moeilikhede hom 'n vaderlandsbodem gegee het. Die Rapportryers galoppeer vanuit alle rigtings, vanuit die uithoeke van die Kaap, Natal, Vrystaat, Transvaal en selfs uit Suidwes, met huldigingsboodskappe in hul bladsakke van elke distrik, stad en dorp na Monumentkoppie. Van ons kamerade het ook hul deel bygedra. Geesdrif, vreugde en trots ontvlam in elke nasionale Afrikaner se hart en gemoed. Nuwe belangstelling in ons volksgeskiedenis ontwaak, boeke daarvoor verskyn van alle kante, geskiedenisnavorsers deel die vrugte van hulle werk mee; op Rapportryersfeeste vertel volksmoeders en oudstryders hulle ervarings van vyftig, sestig jaar gelede. By skole word kinderbyeenkomste gereël om aan die kleinspan te vertel van hulle volk se trotse verlede en om monumentjies ter gedagtenis daarvan te onthul.

En tog by al die mooie was daar telkens 'n wanklank wat weer en weer en weer verskyn het en wat die gemoed van ons volk elke slag diep geskok het. Ek luister na die draadloos. 'n Ou moeder vertel van haar wedervarings in die Engelse Oorlog. Haar seun was 'n verkenner en het eendag in die stad waar sy gewoon het en wat deur die vyand beset was, binnesluip om inligting te versamel en sy familie te groet. Kort voor hy weer sou vertrek, is die huis onverwags omsingel deur kakies, en hy is gevang. Wat het gebeur? 'n Volksgenoot het hom aan die vyand verraa!!

Ek woon die onthulling van 'n skoolmonumentjie by. 'n Oudstryder, wat die onthulling waarneem, word gevra om 'n ietsie te vertel uit die oorlogsdade. Hy en 'n paar makkers is honger en uitgeput, en skuiling vir 'n paar dae word hulle op 'n afgeleë plaas aangebied om te rus en te herstel. Die dag voor hulle geplande vertrek sak skielik die vyand op hulle toe, 'n skermutseling ontstaan, twee word gedood, 'n ander gevang, die res kon ontvlug. Vanaf 'n koppie kon hulle die brandende huis sien. Wat het gebeur? 'n Volksgenoot het hulle verblyfplek aan die vyand verraa!!

'n Afrikaanse weekblad lê voor my, en ek verdiep my in die beskrywing van een van generaal De Wet se kordaatstukke. Ek lees: „Omdat daar nog 'n verraaier in die Boerelaer was, kon generaal De Wet geen blyk van sy planne gee nie. Daarom het hy eers in die rigting van Winburg beweeg.” Die skrywer meld nie of die verraaier later ontmasker is nie; persoonlik hoop ek hy het sy verdiende loon, 'n koeël deur sy swart hart, ontvang.

Ons geskiedenis maak telkens melding van verraad: verraad op groot en op klein skaal; verraad gepleeg om 'n eie vel te spaar ten koste van 'n ander; verraad ter wille van materiële voordele of van prestige of van witvoetjie soek by die vyand; verraad as uiting van wraak teenoor 'n volksgenoot. Wie onthou nie die duisende „hensoppers” en „National Scouts” van vyftig jaar gelede nie, wat onder die gemeenste en berugste vyande van die Afrikanerdom getel het? Praat met die oumense oor hierdie skuim en afsaksels van ons volk, en u sal besef watter skade hulle berokken en watter haat hulle verwek het!

Party van u mag sê: „Dit is uit die verlede; eenwording het plaasgevind, 'n vrye volk, vry ook van verraaiers, het ontstaan!” Glo u dit van harte? Onwillekeurig gaan my gedagtes terug na die interneringskampe Leeukop, Ganspan, Koffiefontein, kladder in die geskiedenis van ons vaderland. **En wie was die geïnterneerdes?** Dit was Afrikaners! Afrikaners wat geen heil gesien het in die verknegting van 'n stamverwante, vriendskaplike volk nie! Afrikaners wat nie bereid was om nog 'n Britse oorlog te ondersteun nie! Manne wat gekant was teen die „seëning” van die Russiese wapens deur die veldmaarskalk en bevrees was vir die versterking van die

Kommunisme en die daaruitspruitende gevare vir hulle eie volk! En hoe reg hulle was en hoe verkeerd die holistiese generaal, toon die krisis waarin die hele blankedom nou verkeer! Afrikaners wat gehoop het dat ook vir hulle volk die daeraad van volle vryheid aanbreek!

Gedurende my internering het ek baie geleentheid gehad om met kamerade te gesels oor hulle ervarings voor internering. Hoe dikwels het hulle agter die draad beland weens „verklarings” deur volksgenote, ja, selfs deur die van beweerde kamerade, met ander woorde, deur verraad. Watter onsekerheid is nie veroorsaak in nasionaalvoelende kringe deur „Waarheidsriddertjies” van ons eie vlees en bloed nie. Treffend vir my was ook gedurende my verblyf in die polisie-selle te Pretoria die talle vermanings op die selmure geskryf deur gevange Afrikaners: „Moenie verklarings maak nie!” „Wees getrou.” „Hou moed en hou jou bek!” Telkens ’n oproep aan elke Afrikaner om tog getrou te wees en te bly, om nooit en nimmer verraad te pleeg nie!

Uit voorafgaande mag u die indruk kry dat ek neerslagtig is; dat ek dieselfde mening huldig as ’n goeie kameraad wat in ’n bittere en neerslagtige bui eendag in die kamp aan my gesê het: „Man, ons Afrikaners sal nooit iets kan uitrig nie, daar is te veel verraaiers onder ons volk.” Nee! en duisendmaal nee! ’n Volk met ’n geskiedenis van die Groot Trek, Bloedrivier, twee vryheidsoorloë en ’n derde een wat hy nou besig is om sonder kanonne en gewere te voer en waarin hy van uiteindelijke oorwinning verseker is, is ’n trotse, lewenslustige, begaafde volk wat nie sy kop hoef te buig nie. Verraad het hom wel al baie skade berokken en hom van sy bestes laat verloor maar kan hom nie laat verswelg nie. Elke volk het sy verdwaaldes — sy verraaiers — veral vervolgte en oorheerste volke soos ons s’n. ’n Volk bestaan uit mense, en die **kwaliteit** van daardie mense is natuurlik nie dwarsdeur dieselfde nie. Naas die karaktervolle trotses, nasionaalvoelendes, idealistiese, onverskrokke vegters vir hulle volksideale, onbuigbare en fanatieke gelowiges in die toekoms van hulle volk is daar ook die karakterloses, die minderwaardiges en die swakkes, vir wie enige stryd te veel is; die selfsugtig, materieel ingestelde tipe vir wie eie voordeel op enige gegewe tydstip deurslaggewend is; wat volksentiment alleen te kenne gee wanneer dit „betaal.”

Dit is uit daardie wat die karakter betref swakker groep, behep met ’n minderwaardigheidsgevoel, wat sy eie volk se tradisies en instelling minag en, meestal weer uit ’n vreesgevoel, die vyand se sterkte, sy instellings en tradisies aanbid, dat ’n volk se „hensoppers,” „National Scouts” en dergelyke verraderlike subjekte aangevul word.

Afgesien van die bestaande natuurlike verskille in die kwaliteit van die mense wat ’n volk vorm, is dit egter die

tydsomstandighede wat die deurslaggewende rol speel en wat die teelaarde skep vir verraad. Gedurende rustige tydperke in 'n volk se lewe, vry van bedreiging deur sterk vyande, vloei sy swakker elemente grootliks ongemerk en onopvallend in die volkstroom mee. Die gemeenskap is dan ook by magte om desnoods anti-sosiale neigings te beheer en te bestraf. In krisistye egter, wanneer bedreiging of daadwerklike oorrompeling deur 'n vyand geskied, ontstaan geleenthede vir die minderwaardiges om hulle drifte vrye teuels te gee. Hulle persoonlike voordele na te streef onbelemmer deur 'n nasionale gewete, wat hulle tog nooit besit het nie. 'n Volk se kragte is op verdediging na buite gespits, en hy is nie by magte om hulle in toom te hou of uit te wis nie. Ook besef die vyand die waarde van „hulp van binne,” van verraaiers, en is bereid om te betaal òf in klinkende munt òf deur beloftes van die toekenning van posisies en „eerbewyse,” beskerming, en dies meer. Die teelaarde is geskep, „verraad,” hoewel nie so genoem nie, word outomaties die leuse vir 'n deel van die volk se minderwaardiges! Nou is dit hulle kans om te oes; om bure te beskadig, uit te lewer of te verneder, om vyandslof of geld te verdien as „National Scouts;” beskerm deur die vyand alhoewel gehaat en verag deur hulle eie volk! Laasgenoemde skeel hulle egter min, ware eergevoel het hulle nooit besit nie.

As ons nou ons volk se geskiedenis aanskou met sy meer as honderdjarige stryd om selfbestaan, om vryheid en onaf hanklikheid, wie kan loën dat daar gulde geleenthede vir verraad was? Met inagneming egter van die prestasies behaal teen barbaar en Brit, behaal op die gebied van die uitbouing en handhawing van die Westerse beskawing in Suid-Afrika, die behou van rasseluiwerheid en die skepping van 'n eie bodemvaste kultuur, moet ons erken dat ook verraad hom nie kon neervel nie! Maar wie weet nie van die lyding en bitterheid wat dit veroorsaak het nie? En daarom durf ons nie die kanker van verraad oor die hoof sien nie; nie verontagsaam as iets wat „maar moet wees” nie; iets wat ons volk ongestraf moet aanhou verduur nie! Nog verkeer ons in 'n stryd om ons ideaal „dat vrije, vrije volk zijn wij” te verwesenlik. Wat dalk ons grootste beproewing mag wees, die onverbiddelike stryd teen die Kommunisme, staan voor die deur. Wie oplettend die teenswoordige toestand gadeslaan, sien al verraaiers hulle koppe uit die kommunistiese moeras steek! Die skade in die verlede aan die volksaak en individue aangerig, die gevoel van haat en diepste veragting in die volksgemoed verwek teenoor verraaiers in ons midde, is te welbekend, te diep in die volksiel ingebrand om gou vergeet te word. Durf ons dit ooit vergeet? Is dit nie dieselfde tipe wat binnekort as potensiele handlangers vir die kommuniste gereed staan nie? Teen gewone misdadigers tree die wet op; op watter gronde mag verraaiers van eie vlees en bloed ongestraf woeker? Geskiedkundige

omstandighede het wel al te dikwels ons volk die mag ontnem om handelend op te tree; dit is so terneergedruk, verswak en met wanhoop vervul dat bestrawwing van volksverraaiers onmoontlik was. Behoort hierdie regmatige funksie nie aanvaar en stappe gedoen te word om verraad te straf waar en wanneer dit gepleeg is en as dit weer êrens sy kop uitsteek nie? Behoort op 'n aangewese tyd gevalle van verdagte verraad nie ondersoek en, indien bewese, gestraf te word nie? Hoe klein of hoe groot die misdaad, of hoe lank gelede, mag 'n ondersoek nie verhinder nie. Behoort die beleid van „vergewe en vergeet” teenoor 'n verraaier nie verwerp te word nie? Laat hom besef dat hy ongewens is in 'n gemeenskap van ordentlike burgers; niemand moet sy vriendskap soek, of sy onderneming ondersteun nie; laat hom daardeur en op ander maniere besef dat hy 'n uitgeworpene is. Doelbewus en deeglik toegepas is dit 'n magtige wapen; dit sou as straf dien vir die skuldige en as waarskuwing vir diegene wat die erns van die misdaad nie besef nie. Dit is na die Engelse Oorlog toegepas in party gevalle van „National Scouts,” ongelukkig nie konsekwent in alle gevalle nie! Sou dit gedoen kon gewees het, sou dit die Afrikanerdom baie lyding in 1914—1918 en 1939—1946 bespaar het. Verraad het al baie wrange vrugte afgewerp. Hierdie kanker behoort met wortel en tak uitgeroei te word, terwille van ons volk!

H. Graf.

AAN DIE RENEGAAT*

Verraaier! teen jou sal my aanklag gaan
in die taal wat jy minag maar suiwer verstaan.
Eens en vir altyd moet jy dit weet:
Jy is die oorsaak van naamlose leed,
'n kanker wat knaag aan my nasie se siel,
die skurk wat hom trap met jou duiwelse hiel.

Aanloklike skitter van wêreldse goud —
Mammon se prys — het jou liefde verkoud,
versteen jou karakter, ontrowe jou krag
om jou erfreg te eer en verraad te verag;
en met skynvroom gelaat op jou moordenaarspad
het jy, valsaard, verkies om jou volk te beklad.

Deur 'n skaamt'loos-gemene, besoedelde strewe
is jou hinderlaag-hart met die lokaas vergewe
van addergifkieme uit vyandige oord,
wat vuil laster gebaar het en laag broedermoord.
Jou gewete het jy tot 'n ashoop versmeul
om aan dwingelandsafgod jou siel te verheul.

* Tydens internering gedig. (Red.)

Maar luister, Iskariot, vuigste verraaier!
 Jy, roepingsveragter en sede-versmaaier!
 As jy lankal sal wees waar die renegaat hoort,
 heers nog walging oor jou in ons binneste voort.
 Die vonnis, gevel oor jou ereverkrating,
 is die vlammende vuur van ons haat en veragting.

Alles wat nobel was, het jy ontheilig;
 jou tydige einde alleen laat ons veilig.
 Spreek anders die sterfhuis van smarte en lyding —
 jou sterfplek word ons monument van bevryding.
 Al betreur ons jou nutteloos lewe op aarde,
 bring jou doodstonde eenmaal geseënde waarde.

Gevoellose, gierige Satanstrawant!
 Jy! wat volksglorie vir wellus verpand
 en harteloos grynsend nog alsem beskink
 as ons verknegting se lydingskelk drink;
 troueloos-lae, lafhartige smet,
 wie sal jou ramspoedsbestemming belet?

Vir bloed van jou bloed en vlees van jou vlees
 was jy 'n valstrik en galgstrop gewees.
 Om moeders en dogters van rein-fiere deug
 met edik te hoon, het jou beestelik verheug;
 maar jou leedvermaak het, oor hul lamfer en pyn,
 jy onheilig ontveins met onskuldige skyn.

O! monster van boosheid en slangevenyn,
 wat willoos voor renegaatsdreggod verkwyn!
 'n Hond selfs bly trou aan sy skeppingsnatuur,
 maar vir jou was die Skepper se opdrag te duur:
 Jou misvormde gees soos 'n kuil van verrotting
 het eiendomsadel vervloek met bespotting.

In 'n lydings-Getsémane, donker van stryd,
 alleen, moes ons veg teen geweldenaarsnyd.
 Op 'n Golgotha swart is jou bloedvolk verguis
 onder doringkroon-smaad aan vernederingskruis . . .
 En jy, handlanger, Judas, het eerloos help bou
 aan die martelingshel van jou nasie se rou!

Dis 'n heiligdom groots waar ons wyd-stille velde
 die gebeentes oordek van ons roemryke helde.
 Maar, deuglose skandvlek en agteraf sluiper,
 melaatsgevreesde, onrein onderkruiper,
 sou die vaderlandsbodem, as jy eens moet sterf,
 bereid wees of trots om jou oorskot te erf?

Verhewe was jy bo ons smeking en nood —
 ver wag jy ons hulde en lof by jou dood?
 Mag 'n verraadsgedenksrif jou grafsteen ontsier:

„'n Wreedard lê hier, 'n skender, 'n dier.
Vir sy volksgenoot het hy 'n pynbank vervaardig.
Sy roemlose naam is vermelding onwaardig.”

En as jy eens voor Gods heilige regbank verskyn,
waar bedrieglike waan voor Sy witglans verdwyn
as Sy soeklig ontbloom jou veraadskuld en -skande,
pleit dan nog onskuldig by die bloed aan jou hande!
Dog onthou: Soewerein is Sy septer en kroon,
wat die feilloose regspraak verseël voor Sy troon.

* * *

Maar, ewige Regter, ons beoordeel slegs sy dade.
Gun U tog dié genadelose se siel, U genade . . .
En, God van ons vaders, laat afskrik in ons woon
van 'n daad wat die volk van ons moeders verloën.
Skenk onkreukbare trou; wil erbarmend ons seën
met LIEFDE wat ontrou met HAAT sal bejeën.

J. J. Fick.

IN MEMORIAM

WIE sy gedagtes terugneem na die berigte in die pers gedurende die oorlogsjare en selfs kort daarna, voel nog hoe in-seer dit die hart gemaak het as telkens die nuus gekom het van een of ander onbekende — en hoe goed bekend was so 'n persoon inderdaad nie? — wat heengegaan het, verongeluk is, doodgeskiet is, jare lank in gevangenis en kampe gely het. Ons het hulle beter geken as wat ons gedink het, want hulle was lede van 'n eie volk: hulle was besield met dieselfde gees om slegs ten volle hulself te wees, met eie regte; deur hulself te wees en daarvoor te offer het hulle 'n pas geloop waarop hulle ook ander wou laat gaan en 'n hele volk wou besiel om ook hulself te wees.

Vanaf die Eerste Wêreldoorlog, toe sulke bekende figure ook offers moes wees op die pad van Suid-Afrika, het ons daaraan gewoon geword om te offer, want ons het geleer: sonder offers kom daar geen wasdom nie. Dink aan sulke manne soos genl. C. F. Beyers, genl. Koos de la Rey, Jopie Fourie. Saam met hulle het daar baie, baie gesneuwel, onbekendes wie se grafte jou nou en dan dwing om jou hoed te lig en diep in gedagte te staan. In plaas van rou en droefenis is dit of 'n mens se bors swel van regmatige trots dat God aan ons volk so iets gegee het as 'n vryheidsideaal en dat dit deur hierdie manne uitgeleef is. Hulle het die roep gehoor en toe geantwoord: Wat God gegee het mag niemand ongestraf wegneem nie. Spontaan het die daad gevolg, sonder nadenke oor die gevare, lewensgefare vir hulself of hul dierbares.

Ander sou sê dit is die mees onbesonne daad wat gedoen kan word. Ja, dit is; maar dit is die hart wat smag na die

edelste en diepste wat nooit wik en weeg nie. Nadenke sou laat huiwer en terugdeins, kan selfs 'n lafaard maak; maar die hart wat ingestem is op die suiwere klanke van vryheid, reageer spontaan en met krag en bring helde voort. Hierdie mense sal nooit op 'n ander plek gevind word as by hulle eie mense nie en midde in die stryd.

Daar is al só baie sulke onbesonne daade gedoen in ons volksgeskiedenis. Immers, die koms van Jan van Riebeeck was die mees onbesonne daad in die geskiedenis van ons volk. En toe die eerste vryburgers die binneland gaan beset het en altyd verder ingetrek het, hulle moes handhaaf teen swart stamme in hul duiende, in opstand gekom het teen die Engelse oorheersers met sy swart omgang en 'n Slagtersnek-rebellie begin het as protesdaad — kan u u iets meer onbesonnens indink? Die hele Groot Trek was 'n onbesonne daad, ook die daad van Piet Retief om met 'n klein groepie manne te gaan onderhandel met 'n barbaarse tiran. So was ook Dingaansdag, om slag te lewer teen so 'n groot oormag. Paul Kruger se daad om die grot van Makapan binne te gaan en alleen tussen die swartes te gaan staan — wat 'n onbesonnenheid? Wat sou u sê van die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë as u hulle met die verstandsmaatstaf moet meet?

Die mooie is dat van al sulke onbesonnenhede daar monumente opgerig word. Ook by ander volke staan vir sulke daade monumente as simbole van ons hulde. Onthou ons dan nie vir Jeanne D'Arc, Florence Nightingale, Luther en Calvyn en in ons eie land Paul Kruger, die vroue en kinders in die konsentrasiekampe, Dirkie Uys, Danie Theron, Christiaan de Wet en soveel meer nie? Juis omdat hulle nie gewik en geweeg het nie maar spontaan hul koers, hul roeping en taak gesien het, is hulle helde. Gaan kyk na ons monumente, gaan kyk na die uit klip gebeitelde friese by die Vrouemonument, by die standbeeld van president Kruger en in die heldesaal van die Voortrekkermonument, en voor u geestesoog gaan taferele verby uit 'n volksgeskiedenis wat verewig is, en hulle is almal van die onbesonnenhede wat uit die hart opkom en gekenmerk is deur innerlike oortuigtheid, besieling van beginsels en ideale, roepingsgeloof, vryheidsliefde, dappere vertroue en daadkrag. Hieruit put 'n volk besieling, inspirasie vir die nageslag.

In die afgelope oorlog het ons weer gelees van hierdie offers wat gebring moes word. Dit was in die meeste gevalle nie bekende name nie, gewone burgers was hulle, maar dit maak hul daade nie minder inspirerend nie. In die wese van die saak is dit dieselfde protesnoot as wat ons deur ons geskiedenis heen hoor. Ek wil nie oor hul daade skryf nie; net maar aan die vergetelheid ontruk en 'n nederige IN MEMORIAM skryf.

Soveel is onseker oor hul onmiddellike dryfvere dat 'n mens dit alles slegs in die groot perspektief kan en wil sien. Wat ek glo, is dat hulle die ideaal uit die verlede raak gevat het en daarmee besiel is. Dan redeneer 'n mens nie oor die kleinere

besonderhede en oor wat die uitvloeisel van hulle daad kon wees nie; 'n mens sien alleen maar die daad wat soos donder slaan.

Ons noem name waarvan ons kennis dra. Ook die ander van wie ons nie weet nie maar wat ook hul lewe gegee of dit as gevolg van ontberings en lyde verloor het, sluit ons in hierdie gedenkwoord in. *

Hendrik Erasmus is op sy ouerplaas deur speurders doodgeskiet toe hy homself probeer red het uit hul omsingeling. Hierna het sy broer, Doors Erasmus en Kalie Theron weerwraak probeer neem en 'n poging aangewend tot treinontsporing. Dit het misluk, en hulle is deur die ontploffing gedood.

Ons mag noem die dood van Jensen, wat uit die Duitse interneringskamp wou ontsnap en deur 'n Kleurlingsoldaat doodgeskiet is.

Barry Pelser, die 17-jarige politieke gevangene, het na sy ontslag uit die gevangenis duidelike blyke gegee dat sy sielelewe ontwrig is. Kort hierna het hy in Pretoria in botsing gekom met die polisie en is doodgeskiet.

Daar is nog ander wat as gevolg van ontbering in die gevangenis en van sielontwrigting in die kamp nie weer die koers kon kry in die gewone lewe nie. Johan Brits het 'n maand na hy uit die kamp ontslaan is, gesterf, en Johan Botha soos ook ander persone, het kort na sy ontslag, geestelik ontwrig, die hand aan sy eie lewe geslaan. Ander het onder die skaduwee van die dood geruime tyd geleef en waarlik duisende dode gesterf voordat die vonnis versag is.

Daar is baie ander wat vir langer en korter tydperke opgesluit is en dwangarbeid moes verrig. Ek het hulle besoek, hierdie manne wat saam met misdadigers dieselfde lot moes deel. Sommige van hulle moes 'n totale straf van tot twintig jaar ondergaan. Daar was eintlik van vryheid vir hulself geen sprake nie, en tog was hulle oortuig dat hulle optrede geregverdig was, in belang van vryheid gedoen is. Dit was edel jongmanne, en ek het hulle gevind waar hulle nie tuis hoort nie en nie tuis was nie.

Net 'n kort woordjie oor wyle Johannes van der Walt, die bekende volkskampioenstoeier, wat ek persoonlik goed geken het. Hy was 'n bekende by almal vanweë sy verbasende krag en innemende nasionale simpatie. Miskien kan sy lyde 'n simbool wees van ons volkslyde en sy verlossing van ons volks triomf.

Johannes is op 17 Desember 1941 deur speurders gevange geneem in sy woning. Die aanklag teen hom was dat hy 'n ongelisensieerde pistool en 'n paar patrone besit het. Dit was duidelik dat hy gesoek is om, kom wat wil, gevange gehou te

* Op bladsy 42 verwys dr. J. F. J. van Rensburg na die geval van konstabel Steyn. (Red.)

word; en al is hy onskuldig, sal hy as onskuldige moet boet net omdat sy naam bekend en bemind was onder Afrikaners. Johannes self het gesê: „Ek is trots dat ek na my lig ook in die kleinste vir nasionaal-Suid-Afrika alles veil gehad het. As dit strafbaar is, dan is my internering geregverdig . . . Dit is die noodlot van die Afrikaner om vir sy ideaal te ly en te stry. Ek is nie bang vir die lyding nie; vir die stryd ook nie.”

Op 22 Desember 1941, nadat die sogenaamde saak teen hom die dag weer 'n week uitgestel is (want kyk, dit was mos die ergste leed dat die sake nie end kry nie en dat jy maande lank opgesluit kan word net om elke week vir die skyn voor te kom) het Johannes uit die selle van Marshallplein ontsnap.

Op 23 Februarie 1942 het 'n kordon polisie die plaashuis op Rietfontein, distrik Krugersdorp, omsingel, waarbinne Johannes was. Dit was in die vroeë oggend en nog donker buite. Toe Johannes mense buite hoor, wou hy deur die venster ontsnap, maar 'n koeël uit een van die pistole het hom noodlottig in die rug getref. Maande lank het hy in die Johannesburgse hospitaal met die dood geworstel, en uiteindelik is hy na sy woning terug, sonder dat daar enige hoop op herstel was. Nadat hy sodanig uitgeteer het dat die reus van oor die 200 pond slegs 80 pond geweeg het, het hy heengegaan.

Op Sondag, 28 Maart 1943, is hy begrawe. 'n Volle jaar lank het sy bitter lyde geduur. Op sy grafsteen in Johannesburg staan nog die woorde van prof. J. C. van Rooy wat hy gebesig het met die begrafnis: Hy het geval op die Pad van Suid-Afrika.

IN MEMORIAM — ter herinnering — met 'n eresaluut daarby! Die hoogste het hulle nie te groot geag om te gee vir die vaderland nie.

S. P. van der Walt.
